

**Die rol van die vertaler as kulturele bemiddelaar: die Afrikaanse Harry Potter as
gevallestudie**

Anzette Zandberg

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad Magister Philosophiae in Vertaling
aan die Universiteit Stellenbosch.



Studieleier: Prof. A.E. Feinauer

Maart 2009

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 16 Februarie 2009

Kopiereg © Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Opsomming

J.K. Rowling se Harry Potter-reeks is die nuutste populêre toevoeging tot vertaalde Afrikaanse kinderlektuur. Alhoewel hierdie reeks 'n tweeledige lesergehoor het, is die Afrikaanse vertaling primêr gerig op jong Afrikaanssprekende kinders wat nog nie Engels magtig is nie, of wie se Engels nog te gebrekkig is om die bronteks self te lees en verstaan. Vertaling vir kinders stel spesifieke eise aan die vertaler. Een van hierdie eise is naamlik om tydens die vertaalproses besluite te maak wat die kinderleser se beperkte kulturele ervaring en gebrekkige wêreldkennis in ag neem, deur nie net bloot as 'n agent vir sinoniemoordrag op te tree nie, maar die rol van 'n kulturele bemiddelaar in te neem wat gapings tussen die bron- en die doelkultuur oorbrug en as sodanig verantwoordelik is vir suksesvolle interkulturele kommunikasie.

In hierdie studie word die kultuur-bemiddelende rol van die vertalers van die Afrikaanse Harry Potter-boeke, naamlik Janie Oosthuysen en Kobus Geldenhuys, ondersoek in 'n vergelykende studie van die doeltekste *Harry Potter en die beker vol vuur* en *Harry Potter en die halfbloed prins*. 'n Funksionalistiese vertaalbenadering met spesifieke klem op vertalerlojaliteit word voorgestel. Hierdie benadering vereis dat die vertaler beskik oor genoegsame agtergrondkennis ten opsigte van sowel die bron- as die doelkultuur, die funksies wat albei tekste in hulle onderskeie kulture verrig, en die reeks vertaalstrategieë waaruit die vertaler kan kies tydens die vertaalproses. Die vertaler behoort terselfdertyd te waak teen die onetiese misleiding van die doelteksleser.

'n Deskriptiewe metodologie word gevolg om die afwesigheid van konsekwente vertaalnorme en 'n weldeurdagte vertaalstrategie uit te lig wat in die doelteks, weens die kulturele afstand tussen die bron- en die doelkultuur, kan lei tot verwarring vir die jong Afrikaanse leser.

Abstract

J.K. Rowling's Harry Potter series is the latest popular addition to translated Afrikaans children's literature. Although these books have a double readership, the Afrikaans translations are primarily aimed at young Afrikaans children who either can't speak English, or whose English is too poor to understand the original text on their own. Translating for children makes specific demands on the translator. One such demand involves the choices the translator is forced to make during the translation process by taking into account the child reader's limited cultural experience and world knowledge. This implies that the translator cannot translate automatically by merely transferring synonyms from one language to another, but should take on the role of a cultural mediator who bridges the gaps between the source and the target cultures and takes responsibility for successful intercultural communication.

This study investigates the culturally mediating role of the Afrikaans translators, Janie Oosthuysen and Kobus Geldenhuys, in a comparative study of the target texts, *Harry Potter en die beker vol vuur* and *Harry Potter en die halfbloed prins*. The proposed translation method is a functionalist approach with loyalty. According to this approach, the translator should have a thorough background knowledge of both the source and target cultures and the functions these texts perform in their respective cultures, as well as the range of available translation strategies for a specific translation situation. Care should also be taken not to mislead the target reader.

A descriptive methodology is followed, pointing out the absence of consistent translation norms and a well-planned translation strategy in both target texts, thus increasing the cultural divide between the source and the target cultures which could confuse the young Afrikaans reader.

Dankbetuigings

Hiermee my opregte dank aan:

My studieleier, professor Ilse Feinauer, vir haar leiding.

My ouers vir die geleentheid wat hulle my gebied het.

John vir sy begrip en toegewyde ondersteuning.

My Hemelse Vader vir krag en insig.

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Probleemstelling en agtergrond

1.1 Inleiding	1
1.2 Hipotese	2
1.3 Probleemstelling	3
1.4 Doel van die studie	4
1.5 Metodologie.....	4
1.6 Hoofstukindeling.....	5

Hoofstuk 2: Literatuurstudie

2.1 Inleiding	6
2.2 Kultuur	8
2.2.1 'n Definisie van kultuur.....	8
2.2.2 Hall se drieledige siening van kultuur	10
2.2.2.1 Die drieledige model van kultuur	11
2.2.3 Kultuur as 'n kognitiewe model van die wêreld	12
2.2.4 Die Sapir-Whorf hipotese	14
2.2.5 Die kulturele bemiddelaar	15
2.3 Vertaling en die kulturele wending	16
2.3.1 Itamar Even-Zohar se polisisteamteorie	18
2.3.1.1 Die konsep "sisteam".....	18
2.3.1.2 Die literêre polisisteam.....	19
2.3.1.3 Die posisie van vertaalde tekste in die literêre polisisteam.....	19
2.3.2 Deskriptiewe vertaalstudies.....	20
2.3.2.1 Die ontwikkeling van deskriptiewe vertaalstudies.....	20
2.3.2.2 Toury se metodologie vir deskriptiewe vertaalstudies.....	22
2.3.2.3 Toury en vertaalnorme.....	23
2.3.2.3.1 Die sosiale aard van norme.....	23
2.3.2.3.2 Toury se drievoudige model van vertaalnorme.....	24
2.3.3 Die Manipulasiegroep.....	26
2.3.3.1 André Lefevere en die manipulasie van literêre tekste.....	28

2.3.3.2 Die patronaat as manipulerende invloed.....	29
2.3.3.3 Poëtika as manipulerende invloed.....	30
2.3.3.4 Taal en die universele diskoers as beperkende faktore.....	30
2.3.3.5 Die manipulerende invloed van die vertaler.....	31
2.3.4 Die funksionalistiese benadering tot vertaling.....	32
2.3.4.1 Justa Holz-Mänttari en die teorie van vertaalhandeling.....	33
2.3.4.1.1 Vertaling as 'n vorm van interpersoonlike, doelbewuste interaksie.....	34
2.3.4.1.2 Die vertaalsituasie.....	35
2.3.4.1.3 'n Analise van die rolspelers betrokke by die vertaalhandeling.....	35
2.3.4.1.3.1 Die opdraggewer.....	35
2.3.4.1.3.2 Die rol van die vertaler.....	36
2.3.4.1.3.3 Die rol van die bronteksprodusent.....	36
2.3.4.1.3.4 Die doelteksontvangers.....	37
2.3.4.2 Hans Vermeer en Skoposteorie.....	37
2.3.4.2.1 Intratekstuele en intertekstuele koherensie.....	39
2.3.4.2.2 Die belang van die vertaalopdrag.....	40
2.3.4.2.3 Die rol van bronteksanalise.....	41
2.3.4.3 Nord en die vertaler se etiese verantwoordelikheid: lojaliteit	42
2.4 Samevatting.....	43

Hoofstuk 3: Buitetekstuele, paratekstuele en makrostrukturele analise van die Afrikaanse Harry Potter

3.1 Inleiding.....	45
3.2 Uitleg van die model vir vertaalanalise.....	46
3.3 Buitetekstuele analise: die vergelyking van die bron- en die doelteksprofiel.....	47
3.3.1 Die bronteksprofiel.....	48
3.3.1.1 Die voorgenome teksfunksie(s).....	48
3.3.1.2 Die voorgenome bronteksontvangers.....	49
3.3.1.3 Die voorgenome tyd en plek van ontvangs.....	50
3.3.1.4 Die medium waarin die teks oorgedra word.....	50
3.3.1.5 Die motief vir die produksie en ontvangs van die teks.....	51
3.3.2 Die doelteksprofiel.....	52
3.3.2.1 Die voorgenome teksfunksies.....	52

3.3.2.2 Die voorgenome doelteksontvangers.....	53
3.3.2.3 Die voorgenome tyd en plek van teksontvangs.....	54
3.3.2.4 Die medium waarin die teks oorgedra word.....	54
3.3.2.5 Die motief vir die produksie en die ontvangs van die teks.....	55
3.4 Paratekstuele elemente.....	58
3.4.1 Die titel.....	60
3.4.2 Die voorblad.....	61
3.4.2.1 Voorbladanalise: <i>Harry Potter and the goblet of fire</i> en <i>Harry Potter en die beker vol vuur</i>	62
3.4.2.2 Voorbladanalise: <i>Harry Potter and the half-blood prince</i> en <i>Harry Potter en die halfbloed prins</i>	64
3.4.3 Die titelblad.....	66
3.4.4 Die flapteks.....	67
3.4.5 Beoordeling van die geskiktheid van die doelteksvoorblaaie vir die doelkultuur	70
3.4.6 Koherensie tussen voorbladillustrasie en flapteks.....	71
3.5 Makro-analise.....	72
3.5.1 Algemene teksstruktuur.....	73
3.5.2 Vertaalstrategie.....	73
3.5.2.1 Venuti en die onsigbaarheid van die vertaler.....	75
3.5.3 Temas.....	77
3.5.4 Milieu.....	79
3.5.5 Karakterisering.....	82
3.5.6 Eufemistiese taalgebruik.....	85
3.5.7 Eksplisering in die doelteks.....	87
3.6 Samevatting.....	88

Hoofstuk 4: Mikrostrukturele analise van die Afrikaanse Harry Potter

4.1 Inleiding.....	89
4.2 Pragmatiese vertaalprobleme.....	89
4.2.1 Kultuurgebonde terme.....	90
4.2.2 Literêre verwysings.....	96
4.2.3 Uitheemse tale in die doelteks.....	97
4.2.4 Argitektuur, meubels, kleredrag en objekte.....	98

4.2.5 Kos.....	100
4.2.6 Flora en Fauna.....	103
4.2.7 Eiename.....	106
4.2.8 Plekname.....	109
4.3 Teksspesifieke vertaalprobleme.....	110
4.3.1 Woordspel.....	110
4.4 Interkulturele vertaalprobleme.....	112
4.4.1 Tradisies en oorgelewerde gebruike.....	112
4.4.2 Aanspreekvorme.....	114
4.4.3 Maatname.....	117
4.5 Samevatting.....	118
Hoofstuk 5: Gevolgtrekking	
5.1 Inleiding.....	120
5.2 Die rol van die vertaler in die vertaalhandeling.....	120
5.3 Die rol van die opdraggewer in die vertaalhandelings.....	122
5.3.1 Vertaalfoute.....	123
5.4 Voorstelle vir verdere studie.....	125
5.5 Samevatting.....	126
Literatuur.....	128
Bylaag A.....	135
Bylaag B.....	136
Bylaag C.....	137
Bylaag D.....	138

Hoofstuk 1: Probleemstelling en agtergrond

1.1 Inleiding

Vertalings speel 'n integrale rol in kinderliteratuur. Bekende kinderverhale soos dié van *Die avonture van Pinocchio*, *Heidi*, *Pippie Langkous*, *Alice se avonture in Wonderland* of selfs die sprokies van Hans Christian Andersen en die Grimm broers sou vir ons verlore wees sonder hulle vertalings (Ghesquiere 2006:20) en J.K. Rowling se Harry Potter-reeks is die nuutste populêre toevoeging tot vertaalde Afrikaanse kinderlektuur.

Rowling se Harry Potter-reeks spreek tot 'n tweeledige lesergehoor, met kinders as die primêre en volwassenes as die sekondêre lesers. Omdat volwasse Afrikaanssprekendes die Engelse brontekste sonder moeite kan verstaan en interpreteer, is die Afrikaanse vertalings van die Harry Potter-reeks hoofsaaklik gerig op jong kinders wat nog nie Engels magtig is nie, of wie se Engels nog te gebrekkig is om die Engelse brontekste self te lees en verstaan (sien ook Bedeker 2004:44). Hierbenewens lees ouers ook graag hardop uit boeke vir hulle kinders voor (Ghesquiere 2006:21) en die ouer is hier dus ook 'n sekondêre leser.

Die leesproses is spesifiek belangrik in kindervertaling. Frank (2007:15) meen:

"Translators of books for children are reading for a specific audience. If there is indeed a specific kind of reading for translation that is undertaken by the translator in a more deliberate and thorough manner than by the intended reader, then emphasis on a process-oriented approach to translation that privileges the way translators read for children is to be expected. This suggests that translators are more focused on their target readers than on the author/narrator of the source text".

Die vertaler moet op grond van 'n interpretasie en aan die hand van 'n weldeurdragte vertaalstrategie 'n doelteks produseer wat die doeltekslesers kan verstaan en geniet en dit word vermag deur die voorgenome doeltekslesers in gedagte te hou tydens die vertaalproses. Op hierdie manier bemiddel die vertaler bronteksgegewens deur uiters

selektief te werk te gaan en bronteksinformasie te omvorm vir nuwe lesers (die doeltekslesers) in 'n nuwe kultuur (die doelkultuur) (Frank 2007:115). Sodoende behoort die doelteks maklik lees- en verstaanbaar vir die voorgename doeltekslesers te wees.

Die Russiese filosoof en voorsteller van die idee van dialogisme in literêre studies, Mikhail Bakhtin, het voorts die volgende te sê oor die leesproses:

"At any given time, in any given place, there will be a set of conditions - social, historical, meteorological, physiological - that will ensure that a word uttered in that place and at that time will have a meaning different than it would have under any other conditions" (Ghesquiere 2006:37).

Dit is veral waar in vertaling. Om woorde buite hulle oorspronklike konteks te interpreteer sal veroorsaak dat die boodskap verwring of selfs sinneloos word, want woorde is altyd in 'n spesifieke tyd en plek geanker (Ghesquiere 2006:37) en dus ook in 'n spesifieke kultuur. Daarom moet die sosio-kulturele omgewing waarin 'n teks funksioneer en hierdie kultuur se norme en konvensies wat 'n invloed uitoefen op die vertaling altyd in ag geneem word, want:

"Translations occur in a given culture at a given time and are therefore embedded in a network of both source and target cultural signs" (Cascallana 2006:97).

Hierdie studie, gebaseer op beginsels uit die funksionalistiese benadering tot vertaling en aan die hand van twee Afrikaanse vertalings van J.K. Rowling se Harry Potter-reeks, dien om te bewys dat vertaling nooit in 'n vakuum geskied nie, maar altyd geanker bly binne 'n spesifieke sosio-kulturele konteks. Voorts behoort vertalers juis nie beskou te word as agente van sinoniemoordrag nie, maar eerder as kulturele bemiddelaars.

1.2 Hipotese

Die vertaler is 'n kulturele bemiddelaar en is as sodanig verantwoordelik vir suksesvolle interkulturele kommunikasie. Dit beteken dat die vertaler self ten volle bewus moet wees van die belangrike rol wat hy/sy vervul in die kommunikatiewe oordrag tussen twee kulture.

Hierdie studie ondersoek spesifiek in boeke 4 en 6 van die Afrikaanse Harry Potter-reeks, *Harry Potter en die beker vol vuur* en *Harry Potter en die halfbloed prins*, in welke mate die twee vertalers van die Afrikaanse Harry Potter-boeke bewus was van hulle rol as kulturele bemiddelaars tydens die vertaalproses en dien om te bewys dat albei vertalers hulle kultuur-bemiddelende rol teenoor die primêre doeltekslesers versaaak het.

Met hierdie studie wil die navorser bewys dat die vertaler se kultuur-bemiddelende posisie eers tot volle reg kom binne die funksionalistiese benadering tot vertaling. Vanuit 'n funksionele perspektief moet die vertaler beskik oor genoegsame agtergrondkennis oor die bron- en doekultuur, die funksies wat beide tekste in hulle onderskeie kulture verrig, asook die vertaalstrategieë wat tot die vertaler se beskikking is tydens die vertaalproses (Casallana 2006:97). Hieruit volg die tweede hipotese van hierdie studie, naamlik dat kennis oor vertaalnorme, basiese vertaalteoretiese beginsels en spesifiek die funksionalistiese vertaalteorie die vertalers in staat sou stel om 'n funksionele, toeganklike teks te skep wat byval sal vind by die doekultuurlesers.

1.3 Probleemstelling

Alle vertaalde tekste vervul 'n spesifieke kommunikatiewe rol in hulle onderskeie doekulture en om hierdie rede is die vooropstelling van weldeurdagte vertaalstrategieë 'n logiese vereiste. Nord (1991:11) meen:

"The translator is not the sender of the ST [source text] message but a text producer in the target culture who adopts somebody else's intention in order to produce a communicative instrument for the target culture, or a target-culture document of a source-culture communication".

Hierbenewens beskik elke kultuur oor 'n eie stel norme wat dikwels lei tot ingewikkelde vertaalprobleme tydens die proses van kultuuroordrag. As interkulturele ekspert moet die vertaler dus opgewasse wees vir die taak om kulturele struikelblokke in die bronteks te oorkom, ten einde 'n doelteks te produseer wat waarlik as 'n kommunikatiewe instrument dien in die doekultuur.

Voorts het die doelteksleser 'n implisiete vertrouwe in die vertaler om die oorspronklike teks se boodskap in die vertaling weer te gee. Die vertaler behoort dus nie net lojaal te wees teenoor die bronteks nie, maar ook teenoor die voorgenome doeltekslesers. Nord (1997a) se etiese beginsel van "lojaliteit" is hier ter sprake, naamlik waar die doelteksleser se leserverwagtinge in ag geneem word en 'n verhouding tussen twee mense impliseer, in teenstelling met die konsep "getrouheid" (*faithfulness*), waar dié verhouding heers tussen die bron- en die doelteksinhoud. Daarom is "lojaliteit" 'n etiese beginsel wat meebring dat die vertaler nooit die doelteksleser sal mislei nie.

Lojaliteit teenoor die leser of die gebrek daaraan tesame met die mate en metode van kultuuroordrag teenwoordig in die Afrikaanse Harry Potter-boeke vorm die probleemstellings in hierdie studie.

1.4 Doel van studie

Die doel van hierdie studie is om te toon hoe interkulturele kommunikasie belemmer word of soms heeltemaal kan misluk weens die gebrek aan 'n kultuur-bemiddelende bewustheid aan die kant van die vertaler, waar vertaalstrategieë ook dikwels nie vooraf weldeurdag is nie. Vervolgens het hierdie studie ook ten doel om die idee van vertaalopleiding te bevorder as 'n vereiste in professionele vertaalpraktyk.

1.5 Metodologie

'n Kwalitatiewe, vergelykende studie word onderneem gebaseer op Toury se deskriptiewe vertaalstudies. Vanuit hierdie deskriptiewe perspektief word vertalings beskou as feite van die doelsisteem, met die uitgangspunt dat die doelkultuur dien as inisieerder van die vertaling en dat die vertaalproses as't ware gekondisioneer word deur die funksie wat die vertaalde teks moet verrig in die doelkultuur (Hermans 1985:19).

Hierdie studie is gegrond op basiese funksionalistiese beginsels en onderneem ook 'n studie van die buitetekstuele elemente waarin die bron- en die doelteksprofiel met mekaar vergelyk word. Die buitetekstuele analise dien as basis vir keuses rakende die uitvoerbaarheid van die vertaalopdrag en ook as inleiding vir die analise van paratekstuele elemente volgens Lambert en Van Gorp (1985) se model van deskriptiewe vertaalanalise (vir 'n uiteensetting van hierdie model, sien afdeling 3.2).

Lambert en Van Gorp het 'n hipotetiese skema ontwerp aan die hand waarvan vertalings prakties beskryf kan word en dit bevat die algemene beperkings op vertaalverskynsels soos saamgevat in Even-Zohar en Toury se polisisteemteorie. In hierdie model word daar eerstens gekyk na beskikbare inleidende data (in hierdie studie bespreek as paratekstuele elemente), soos te vinde op byvoorbeeld die voorblad, flapteks en die titelblad van die doelteks. Dit behels die sigbare aanbieding van die teks as 'n vertaling, al dan nie. Voorts word die makro- en die mikrostruktuur van die Afrikaanse Harry Potter-boeke onderskeidelik bestudeer ten einde te wys op die vertaler se versaking van sy/haar rol as kulturele bemiddelaar en aannames te staaf oor die vertalers se ondeurdagte vertaalstrategieë weens die afwesigheid van vertaalnorme.

1.6 Hoofstukindeling

Hoofstuk 2 behels 'n grondige literatuuoroorsig wat as teoretiese basis dien vir hoofstukke 3 en 4, waar hipoteses getoets sal word. 'n Definisie van kultuur word vooropgestel wat relevant is vir hierdie studie. Die assimilasië van die konsep "kultuur" in die veld van vertaalstudies word beskou binne die kulturele wending van vertaalteorie, wat teorieë oor die literêre polisisteem, die ontwikkeling van deskriptiewe vertaalstudies (DTS), teorieë oor die manipulasie van literatuur en uiteindelik ook die funksionalistiese vertaalbenadering, as gesamentlike produk van die kulturele wending van vertaalteorie, teweeggebring het.

In hoofstukke 3 en 4 word die praktiese analise van vertaalde tekste, *Harry Potter en die beker vol vuur* soos vertaal deur Janie Oosthuysen en *Harry Potter en die halfbloed prins* soos vertaal deur Kobus Geldenhuys, uiteengesit. Lambert en Van Gorp (1985) se model van deskriptiewe vertaalanalise word hier gebruik as uitgangspunt vir die analise. Dit behels die bespreking van buitetekstuele elemente, paratekstuele elemente en onderskeidelik die mikro- en maktostruktuur van die vertaalde tekste.

In hoofstuk 5 word daar gereflekteer oor die aannames wat in die praktiese analises in hoofstukke 3 en 4 bewys is en word die gevolgtrekkings van hierdie studie neergestig en voorstelle vir verdere studie uitgelig.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk dien as teoretiese basis vir die toepassingshoofstukke 3 en 4, waar voorgenome hipoteses getoets sal word met onderskeidelik 'n makro- en mikro-georiënteerde vergelykende analise van twee Afrikaanse vertalings uit die Harry Potter-reeks, naamlik *Harry Potter en die beker vol vuur* soos vertaal deur Janie Oosthuysen en *Harry Potter en die halfbloed prins* soos vertaal deur Kobus Geldenhuys.

Daar sal in hierdie hoofstuk eerstens vanuit 'n interdisiplinêre perspektief gekyk word na die evolusie van die konsep "kultuur" (afdeling 2.2) en dan 'n definisie gegee word wat as relevant beskou word vir die doelstellings van hierdie studie (paragraaf 2.2.1). Dit word gevolg deur Hall (1959) se sistematiese uiteensetting van die hiërargiese ordening van kultuur soos dit op 'n aantal sosiale vlakke manifesteer (paragraaf 2.2.2) en uitgebeeld word deur 'n kulturele model geskoei op die prinsipe van 'n ysberg (paragraaf 2.2.2.1), waarna die invloed van kultuur op menslike denke uitgewys word deur nadere ondersoek in te stel na die idee van die mens se kognitiewe model van die werklikheid (paragraaf 2.2.3).

Net soos kultuur 'n mens se denke vorm, meen Sapir en Whorf dat taal 'n vormende invloed uitoefen op menslike denke (paragraaf 2.2.4), wat belangrike implikasies vooropstel vir die kulturele bemiddelaar, naamlik hier die vertaler (paragraaf 2.2.5).

Tweedens volg 'n bespreking van die assimilasië van kultuur in die veld van vertaalstudies, soos in oënskou geneem met die kulturele wending van vertaalteorie in die jare 1980 (afdeling 2.3). Hierdie wending vind indirek sy oorsprong in Even-Zohar se polisisteamteorie (paragraaf 2.3.1) met die konsep "sisteam" (paragraaf 2.3.1.1) wat gelei het tot teorieë oor die literêre polisisteam (paragraaf 2.3.1.2), asook die posisie van vertaalde tekste binne die literêre polisisteam (paragraaf 2.3.1.3).

Toury, 'n medewerker van Even-Zohar in studies oor die literêre polisisteam en vertaling, het hom later toegespits op die ontwikkeling van 'n algemene vertaalteorie. Voorts volg Toury se idee oor deskriptiewe vertaalstudies (paragraaf 2.3.2), met 'n blik op die ontwikkeling van 'n deskriptiewe tak van vertaalstudies (paragraaf 2.3.2.1) waarin Toury se gepropageerde

metodologie vir deskriptiewe vertaalstudies uiteengesit word (paragraaf 2.3.2.2). Daar word gekyk na die ontstaan van vertaalnorme tydens die vertaalproses (paragraaf 2.3.2.3) en vasgestel dat norme sosiaal van aard is (paragraaf 2.3.2.3.1). Hieruit ontstaan Toury se drievoudige model van vertaalnorme (paragraaf 2.3.2.3.2) wat die vertaler toelaat om 'n register op te stel van die aantal vertaalopsies vir vertaalprobleme wat in 'n gegewe situasie en 'n gegewe tydstip beskikbaar is, en dus 'n rol speel by die vorming van 'n oorwegende vertaalstrategie by die vertaler.

Sterk beïnvloed deur die teorieë van sowel Even-Zohar as Toury, ontstaan die Manipulasiegroep (paragraaf 2.3.3) wat op hulle beurt 'n rol speel in die ontstaan van 'n kulturele wending in vertaalstudies. Hierdie groep geleerdes het 'n raamwerk probeer bewerkstellig vir die sistematiese studie van vertaalde literatuur, met hul teorieë wat sterk steun op Even-Zohar en ook Toury se werk oor die polisistiem. Voorts word daar gekyk na een van die lede van die Manipulasiegroep, naamlik André Lefevere, se mening dat alle vertaalde literatuur 'n vorm van manipulasie ondergaan ten einde 'n (ietwat veranderde) beeld te projekteer in die doeltekssituasie (paragraaf 2.3.3.1). Hierdie manipulasie geskied onder andere deur middel van 'n patronaat¹ (paragraaf 2.3.3.2), die dominante poëtika van die dag (paragraaf 2.3.3.3), taal en universele diskoers (paragraaf 2.3.3.4), asook deur die invloed van die vertaler self (paragraaf 2.3.3.5).

Derdens word daar gekyk na die doelstellings van die funksionalistiese vertaalbenadering (paragraaf 2.3.4) as gesamentlike produk van die kulturele en doelteks-georiënteerde wending in vertaalstudies. Hierdie pragmatiese benadering tot vertaling is hoofsaaklik teweeggebring deur Katharina Reiss met haar model van vertaalkritiek wat, alhoewel dit steeds hoofsaaklik gefundeer is op die ekwivalensie-gebaseerde teorie van vertaling, sekere sogenaamde toegewings maak het oor vertalings waarin ekwivalensie ongewens of onmoontlik is (Nord 1997a:9). Die funksie-georiënteerde teorieë van Justa Holz-Mänttari, Hans Vermeer en Christiane Nord het hierop voortgebou.

Justa Holz-Mänttari het, in antwoord op Reiss se model van vertaalkritiek, 'n metodologie van vertaalhandeling (paragraaf 2.3.4.1) voorgestel. Hierin fokus Mänttari spesifiek op die proses

¹ "patronage"

van vertaling soos dit in die praktyk plaasvind, naamlik as 'n vorm van interpersoonlike en doelbewuste interaksie (paragraaf 2.3.4.1.1) wat altyd plaasvind binne 'n kommunikatiewe vertaalsituasie (paragraaf 2.3.4.1.2), en waarby 'n aantal rolspelers betrokke is by die vertaalhandeling. Hierdie rolspelers word voorts afsonderlik geanaliseer (paragraaf 2.3.4.1.3) en is naamlik die opdraggewer (paragraaf 2.3.4.1.3.1), die vertaler (paragraaf 2.3.4.1.3.2), die bronteksprodusent (paragraaf 2.3.4.1.3.3) en die doelteksontvangers (paragraaf 2.3.4.1.3.4).

Hans Vermeer sluit hom by die funksionalistiese vertaalbeweging aan met sy Skoposteorie (paragraaf 2.3.4.2), waarin hy intratekstuele en intertekstuele koherensie ten opsigte van die bron- en doelteks vooropstel as plaasvervanger vir die linguisties-georiënteerde ekwivalensievereiste (paragraaf 2.3.4.2.1), en waarmee die gaping tussen vertaalteorie en -praktyk uiteindelik suksesvol oorbrug word deur finaal 'n breuk te bewerkstellig met die invloed van streng linguisties-gebaseerde teorieë op vertaalteorie. Vermeer beklemtoon hierin ook die handelingsgerigtheid van die vertaalproses en benadruk die belang van die vertaalinstruksies by elke vertaalopdrag (paragraaf 2.3.4.2.2) asook die rol van volledige bronteksanalise (paragraaf 2.3.4.2.3) voordat daar na die vertaalhandeling oorgegaan word.

Christiane Nord (1997a) meen egter dat Vermeer se Skoposteorie te kort skiet aan 'n etiese vereiste wat die aantal skopoi wat 'n bepaalde doelteks kan hê, beperk. Hiermee voeg Nord 'n etiese aspek tot die funksionalistiese teorie van vertaling toe, naamlik die konsep "lojaliteit", as iets wat enersyds verder strek as ekwivalensie tussen die bronteks en die doelteks, terwyl dit andersyds die vertaler ook eties verbind aan die doeltekslesers sowel as aan die betrokke bronteksouteur (paragraaf 2.3.4.3).

2.2. Kultuur

2.2.1 'n Definisie van kultuur

"... the term 'culture' has acquired several different meanings in the last one hundred years. These several meanings reflect different assumptions about human evolution" (Goodenough 1981:47).

Die woord kultuur is oorspronklik afgelei vanaf die Duitse "Kultur" wat gebruik is as 'n maatstaf vir beskaafdheid in hoeverre "ander" kulture van die (sogenaamde) "gesofistikeerde

Europeërs" verskil wat betref gebruike, geloofsoortuiging en kunsvorme. Hierdie woord het dus 'n onderskeid getref tussen diegene behorende tot 'n bepaalde gemeenskap wat oor 'n goeie opvoeding beskik en voorts bestempel is as gekultiveerd, teenoor diegene behorende tot die laer, armer klas van dieselfde gemeenskap wat bestempel is as onbeskaafd, ongekultiveerd of selfs barbaars (Goodenough 1981:47).

Die geskiedenis van die mens is hiermee beskou as 'n deurlopende progressie van barbaarsheid tot beskawing. Hierdie beskouing word bevestig deurdat die ontluikende teorie van kultuur in Frankryk gekenmerk is deur die woord "Civilization" teenoor die Duitse "Kultur", maar met ongeveer dieselfde betekenis as dié van "Kultur". Een van die vroegste en mees populêre definisies van kultuur is dié soos geformuleer deur E.B. Tylor. Hy meen kultuur is:

"... that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, custom, and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society" (Goodenough 1981:48).

Teen die einde van die negentiende eeu het Franz Boas na kultuur begin verwys as die spesifieke gebruike, geloofsoortuiging en sosiale instellings wat kenmerkend is van elke afsonderlike gemeenskap. Daar is ook gemeen dat kultuur deur middel van tradisies aangeleer word in oorlewering van geslag tot geslag en ook dat taal en kultuur nou verbonde is aan mekaar (sien die Sapir-Whorf hipotese, paragraaf 2.2.4), omdat die behoud en oordrag van tradisies sonder taal bykans onmoontlik sou wees (Goodenough 1981:50).

Die konsep "kultuur" word vir die doeleindes van hierdie studie egter in 'n breër bestek beskou, naamlik nie as die uitbeelding van die mens se intellektuele ontwikkeling soos dit gemanifesteer word in allerlei kunsvorme nie, maar eerder in samehang met die sosiaal-vormende aspekte van die menslike lewe (Snell-Hornby 1988:39). Hierdie opvatting word soos volg deur W.H. Goodenough gedefinieer:

"As I see it, a society's culture consists of whatever it is one has to know or believe in order to operate in a manner acceptable to its members, and do so in any role that they accept for any one of themselves. Culture, being what people have to learn as distinct from

their biological heritage, must consist of the end product of learning: knowledge, in a most general, if relative, sense of the term. By this definition, we should note that culture is not a material phenomenon; it does not consist of things, people, behavior, or emotions. It is rather an organization of these things. It is the forms of things that people have in mind, their models for perceiving, relating, and otherwise interpreting them” (Goodenough 1964 soos aangehaal deur Snell-Hornby 1988:40).

Volgens Edward T. Hall manifesteer kultuur, soos gedefinieer deur Goodenough (1981), op 'n aantal sosiale vlakke. Hierdie hiërargiese ordening noem hy die "drietal van kultuur".²

2.2.2 Hall se drieledige siening van kultuur

Hall (1959:87) is van mening dat kultuur op drie vlakke manifesteer en noem hierdie vlakke tegniese, informeel en formeel. Op die tegniese vlak is die kommunikasieproses eenvoudig, want betekenis word eksplisiet oorgedra met wat die woordeboek as 'n denotatiewe betekenis klassifiseer. Dit wil sê, in die geval van vertaling kan tegniese terme direk vertaal word en dit sonder enige betekenisverlies of verwringing van betekenis, juis omdat daar geen ekstralinguistiese konteks by hierdie vlak van kultuur is nie. Hierop meen Katan (2004:7):

"Negotiation of meaning is reduced to the minimum. The language provides, as far as possible, its own context".

Omdat tegniese kultuur duidelik uiteengesit, eksplisiet oorgedra en dan aangeleer word in wat Hall (1959:91) beskou as 'n eenrigtingproses, is dit daarom ook die mees waarneembare aspek van kultuur (sien die drieledige model van kultuur, paragraaf 2.2.2.1).

Daarteenoor word formele kultuur hoofsaaklik aangeleer deur middel van oorlewering as gevestigde patrone wat nooit bevraagteken word nie (sien die drieledige model van kultuur,

² Hall (1959) word in hierdie studie gebruik omdat kultuur hier verduidelik word aan die hand van Katan (2004) se model van die ysbergteorie, waar hy gebruik maak van Hall se drieledige model van kultuur ter verduideliking van die drie verskillende vlakke van die betrokke model. Teoretici soos Clyde en Kluckhohn asook Ralph Linton propageer slegs binêre opposisies, onderskeidelik tussen eksplisiete en implisiete kultuur en duidelik waarneembare (*overt*) teenoor niewaarneembare (*covert*) kultuur. Katan (2004) maak gebruik van Hall (1990), 'n herdrukte kopie van Hall (1959), wat nie tot die navorser se beskikking was nie.

paragraaf 2.2.2.1), en dan ook meestal op 'n manier waar die kultureel oningewyde fouteer en dan reggehelp word (Hall 1959:94). Formele kultuur word volgens Katan (2004:45) beskryf as:

"... the culture of traditions, rules, customs, procedures and so on. We are generally not aware of the conventions surrounding the routines of life, but awareness is immediate when the convention is flouted".

Informele kultuur verskil egter heelwat van sowel tegniese as formele kultuur. Informele kultuuraspekte word nie aangeleer nie, maar onbewus nagevolg. Dit geskied deur 'n sekere patroon wat gesien en/of gehoor word, na te boots (Hall 1959:92). Informele kultuur manifesteer ook onbewus en as't ware in die vorm van 'n metaboodskap en is daarom, vir die kulturele oningewyde en buitestander, onsigbaar (sien die drieledige model van kultuur, paragraaf 2.2.2.1).

Hall se siening oor die drie vlakke van kultuur is hier sistematies uiteengesit, weens die noue verbondenheid daarvan met die model waar kultuur voorgestel word as 'n simboliese ysberg.

2.2.2.1 Die drieledige model van kultuur

Hierdie teorie stel voor dat die grootste deel van kultuur feitlik onsigbaar is (dit wil sê, onder die wateroppervlak verskans is) en dat die gedeelte wat wel sigbaar is (en dus bo die wateroppervlak lê), gesien kan word as die piek van die ysberg. Brake, Medina-Walker en Walker (1995:34-39 soos in Katan 2004:43) meen die volgende wat betref hierdie teorie:

"Laws, customs, rituals, gestures, ways of dressing, food and drink and methods of greeting, saying goodbye. These are all part of culture, but they are just the tip of the iceberg. The most powerful elements of culture are those that lie beneath the surface of everyday interaction".

Die elemente wat volgens Brake et al. (1995 soos in Katan 2004) onderskeidelik bo en onder die wateroppervlak as sodanig aangetref word, kan dan onderverdeel word in Hall se

kulturele drietal, naamlik die tegniese (bo die wateroppervlak), en die formele en informele elemente van kultuur (onder die wateroppervlak). Die tegniese elemente word geklassifiseer as musiek, kuns, kleredrag, instellings, argitektuur en waarneembare gedrag (sien Hall se drieledige siening van kultuur, paragraaf 2.2.2). Die formele elemente behels rituele, gebruike en 'n algemene begrip van styl betreffende kommunikasiemetodes, kleredrag, en so meer (sien Hall se drieledige siening van kultuur, paragraaf 2.2.2). Die informele elemente behels die omgewing, tyd, ligging, kommunikasie, handeling, mag, individualisme, struktuur, denke en mededingendheid (sien Hall se drieledige siening van kultuur, paragraaf 2.2.2) (Katan 2004:43).

Vir die doeleindes van hierdie studie word kultuur ook beskou as intern en kollektief en nie net as iets wat met die blote oog sigbaar is nie. Hierdie tipe kultuur word op 'n onbewuste manier verwerf, eerder as bewus aangeleer, deur waarnemings te maak (visuele gewaarwordinge) en te luister (ouditiewe gewaarwordinge). Kultuur verwys dus na dít wat as vanselfsprekend of "normaal" beskou word deur 'n groep individue, met ander woorde, na 'n gemeenskaplike, kognitiewe model van die wêreld (Katan 2004:26).

2.2.3 Kultuur as 'n kognitiewe model van die wêreld

Elke mens skep vir hom- of haarself 'n kognitiewe model van die wêreld omdat die reële werklikheid te omvattend is om ten volle te assimileer. Hierdie kognitiewe model hang saam met die sogenaamde "padkaart"-teorie soos geïnisieer deur Hans Vaihinger en wat later verder ontwikkel is deur Albert Korzybski. Vaihinger (1924 soos in Katan 2004:119) sê:

"It must be remembered that the object of the world of ideas as a whole is not the portrayal of reality - this would be an utterly impossible task - but rather to provide us with an instrument for finding our way about more easily in the world".

Die brein skep dus 'n model van die werklikheid wat as 'n bruikbare instrument ingespan word om die mens te oriënteer ten opsigte van sy/haar omgewing. Hierdie model kan beskou word as soortgelyk aan 'n kartografiese voorstelling van die werklikheid deurdat dit dieselfde funksie verrig, naamlik om 'n vereenvoudigde afdruk te wees van die werklikheid. Dit word

ook op 'n soortgelyke manier gevorm, naamlik deur sekere gegewens uit te vee, te verdraai of te veralgemeen. Soos Korzybski (1985 soos in Katan 2004:119) tereg meen:

"A map is not the territory it represents, but, if correct, it has a similar structure to the territory, which accounts for its usefulness".

Hall (1959) beskryf 'n soortgelyke proses, wat hy noem "screening", wat betref die ordening van menslike gewaarwordinge :

"One of the functions of culture is to provide a highly selective screen between man and the outside world. In its many forms, culture therefore designates what we pay attention to and what we ignore. This screening function provides structure for the world and protects the nervous system from 'information overload' " (Hall 1959:85).

Hall meen kultuur vervul die rol van 'n selektiewe skerm tussen die mens en sy reële werklikheid ten einde net sekere informasie toe te laat en daarmee ander informasie uit die geheue te sluit. Kultuur word dus beskou as 'n stelsel wat orde skep en sin maak uit menslike gewaarwordinge. Hierdie ordeningstelsel, oftewel die vereenvoudiging van die werklikheid, geskied deur middel van kultuurgebonde filtreerders waarvolgens die mens se waarnemings vereenvoudig word deur dit te verdraai, uit te vee of te veralgemeen (Katan 2004:121).

Een van hierdie filtreerders is naamlik taal. Omdat fisiologiese omstandighede van een kultuur na die volgende verskil, verskil tale ook van mekaar, deurdat 'n taal daarop geskoei word om te voldoen aan die behoeftes van 'n spesifieke kultuur. Dit verklaar die voorkoms van kultuurgebonde woorde wat nie 'n direkte ekwivalent het in enige ander taal nie (Katan 2004:122).

Hierdie kultuurgebonde vorming van die "werklikheid" sluit direk aan by Sapir en Whorf se siening oor die rol van taal in elke kultuur.

2.2.4 Die Sapir-Whorf hipotese

Taal tree nie net op as 'n filtreerder van realiteit nie (sien kultuur as 'n kognitiewe model van die wêreld, paragraaf 2.2.3), maar vorm ook tot 'n mate die mens se realiteitsgrense. Soos Wittgenstein (1994 in Katan 2004:102) sê:

"That the world is *my* world, shows itself in the fact that the limits of that language (*the* language I understand) mean the limits of *my* world".

Sapir meen taal is meer as net 'n medium waardeur die menslike denke manifesteer, maar is juis 'n bepalende faktor wat betref die vorming van alle menslike denke. Hierdeur sê hy dus dat mense hulle natuurlike omgewing interpreteer volgens bepalings soos uitgestip deur hulle moedertaal, deurdad die wêreld ervaar word as 'n reeks ewigdurend-veranderende indrukke wat deur die brein georganiseer moet word, 'n proses wat merendeels geskied deur middel van 'n linguistiese sisteem in die brein (Hall 1966:86):

"We cut nature up, organize it into concepts, and ascribe significances as we do, largely because we are parties to an agreement to organize it in this way - an agreement that holds throughout our speech community and is codified in the patterns of our language. The agreement is, of course, an implicit and unstated one, *but its terms are absolutely obligatory*; we cannot talk at all except by subscribing to the organization and classification of data which the agreement decrees" (Whorf 1956 soos in Hall 1966:85-86).

Whorf (1956 soos in Hall 1966) is dus van mening dat betekenis slegs geïnterpreteer kan word binne die konteks van 'n betrokke kultuur. Voorts is dit haas onmoontlik vir twee verskillende tale om dieselfde realiteit te konstrueer, juis omdat die wêreld waarin verskillende gemeenskappe leef, kenmerkend van mekaar verskil. Volgens Katan (2004:102) beweer hierdie siening dat taal as't ware bepaal hoe die taalgebruiker dink. Dit sou egter meebring dat tweetalige mense, soos hulle van een taal na die ander wissel, ook dienooreenkomstige veranderinge sou moes aanbring wat betref hulle uitkyk op die wêreld,

en daarom het hierdie siening vandag weining ondersteuners. Soos Pinker (1995 in Katan 2004:57) tereg meen:

"The idea that thought is the same thing as language is an example of a conventional absurdity: a statement that goes against all common sense".

Maar, alhoewel hierdie teorie hewige kritiek ontlok het weens die ekstreme aard daarvan, het Sapir en Whorf tog daarin geslaag om te bewys dat betekenis in enige kommunikatiewe situasie nooit 'n inherente gegewe is nie, maar verskillend geïnterpreteer word in ooreenstemming met individuele en kultuurgebonde oortuigings (Katan 2004:84). Daarom is daar vandag steeds ondersteuners van die Sapir-Whorf hipotese, maar wel 'n verswakte weergawe van die oorspronklike, wat meen dat taal een van die faktore is wat ons begrip van realiteit beïnvloed en vorm (Katan 2004:103).

Hiermee dan, word die belang van die kulturele bemiddelaar aangetoon.

2.2.5 Die kulturele bemiddelaar

Volgens Taft (in Bochner 1981:53) is 'n kulturele bemiddelaar 'n persoon wat kommunikasie, begrip en handeling fasiliteer tussen mense of groepe wat verskil wat betref taal en kultuur. Taft meen (in Bochner 1981:53):

"The role of the mediator is performed by interpreting the expressions, intentions, perceptions, and expectations of each cultural group to the other, that is, by establishing and balancing the communication between them. In order to serve as a link in this sense, the mediator must be able to participate to some extent in both cultures. Thus a mediator must be to some extent bicultural".

Die kulturele bemiddelaar moet dus diepte-kennis dra van die kulture waartussen hy/sy medieer en moet as't ware tuis wees in albei die kulture, want bikulturaliteit vereis twee stelle kulturele vaardighede van die bemiddelaar (Taft in Bochner 1981:51).

Bikulturaliteit vereis egter ook van die bemiddelaar om te beskik oor die nodige kognitiewe strukture ten einde kultuur te beskou soos wat dit deur die betrokke lede self gehuldig word (Taft in Bochner 1981:75), omdat elke persoon se model van die wêreld deur kultuur beïnvloed word (sien kultuur as 'n kognitiewe model van die wêreld, paragraaf 2.2.3). Die kulturele bemiddelaar behoort dus ook die derde vlak in Hall se drie vlakke van kultuur te herken, naamlik dié van informele kultuur wat hoofsaaklik manifesteer in die vorm van metaboodskepe en daarom slegs toeganklik is vir kulturele ingewydenes (sien Hall se drieledige siening van kultuur, paragraaf 2.2.2). Voorts moet die bemiddelaar ook beskik oor die vermoë om kennis en ervaring te objektiveer (McLeod in Bochner 1981:48).

Hatim en Mason (1990 in Katan 2004:20) meen 'n vertaler is:

"... first and foremost a mediator between two parties for whom mutual communication might otherwise be problematic".

Maar, deurdat betekenis erken word as (na gelang van) interpretasie, skep dit 'n probleem vanuit die, tot onlangs toe nog, linguisties-gedomineerde perspektief van vertaling. Dit bring mee dat die getroue, woord-vir-woord vertaling van denotatiewe betekenis onvoldoende is, en dat die konnotatiewe assosiasies, naamlik kultuurgebonde metaboodskepe wat agter woorde skuil, ook vertaal moet word ten einde 'n boodskap korrek oor te dra (Katan 2004:84).

2.3 Vertaling en die kulturele wending³

Vertaling is baie lank gedomineer deur 'n linguisties-georiënteerde vertaalbenadering, waar vertaling hanteer is as 'n tipe sinoniemoordrag, en die sosio-kulturele omstandighede van die betrokke teks nie in ag geneem is nie.

Vertaalteorie was ongeveer 2000 jaar lank slegs gemoed met uitstaande literêre werke waar daar gestreef is na die juiste of perfekte vertaling en dit hoofsaaklik vanuit 'n streng preskriptiewe benadering waarin daar gestreef is na "ekwivalensie", die interlinguistiese *tertium comparationis*, wat Lefevere en Bassnett (1990:3) beskryf as 'n abstrakte maatstaf

³ Die *cultural turn* soos in Snell-Hornby (2006:3).

wat verseker dat elke woord in 'n vertaalde teks ekwivalent is aan elke woord in die bronteks, en 'n basiese komponent van enige linguisties-georiënteerde vertaalteorie (Snell-Hornby 1988:1, 14).

Hierdie opvatting berus op die idee van simmetrie tussen tale (sien die Sapir-Whorf-hipotese, paragraaf 2.2.4), en is dus in wese onhaalbaar. Na 'n hewige debat wat bykans 20 jaar lank gewoed het rondom die idee en definisie van "ekwivalensie", is daar steeds nie 'n relevante definisie vir dié konsep binne die vertaalteorie te vinde nie (Bassnett en Lefevere 1990:80).

André Lefevere meen dat die sogenaamde *tertium comparationis* meer probleme oplewer as wat dit werd is, want daar is geen waarborg dat die vertaling dieselfde effek op die doelkultuurlesers sal hê as wat die bronteks op die lesers in die bronkultuur gehad het nie.

So ook het Mary Snell-Hornby die tekslinguïste aangeraai om die sprong te waag vanaf die teks as vertaaleenheid tot kultuur as geheel. Hierop meen Bassnett en Lefevere tereg (Bassnett en Lefevere 1990: 4) dat:

"The overall position of the linguist in translation studies would be rather analogous to that of an intrepid explorer who refuses to take any notice of the trees in the new region he has discovered until he has made sure he has painstakingly arrived at a description of all the plants that grow there".

Dit was die ontluiking van die kulturele wending van die jare 1980. In hierdie nuwe benadering word kulturele eerder as linguïstiese oordrag beklemtoon. Die vertaalproses word beskou as 'n kommunikatiewe vertaalhandeling eerder as 'n statiese proses van sinoniemoordrag, en met 'n prospektiewe eerder as 'n retrospektiewe inslag deurdat dit doelteksfunksie-georiënteerd is. Op hierdie manier word tekste bevry vanuit 'n vakuumgebonde benadering en beskou as 'n geïntegreerde deel van 'n wêreldgeheel (Snell-Hornby 1988:43).

Hierop, meen Snell-Hornby, verander nie net die perspektief op vertaling nie, maar ook die rol van die vertaler (1988:42):

"The concept of culture as a totality of knowledge, proficiency and perception is fundamental in our approach to translation. If language is an integral part of culture, the translator needs not only proficiency in two languages, he must also be at home in two cultures. In other words, he must be bilingual and bicultural" (sien die kulturele bemiddelaar, paragraaf 2.2.5).

Die kulturele wending vind sy oorsprong in die kulturele perspektief soos gepropageer deur die Manipulasiegroep (sien kultuur as 'n kognitiewe model van die wêreld, paragraaf 2.3.3), terwyl die Manipulasiegroep se idees oor vertaling hoofsaaklik voortsprong uit die ontwikkeling van die sogenaamde polisisteamteorie, 'n dinamiese teorie oor metasisteme, ontwikkel deur Itamar Even-Zohar.

2.3.1 Itamar Even-Zohar se polisisteamteorie

2.3.1.1 Die konsep "sisteam"

Die konsep "sisteam" het sy ontwikkeling te danke aan die Russiese Formaliste en is oorspronklik gedefinieer deur Tynjanov in 1929 wat dit gebruik het om te verwys na 'n struktuur van elemente wat bestaan uit 'n groot aantal lae wat mekaar oorvleuel en onderling beïnvloed (Shuttleworth 1998:176). Die term "sisteam" is deur Itamar Even-Zohar beskryf as:

“... the network of relations that can be hypothesized for a certain set of assumed observables” (Even-Zohar 1990:27).

Die sisteam het egter ook 'n omgewing waarin dit funksioneer, wat buite die sisteam self strek. Hierdie omgewing beïnvloed die sisteam, net soos wat die sisteam op 'n dinamiese wyse ook sy omgewing beïnvloed. Die sisteam is dus in dinamiese wisselwerking met sy omgewing (Lefevere 1985:224).

Literatuur kan met hierdie sistematiese benadering geanaliseer word, met ander woorde as 'n sisteam wat bestaan uit objekte, boeke, sowel as mense, naamlik lesers, skrywers en

herskrywers (Lefevere 1985:225). Itamar Even-Zohar het sy idee van 'n polisisteem-model hierop geskoei.

2.3.1.2 Die literêre polisisteem

Volgens Shuttleworth (1998:176) lê die wortels van hierdie teorie in Even-Zohar se werk oor Hebreeuse literatuur. Hierdie model sien die literêre polisisteem as 'n hiërargiese sisteem van sisteme wat voortdurend in dinamiese wisselwerking verkeer en sodoende 'n proses van evolusie in die polisisteem as 'n geheel meebring.

Die polisisteem word gekenmerk deur interne opposisies en voortdurende verskuiwings. Tussen hierdie opposisies is dié van primêre of vernuwende en sekondêre of konserwatiewe modelle en tipes; die opposisie tussen die sisteemkern en die sisteemperiferie; die opposisie tussen gekanoniseerde en ongekanoniseerde tekste, en so meer. Die dinamiese aard van die polisisteem is die gevolg van spanning en konflik soos veroorsaak deur hierdie veelvoudige opposisies, sodat die polisisteem en sy subsisteme deurentyd in 'n toestand van veranderlikheid en onstabieliteit verkeer (Hermans 1985:11).

Literêre vertaling word beskou as een element tussen vele ander in 'n ononderbroke stryd om dominansie tussen die sisteem se verskeie lae en subsisteme. Binne 'n spesifieke literatuur sal vertalings by tye deel uitmaak van 'n aparte subsisteem met sy eie kenmerke en modelle of dalk min of meer geïntegreerd wees by die inheemse sisteem (Hermans 1985:11).

2.3.1.3 Die posisie van vertaalde tekste in die literêre polisisteem

Weens die onstabiele aard van die polisisteem, wissel vertaalde literatuur gedurig van posisie. Even-Zohar beklemtoon die feit dat vertalings nie noodwendig altyd op die periferie van die polisisteem bly nie, maar by tye in die kern van die polisisteem gevind kan word en dus 'n vormende rol speel by tekste wat gekanoniseer word en toegelaat word tot die sentrale gedeelte van die polisisteem. Hy wys dan ook die omstandighede uit wanneer vertaalde literatuur 'n primêre posisie in die polisisteem sal inneem (Even-Zohar 1978:193-194), naamlik:

- Wanneer 'n literatuur nog in sy kinderskoene is en nog besig is om te ontwikkel, is reeds-bestaande literatuur, en dus ook vertalings, belangrike bronne wat modelle daarstel van 'n wye verskeidenheid tekstipes.
- Wanneer die oorspronklike literatuur van 'n sisteem "swak" is en tot die buitewyke van die sisteem gestoot word, word nuwe literêre vorme benodig wat deur vertalings verskaf kan word.
- Wanneer daar 'n kritieke wending plaasvind in die literêre geskiedenis en die reeds gevestigde modelle onvoldoende blyk te wees óf wanneer daar 'n literêre vakuum in 'n land ontstaan.

Dit volg dus dat, te danke aan die polisisteamteorie, 'n literêre werk nie meer in afsondering bestudeer word nie, maar altyd as deel van 'n bepaalde literêre sisteem en in wisselwerking met 'n spesifieke sosio-kulturele omgewing. In Even-Zohar se woorde:

"... translation is no longer a phenomenon whose nature and borders are given once and for all, but an activity dependent on the relations within a certain cultural system" (Even-Zohar 1990:51).

Toury het saam met Even-Zohar gewerk in Tel-Aviv en, na sy vroeë studies oor die sosio-kulturele omstandighede wat vormend inwerk op die vertaling van uitheemse literatuur in Hebreeus, het Toury hom toegespits op die ontwikkeling van 'n algemene vertaalteorie (Munday 2001:111).

2.3.2 Deskriptiewe vertaalstudies

2.3.2.1 Die ontwikkeling van deskriptiewe vertaalstudies

Gideon Toury is 'n voorstander van die ontwikkeling van 'n sistematiese, deskriptiewe tak van vertaalstudies:

"What is missing is not isolated attempts reflecting excellent intuitions and supplying insights (which many existing studies

certainly do), but a systematic branch proceeding from clear assumptions and armed with a methodology and research techniques made as explicit as possible and justified within translation studies itself. Only a branch of this kind can ensure that the findings of individual studies will be intersubjectively testable and comparable, and the studies themselves replicable" (Toury 1995:3).

Toury is van mening dat elke empiriese wetenskap oor 'n deskriptiewe afdeling moet beskik, en het dus so 'n metodologie ontwikkel, naamlik deskriptiewe vertaalstudies⁴. Hy glo vertalings neem eerstens 'n belangrike posisie in binne die sosiale en literêre sisteem van die doelkultuur en dat hierdie posisie bepalend is vir die vertaalstrategieë wat aangewend word (Toury 1995:12,13).

Volgens Toury is vertaalde tekste en die elemente waaruit hulle bestaan, waarnemingsfeite wat direk sigbaar is, terwyl die prosesse waardeur vertaling geskied slegs indirek bestudeer kan word, omdat dit in die vertaler se denke geskied. Daarom het Toury eers sy navorsing begin met die waarnemingsfeite wat direk toeganklik is, om daarna 'n poging aan te wend tot die herbou van die onwaarneembare feite (Toury 1985:18).

Deskriptiewe vertaalstudies begin dus by die idee dat enige navorsing oor vertaling, of dit nou betrekking het op die prosesse wat direk of indirek toeganklik is, moet begin by die hipotese dat vertalings slegs feite is van die doelsisteem. In deskriptiewe vertaalstudies word 'n vertaling beskou as enige doelteksuitdrukking wat binne die doelkultuur as 'n vertaling aanvaar word, om watter redes ookal (Toury in Shuttleworth en Cowie 1997:39).

'n Vertaling word beskou binne sy historiese konteks, nie meer in 'n vakuum soos voorheen in die linguistiese benadering nie, met inagneming van die invloed wat deur 'n spesifieke kultuur op 'n spesifieke tydstip uitgeoefen word. Soos Bassnett en Lefevere (1990:11) meen:

⁴ DTS - *Descriptive Translation Studies*

"... [translation] is never innocent. There is always a context in which the translation takes place, always a history from which a text emerges and into which a text is transposed".

Voorts sê Álvarez en Vidal (1996:3):

"It is no longer possible, therefore, to speak of a textual translation; rather, the context should always be born in mind, because 'the opposition between 'a contextual interpretation' and one that is not contextual is entirely spurious. Nothing has meaning 'in isolation' ".

Hiermee word die fokus geplaas op die verhouding tussen kennisproduksie in die bronkultuur en die oordrag, verplasing en herinterpretasie daarvan in die doelkultuur (Álvarez en Vidal 1996:2).

2.3.2.2 Toury se metodologie vir deskriptiewe vertaalstudies

Toury se metodologie vir deskriptiewe vertaalstudie bestaan uit drie fases, naamlik:

1. Die teks word geplaas binne die konteks van die doelkultuur en dan word daar gekyk na die teks se aanvaarbaarheid al dan nie binne hierdie kultuur.
2. Die bronteks (BT) en doelteks (DT) word analities vergelyk ten einde verskuiwings uit te wys wat tussen die BT- en DT-pare geskied, waarna daar aannames gemaak word oor die onderliggende konsep van vertaling.
3. Implikasies vir besluitnemings in toekomstige vertalings word afgelei (Toury 1995:36-39 en 102).

Die doel van Toury se studie is om algemene vertaalneigings uit te wys en om dan veralgemenings te maak oor die besluitnemingsprosesse van die vertaler vir daardie spesifieke teks, maar ook vir ander tekste wat die vertaler nog dalk sal vertaal, asook vir ander vertalings van soortgelyke brontekste vir dieselfde doelkultuur. Hierdie vertaalneigings

noem Toury "norme" en die uitken van norme in vertalings lei tot hipoteses wat in toekomstige vertalings weer getoets kan word.

2.3.2.3. Toury en vertaalnorme

2.3.2.3.1 Die sosiale aard van norme

Toury het die idee van norme voorgestel om te verwys na vertaaltendense binne 'n spesifieke sosio-kulturele situasie. Met Even-Zohar se polisisteamteorie as basis, wil Toury met die idee van norme afleidings maak oor die vertaalproses, eerder as om te spekuleer oor dit waaruit die vertaalproses behoort te bestaan. In plaas daarvan om bestaande vertalings te evalueer, val die fokus hier op nadere ondersoek na 'n maatstaf wat gebruik kan word om uitlatings te maak oor vertaling binne 'n gegewe sosio-kulturele konteks (Baker 1998:163).

Toury is van mening dat die vertaler 'n sosiale rol vervul binne sy/haar gemeenskap, omdat alle vertaalaktiwiteite van kulturele belang is. Hy sê:

"The acquisition of a set of norms for determining the suitability of that kind of behaviour, and for manoeuvring between all the factors which may constrain it, is therefore a prerequisite for becoming a translator within a cultural environment" (Toury 1978/2000:198).

Norme word beskou as algemene waardes of idees oor dit wat reg en verkeerd is en word gemeenskaplik deur 'n groep individue gehuldig en is daarom ook kultuurspesifiek. Hierdie norme word aangeleer deur middel van 'n sosialiseringproses, eie aan elke kultuur, wat elke individu in sy/haar lewe ondergaan en impliseer altyd die idee van sanksies, beide positief en negatief (sien 'n definisie van kultuur, paragraaf 2.2.1). Dit dien dus in die breë gemeenskap as kriteria waarvolgens gedrag geëvalueer word en is volgens Toury as't ware in beheer van die vestiging en behoud van 'n sosiale orde (Toury 1978/2000:199).

Beskou vanuit 'n sosio-kulturele perspektief is vertalings onderhewig aan verskeie beperkinge wat strek buite die gebied van die bronteks soos: sosiale beperkinge wat daar op die vertaler uitgeoefen word, verskille tussen tale en die tekstuele tradisies daarvan of die kognitiewe beperkinge van die vertaler as linguistiese en interkulturele bemiddelaar (sien die manipulasie

van literêre tekste, paragraaf 2.3.3.1). Daarom meen Toury dat vertalers wat in verskillende situasies en onder verskillende omstandighede vertaal dikwels ook verskillende vertaalstrategieë toepas en eindelijk vorendag kom met kenmerkend verskillende eindprodukte (Toury 1978/2000:199).

Daar kan dus afgelei word dat norme 'n belangrike rol speel in vertaling, juis omdat vertaling, net soos norme, wesenlik sosiaal van aard is. Toury het voorts 'n model van vertaalnorme ontwikkel om die interaksie tussen norme en die vertaalproses uit te wys.

2.3.2.3.2 Toury se drievoudige model van vertaalnorme

In Toury se drievoudige model word norme voorgestel as die intermediêre vlak tussen "bevoegdheid" (*competence*) en "uitvoering" (*performance*). Bevoegdheid is dit wat die vertaler toelaat om 'n register op te stel van die aantal vertaalopsies vir vertaalprobleme wat in 'n gegewe situasie en op 'n gegewe tydstip beskikbaar is. Uitvoering verwys na die opsies wat vertalers in werklikheid kies in die praktyk, en norme is 'n verdere subgroep opsies, naamlik die opsies wat vertalers in 'n gegewe sosio-kulturele konteks op 'n gereelde basis kies (Baker 1998:164).

Hierdie model van vertaalnorme maak dit duidelik dat die vertaler voortdurend met besluite gekonfronteer word en dus as't ware hoofsaaklik gemoed is met 'n besluitnemingsproses (Baker 1998:164). Daarom kan norme volgens hierdie model gedefinieer word as:

"... strategies of translation which are repeatedly opted for, in preference to other available strategies, in a given culture or textual system" (Baker 1993 in Shuttleworth en Cowie 1997:114).

Toury meen vertaling is 'n normbeheersde proses wat ten minste twee tale, twee kulturele tradisies en dus ook twee normsisteme betrek. Daarom kan die waarde van vertaling in twee hoofelemente opgesom word, naamlik: dat dit 'n teks is in 'n spesifieke taal en wat 'n spesifieke posisie handhaaf in daardie kultuur, en dat dit ook as voorstelling dien van 'n ander, voorafgaande teks in 'n ander taal wat tot 'n ander kultuur behoort waarin dit 'n sekere posisie handhaaf (Toury 1995:56).

In sy ondersoek na vertaalnorme onderskei Toury hoofsaaklik tussen aanvangsnorme (*initial norms*), voorlopige norme (*preliminary norms*) en operasionele norme (*operational norms*). Die aanvangsnorm behels die vertaler se besluit om die bronteks te hanteer óf volgens die dominante norme waaraan die bronteks voldoen óf volgens die norme wat dominant is in die doelkultuur waarin die vertaling gaan funksioneer. Hierop volg die beoordeling van 'n vertaalde teks as voldoende (*adequate*) wanneer dit voldoen aan die dominante norme in die bronkultuur, en aanvaarbaar (*acceptable*) in die doelkultuur wanneer dit voldoen aan die dominante norme wat aktief is in die doelkultuur (Toury 1995:57).

Die voorlopige norme behels die aard van die vertaalbeleid en die direktheid van vertaling. Die vertaalbeleid verwys na faktore wat die keuse van tekstipe of selfs van individuele tekste bepaal wat deur middel van vertaling na die doelkultuur ingevoer gaan word. Die direktheid van vertaling verwys na die toleransiedrempel wat betref die vertaling vanuit spesifieke brontale en/of tydperke, naamlik wat beskou word as gewens teenoor wat beskou word as aanvaarbaar of taboe, en verwys ook na die status van 'n vertaalde werk, naamlik of die doelteks eksplisiet as 'n vertaling aan doeltekslesers bemark word, al dan nie (Toury 1995:58). Dit handel ook daarvoor of 'n vertaling direk vanaf die brontaal vertaal word en of dit vanaf 'n reeds bestaande vertaling vertaal word.

Daarteenoor bepaal operasionele norme die keuses wat die vertaler maak tydens die vertaalhandeling. Operasionele norme is dus bepalend wat betref die matriks, tekstuele aard en formulering van 'n teks en word daarom onderverdeel in matriksnorme (*matricial norms*) en tekstueel-linguistiese norme. Die matriksnorme behels die verspreiding van tekstuele materiaal, die hoeveelheid teks wat vertaal word en veranderinge in tekssegmentasie weens byvoorbeeld weglatings of toevoegings, terwyl die tekstueel-linguistiese norme die spesifieke tekstuele materiaal bepaal waarmee die bronteks vervang gaan word (Toury 1995:58-59).

Toury meen dat, omdat vertaalnorme nie direk waargeneem kan word nie, dit ondersoek behoort te word deur reeds-bestaande vertalings te bestudeer om sodoende toegang te verkry tot die normbeheersde besluite wat die vertaler geneem het tydens die vertaalproses, 'n metode wat tipies is van deskriptiewe vertaalstudies (sien deskriptiewe vertaalstudies, paragraaf 2.3.2).

Uit 'n makrostrukturele ondersoek (sien hoofstuk 3) is dit duidelik dat die vertaler van HPD1, Janie Oosthuysen, as aanvangsnorm die doelkultuur se sosiale waardes in gedagte gehou het deur byvoorbeeld kruhede uit die bronteks in die doelteks te versag (sien eufemistiese taalgebruik, paragraaf 3.5.6). Weens beperkinge op die vertaler, Kobus Geldenhuys, van HPD2 se vertaalsituasie deurdat karaktername onder kopiereg geplaas is, het sy sosiale rol dienoooreemkomstig verander en is dit moontlik waarom Geldenhuys se aanvangsnorm opvallend meer bronteksgetrou is as dié van Oosthuysen. Geldenhuys het nie net taboes uit die bronteks na die doelteks oorgedra nie, maar soms ook taboes ingeskryf, waar dit veel sagter gestel is in die bronteks (sien eufemistiese taalgebruik, paragraaf 3.5.6).

Albei vertalers se voorlopige norme het bepaal dat die tekstipe van bron- na doelkultuur onveranderd gelaat is en dat die doelteks se vertaalde status eksplisiet uitgewys is op die titelblad (sien die analise van die titelblaaie, paragraaf 3.4.3). Wat betref operasionele norme, stem die matriksnorme van albei vertalers ooreen met geringe weglatings en toevoegings in albei die doeltekste onder bespreking (sien eksplisering in die doelteks, paragraaf 3.5.7). Voorts het albei vertalers die norm gevolg om bronteksgetrou te vertaal (sien die bespreking van die titel, paragraaf 3.4.1 en ook die bespreking van flaptekste, paragraaf 3.4.4).

Voorts word die Manipulasiegroep se bydrae tot die voortgesette ontwikkeling tot vertaalstudies in oënskou geneem. Beïnvloed deur Even-Zohar en Toury se vroeëre werk in die polisisteamteorie, het hierdie uiteenlopende groep geleerdes afkomstig vanuit onder meer die Lae Lande, Israel, Engeland, Duitsland, Finland en Brasilië 'n nuwe, doelteksgeoriënteerde benadering tot vertaling gepropageer en bekend geword as die Manipulasiegroep.

2.3.3. Die Manipulasiegroep

Die Manipulasiegroep⁵ het hulle toegespits op die ontwikkeling van 'n nuwe paradigma vir literêre vertaalstudies wat gebaseer is op 'n omvattende teorie en voortgesette praktiese navorsing en hulle naam het hoofsaaklik ontstaan deur die groep se gesamentlike oortuiging

⁵ Volgens Van Leuven-Zwart behoort daar eerder verwys te word na die "Manipulasiegroep" as na die "Manipulasieskool", omdat persone wat tot hierdie groep behoort afkomstig is uit verskeie lande en met verskeie belange, maar wat saamstem met 'n paar basiese aannames (Van Leuven-Zwart 1992:88-89).

dat, vanuit 'n doelteksperspektief, alle vertalings 'n vorm van manipulasie ondergaan ten einde 'n spesifieke doel in die doelkultuur te bereik (Shuttleworth en Cowie 1997:101).

Hulle teorieë steun sterk op die idee van literatuur as 'n sisteem soos ontwikkel in Itamar Even-Zohar se polisisteamteorie. Hulle is van mening dat die polisisteamteorie as 'n teoretiese model 'n geskikte raamwerk verskaf vir die sistematiese studie van vertaalde literatuur (Hermans 1985:12). Die Manipuliste deel die volgende siening:

“... a view of literature as a complex and dynamic system; a conviction that there should be a continual interplay between theoretical models and practical case studies; an approach to literary translation which is descriptive, target-oriented, functional and systemic; and an interest in the norms and constraints that govern the production and reception of translations, in the relation between translation and other types of text processing, and in the place and role of translations both within a given literature and in the interaction between literatures” (Hermans 1985:10-11).

Volgens Snell-Hornby (2006:49) is die sleutelbegrippe in hierdie sitaat naamlik *deskriptief*, *doelteksgeoriënteerd*, *funksioneel* en *sistematies*, juis omdat dit in direkte kontras staan teenoor die hoofsaaklik linguistiese vertaalperspektief wat toe aan die orde van die dag was. Die linguïste het die vertaalproses juis beskou as preskriptief, bronteksgeoriënteerd, atomisties en uiteraard ook as linguisties van aard.

Van Leuven-Zwart (1992:89) som die Manipulasiegroep se benadering op met die volgende woorde: doelteksgerig⁶, pragmaties, sistematies, beskrywend en funksioneel. Volgens haar is 'n vertaalde werk doelkultuurgerig, omdat dit beskou word as deel van die ontvangende literatuur en daarom ook as sodanig erken moet word. Die klem val dus hier op die rol wat gespeel word binne die ontvangende kultuur.

⁶ In Engels “target-text oriented”

Dan is die benadering ook pragmaties, dit wil sê vertaling word as 'n bestaande feit erken en waargeneem. Vrae wat voorheen gevra is soos "Wat is vertaling?", "Kan daar ooit werklik vertaal word?" word as irrelevant afgemaak, omdat 'n bepaalde vertaalde teks wat op 'n bepaalde tyd en binne 'n bepaalde literatuur as 'n teks funksioneer as 'n vertaling beskou word.

'n Baie belangrike eienskap van hierdie benadering is ook die sistematiese uitgangspunt daarvan, waarin vertaalde tekste ook 'n plek vind binne 'n literêre sisteem en waarin daar verskillende vorme van druk op veral vertaalde tekste binne hierdie sisteem uitgeoefen word.

Met die beskrywende aard van hierdie denkstroom word bedoel dat die ou maatstaf waarmee vertalings gemeet is, naamlik die bronteks en in hoeverre die doelteks aan die bronteks voldoen, vervang word met die klem eerder op die spesifieke eienskappe of vertaalnorme wat in die vertaalde teks gevind word. Die term funksioneel lê dan ook klem op die feit dat die vertaalde teks 'n spesifieke funksie binne die doelkultuur verrig (Van Leuven-Zwart 1992:89 en 1992:19).

Vir die doel van hierdie studie is een van die lede van die Manipulasiegroep, naamlik André Lefevere, se benadering ten opsigte van die manipulasie van literêre tekste van spesifieke belang.

2.3.3.1 André Lefevere en die manipulasie van literêre tekste

André Lefevere word beskou as deel van die Manipulasiegroep en met sy teorie oor die herskrywing en die manipulasie van literêre tekste, bou hy voort op die basis van Itamar Even-Zohar se polisisteemteorie deur die sosio-kulturele magte binne en buite die literêre sisteem uit te wys wat "manipulerend" werk by sowel die skeppings- as die ontvangsproses van 'n vertaalde literêre werk.

Hy meen die proses van aanvaarding of verwerping en die kanoniseringsal dan nie, van literêre werke word gedomineer deur sekere beperkende magte verbonde aan die literêre sisteem. Hierdie faktore is naamlik die patronaat, ideologie en poëtika (Lefevere 1992a:2).

2.3.3.2 Die patronaat as manipulerende invloed

Die patronaat is wat Lefevere noem 'n faktor van "dubbele kontrole" wat verseker dat die literêre sisteem in pas bly met sy ander subsysteme. Die eerste kontrole-faktor gaan te werk binne die literêre sisteem self en is naamlik die kritici, resensente, opvoeders en vertalers. Hierdie persone onderdruk werke wat hulle voel nie konformeer met die dominante konsep van wat 'n literatuur behoort te wees nie (poëtika) of wat die gemeenskap behoort te wees nie (ideologie). Hierdie werke word heeltetal verwerp of herskryf totdat dit in ooreenstemming is met die dominante poëtika en ideologie van die dag. Hierdie kontrole-faktor beheer die literêre sisteem van binne deur parameters wat deur die tweede kontrole-faktor geskep word (Lefevere 1992a:14). Die tweede kontrole-faktor gaan meestal te werk buite die literêre sisteem en verwys na 'n persoon of groep persone en dalk selfs instansies, politieke partye, die media, uitgewers of geloofsinstellings (Lefevere 1992a:15).

Die patronaat bestaan hoofsaaklik uit drie komponente wat in wisselwerking is met mekaar, naamlik: 'n ideologiese, ekonomiese en status komponent. Die ideologiese komponent dien as 'n beperkende faktor wat betref die keuse en ontwikkeling van die vorm en onderwerp van 'n vertaling, terwyl die ekonomiese komponent daarmee te maak het dat die vertaler, indien die dominante ideologie van die dag in sy/haar werk neerslag vind, vir afgehandelde werk vergoed word. Die status komponent verwys na die vertaler se posisie in die gemeenskap, waar vertalers van wêreldbekende klassieke werke dikwels ontwikkel tot welbekende figure in die gemeenskap (Lefevere 1992a:16).

Hierbenewens kan die patronaat óf gedifferensieerd óf ongedifferensieerd van aard wees. Dit is gedifferensieerd wanneer ekonomiese welslae nie op ideologiese faktore steun nie en status is ook nie noodwendig 'n gegewe nie. Die patronaat is egter ongedifferensieerd wanneer die drie betrokke komponente, naamlik die ideologiese, ekonomiese en statuskomponente almal deur dieselfde beskerm persoon voorsien word. In so 'n ongedifferensieerde sisteem, probeer die beskerm persoon die stabiliteit van die sosiale sisteem handhaaf en die literatuur wat aanvaar word moet die ideologie en poëtika van die dag bevorder of dit ten minste nie openlik teenstaan nie (Lefevere 1992a:17).

2.3.3.3 Poëtika as manipulerende invloed

Elke literêre sisteem beskik ook oor 'n gedragskode, naamlik 'n poëtika wat uit twee komponente bestaan. Eerstens, 'n register van literêre middele, genres, motiewe en simbole, en tweedens, die idee van wat die rol van literatuur is of behoort te wees binne die groter, sosiale sisteem. Hierdie elemente noem Lefevere onderskeidelik die registerkomponent en die funksionele komponent (Lefevere 1992a:27).

Op 'n spesifieke tydstip vind die kodifisering van 'n poëtika plaas. Hiervolgens word sekere werke gekanoniseer en ander werke uit die kanon weggelaat. Die kodifisering van 'n poëtika word teweeggebring deur hoofsaaklik die persone wat deel uitmaak van die eerste beperkende faktor binne die literêre sisteem, naamlik die kritici, resensente, opvoeders en vertalers, en kanoniseer die werke van skrywers wie se werk konformeer met die gekodifiseerde poëtika (Lefevere 1992a:27,28).

Alhoewel die poëtika, beskermheerskap en ideologie die drie komponente is wat vanuit die literêre sisteem 'n beperkende invloed uitoefen op die herskrywing van literatuur, noem Lefevere ook kultuurgebonde faktore wat beperkend inwerk op die herskrywer of vertaler, naamlik taal (sien ook die Sapir-Whorf-hipotese, paragraaf 2.2.4) en universele diskoers (sien ook kultuur as 'n kognitiewe model van die wêreld, paragraaf 2.2.3).

2.3.3.4. Taal en universele diskoers as beperkende faktore

"Texts are not written in a vacuum. Like language, literature pre-exists its practitioners. Writers are born into a certain culture at a certain time. They inherit that culture's language, its literary traditions (its poetics), its material and conceptual characteristics (microwaves and the ideas of Sigmund Freud in twentieth-century American culture; chamber pots and the ideas of the Enlightenment in eighteenth-century England) - in a word, its 'universe of discourse' - and its standards" (Lefevere 1992b:86).

Lefevere is van mening dat taal ook as 'n beperkende faktor beskou moet word, sowel die formele aspek van taal, naamlik die grammatika, as die pragmatiese aspek van taal, naamlik dat taal kultuurgebonde is (Lefevere 1982/2000:263).

Volgens Lefevere is taal die uitdrukking van 'n spesifieke kultuur en is baie woorde daarom diep in die kultuur ingebed en dus moeilik om na 'n ander taal oor te dra (sien die Sapir-Whorf-hipotese, paragraaf 2.2.4). Taal kan beskou word as streng kultuurgebonde en kan baie probleme vir die vertaler oplewer. Daarom kan dit ook gesien word as 'n beperkende faktor, net soos die 'universele diskoers' van 'n spesifieke kultuur (Lefevere 1992b:86).

Die universele diskoers waarna Lefevere hier verwys is elke kultuur se verwysingsraamwerk (sien kultuur as 'n kognitiewe model van die wêreld, paragraaf 2.2.3) soos geskiedenis, tradisies, konvensies en die uitkyk op die wêreld, en omdat dit ook eie is aan elke kultuur, tree dit beslis op as 'n beperkende faktor vir die vertaler.

Die vertaler self het egter ook deel aan die manipulasie van literêre tekste.

2.3.3.5 Die manipulerende invloed van die vertaler

Nou verbonde aan Lefevere se idee van herskrywing is die idee van die "beeld" van 'n vertaalde werk in die doelkultuur. Volgens Lefevere moet die beeld van 'n vertaling verstaan word as die projeksie van enige werk of outeur in 'n spesifieke kultuur wat dikwels meer invloed uitoefen as wat die oorspronklike werk in sy eie kultuur uitgeoefen het (Hatim 2001:63).

Voorts meen Lefevere (1992b) twee faktore bepaal hierdie geprojekteerde beeld van 'n literêre werk, naamlik die vertaler se ideologie en die dominante poëtika in die ontvangerkultuur wanneer die vertaling gepubliseer word. Die vertaler kan óf self 'n eie ideologie ondersteun óf gedwing word om 'n bepaalde ideologie te ondersteun deur een of ander vorm van die patronaat. Hierdie ideologie bepaal dan, volgens Lefevere, die basiese vertaalstrategieë wat die vertaler gaan toepas en verskaf daarom ook oplossings vir moontlike probleme wat betref elemente van universele diskoers of die brontaal wat daar in die teks gevind mag word.

Lefevere (1992b) noem hierdie proses "refraksie", want die teks word as't ware gefiltreer deur al hierdie beperkende en dus manipulerende faktore ten einde 'n beeld, wat heelwat kan verskil van die oorspronklike in die bronskultuur, te skep in die doelkultuur. Hierop meen Hatim (2001:69):

"The language of translation may be explored in terms of how responsive a translated text is to existing norms and models within the target system. In cases where translated literature is primary, what counts might not be the genius of the original works slavishly reproduced, but rather the 'version', the 'imitation', or even the 'adaptation' which assures an insecure receiving polysystem that it still has something to offer".

Met verwysing na vertaalde tekste wat, soos Lefevere (1992b) ook tereg meen, weens die kreatiewe proses van "refraksie" toegang verkry tot 'n bestaande literêre polisteem, word die kwessie van konformasie met 'n literêre kanon aangeraak, met verwysing na die heersende norme in die doelkultuur soos bestudeer deur Gideon Toury (1995) in sy vooropstelling van deskriptiewe vertaalstudies (sien paragraaf 2.3.2). Dit vorm 'n skerp kontras teen die populêre vertaalteorieë wat dateer uit die tydperk net voor die kulturele wending, waar woord-vir-woord vertaling, oftewel *translation proper* en die onbereikbare *tertium comparationis* die voorrang geniet het.

2.3.4 Die funksionalistiese benadering tot vertaling

Met die vooropstelling van 'n teorie vir deskriptiewe vertaalstudies (sien paragraaf 2.3.2) het Toury ongeveer dieselfde insigte getoon as 'n benadering wat as't ware gelyk ontstaan en parallel ontwikkel het met deskriptiewe vertaalstudies, naamlik die funksionalistiese benadering. Toury en die Manipulasiegroep (sien paragraaf 2.3.3) se siening stem met die funksionaliste ooreen deurdat, eerstens, daar 'n funksie aan die doelteks toegeskryf word (sien deskriptiewe vertaalstudies, paragraaf 2.3.2) en tweedens, deurdat die doelteks en die doelkultuur primêre belang verkry bo die bronteks en die bronskultuur:

"Consequently, translators operate first and foremost in the interest of the culture *into* which they are translating, and not

in the interest of the source text, let alone the source culture"
(Toury 1985:18-19).

Die vertaalbeweging waarna daar verwys word as die "Duitse Skool" van funksionalistiese vertaling verleen, net soos by deskriptiewe vertaalstudies (sien paragraaf 2.3.2) juis prioriteit aan die doeltteks waarin daar vertaal word, terwyl die bronkultuur minder belangrik is. Dit is hoofsaaklik teweeggebring deur Katharina Reiss, Hans J. Vermeer en Justa Holz-Mänttari (Nord 1997a:9).

Katharina Reiss het hierdie funksionalistiese perspektief ingelei met haar objektiewe benadering tot vertaalkritiek waartoe sy, alhoewel dit ekwivalensie-gerig was, 'n funksionele kategorie gevoeg het. Met ekwivalensie as grondslag het Reiss 'n model van vertaalkritiek ontwikkel wat gebaseer is op die funksionele verhouding tussen die bron- en doeltteks (Nord 1997a:9).

Reiss het geweet dat daar in die praktyk situasies voorkom waar 'n ekwivalensie-verhouding tussen die bron- en die doeltteks onmoontlik of selfs ongewens is, en daarom het haar objektiewe benadering tot vertaalkritiek toegewings gemaak wat uitsonderings op die ekwivalensie-reël betref. Voorts het Reiss ook die idee vooropgestel dat die funksionele aspek van 'n vertaalde teks belang moet verkry bo die algemene bepaling van ekwivalensie (Nord 1997a:9).

Hierna het Justa Holz-Mänttari en Hans Vermeer die teoretiese leisels by Reiss oorgeneem wat betref die ontwikkeling van 'n funksionalistiese benadering tot vertaling. Holz-Mänttari het 'n handeling-gebaseerde vertaalteorie gepropageer waarin die rolspelers wat by die vertaalhandeling betrokke is spesiale klem dra en wat later gedien het as basis vir Hans Vermeer se Skoposteorie (Nord 1997a:10-13).

2.3.4.1 Justa Holz-Mänttari en die teorie van vertaalhandeling

Holz-Mänttari meen vertaling is 'n:

"Complex action designed to achieve a particular purpose"
(Holz-Mänttari en Vermeer 1985:4 soos in Nord 1997a:13⁷).

Sy meen die doel van die vertaalhandeling (*translational action*) is om boodskappe oor kulturele en taalverskille heen te kommunikeer deur middel van boodskapsenders (*message transmitters*) wat deur kenners, in hierdie geval vertalers, geproduseer word (Nord 1997a:13).

Sy plaas spesifieke klem op die handelingsaspekte van die vertaalproses en definieer vertaling as 'n vorm van interpersoonlike en doelbewuste interaksie wat in 'n spesifieke situasie plaasvind. Die rolle van die onderskeie deelnemers aan die vertaalproses word ook hiervolgens geanaliseer.

2.3.4.1.1 Vertaling as 'n vorm van interpersoonlike, doelbewuste interaksie

Holz-Mänttari meen 'n kommunikatiewe situasie is een waarin mense interaktief optree, en dus is kommunikasie 'n vorm van interpersoonlike interaksie. Holz-Mänttari sien vertaling hiermee in 'n baie breë sin, deurdat 'n vertaalhandeling nie noodwendig die betrokkenheid van een of ander bronteks vooropstel nie. Sy meen:

"... translational action may involve giving advice and perhaps even *warning* against communicating in the intended way"
(soos in Nord 1997a:17).

Vertaling is egter nie net 'n interpersoonlike interaksie nie, maar is ook doelbewus van aard. Vermeer meen dat daar altyd 'n rede is vir enige handeling en dat die persoon wat die handeling uitvoer, oor die vermoë moet beskik om te verduidelik waarom hy/sy presies daardie handeling bo al die ander handelinge gekies het wat op daardie stadium en in daardie situasie uitvoerbaar was. Vermeer meen ook dat selfs om téén 'n handeling te besluit, ook 'n vorm van aksie is en daarom ewe belangrik as 'n gekose handeling gereken moet word (Nord 1997a:19).

⁷ Holz-Mänttari en Vermeer se tekste is in Duits en omdat Nord (1997a) gedeeltes van hierdie tekste in Engels vertaal het, was dit op hierdie manier vir die navorser toeganklik.

Voorts meen Holz-Mänttari dat kommunikatiewe interaksie altyd plaasvind in spesifieke situasies, wat beperk word deur tyd en plek. Dit beteken:

"... every situation has historical and cultural dimensions that condition the agents' verbal and non-verbal behaviour, their knowledge and expectations of each other, their appraisal of the situation, and the standpoint from which they look at each other and the world" (Nord 1997a:16; sien kultuur as 'n kognitiewe model van die wêreld, paragraaf 2.2.3).

2.3.4.1.2 Die vertaalsituasie

Die situasie waarin vertaling plaasvind, is altyd kommunikatief van aard en ook altyd aan 'n spesifieke tyd en plek gebonde. Dit impliseer dat elke situasie kultuurspesifiek is en dat 'n kulturele bemiddelaar (sien paragraaf 2.2.5) benodig word ten einde kommunikasie te bewerkstellig. Voorts sê Holz-Mänttari:

"Translators enable communication to take place between members of different culture communities. They bridge the gap between situations where differences in verbal and non-verbal behaviour, expectations, knowledge and perspectives are such that there is not enough common ground for the sender and the receiver to communicate effectively by themselves" (Nord 1997a:17).

Die vertaler is slegs een van die rolspelers wat Holz-Mänttari noem betrokke is in die vertaalhandeling. Die ander is naamlik: die opdraggewer (*initiator/commissioner*), die bronteksprodusent en die doelteksontvangers.

2.3.4.1.3 'n Analise van die rolspelers betrokke by die vertaalhandeling

2.3.4.1.3.1 Die opdraggewer

'n Vertaler begin selde in die praktyk uit sy/haar eie werk aan 'n vertaalopdrag, maar word in werklikheid 'n opdrag gegee deur 'n opdraggewer wat die doelteks nodig het om 'n spesifieke funksie te verrig in die betrokke doelkultuur (Nord 1997a:20).

Die onus rus op die opdraggewer om die vertaler te voorsien van 'n bronteks, geproduseer in 'n spesifieke brontekssituasie onder spesifieke bronteksomstandighede en bedoel vir 'n spesifieke bronteksgehoor. Om hierdie rede is nie net die doelteksgehoor nie, maar ook die bronteksgehoor relevant by die formulering van 'n funksie wat die doelteks in die doelkultuur moet verrig (Nord 1997a:20).

Die opdraggewer moet ook, sover moontlik, aan die vertaler inligting verskaf rakende die bronteksouteur en die spesifieke omstandighede waarin die bronteks geskep is, sowel as inligting rakende die bedoelde bronteksgehoor. Inligting oor die doeltekssituasie moet ook verstrek word, naamlik die bedoelde doelteksgehoor vir wie die vertaling geskep word om 'n spesifieke funksie te verrig, asook die doelteksomstandighede waarin dit ontvang gaan word. Daar word na al hierdie inligting gesamentlik verwys as die vertaalopdrag (sien die belang van die vertaalopdrag, paragraaf 2.3.4.2.2).

2.3.4.1.3.2 Die rol van die vertaler

Die vertaler se rol is tweeledig, naamlik eerstens as bronteksontvanger en tweedens as doelteksprodusent. As ekspert in interkulturele kommunikasie tree die vertaler op as 'n bemiddelaar: as sodanig moet die vertaler die bronteks aan 'n volledige analise onderwerp (sien die rol van bronteksanalise, paragraaf 2.3.4.2.3) en dan, met die doelteksontvangers in gedagte, 'n vertaling skep wat funksioneel is vir die spesifieke doeltekssituasie (Nord 1997a:21).

Hiermee word 'n vertaling as geslaagd beskou slegs indien dit voldoen aan die vertaalvereistes soos vooropgestel in die vertaalopdrag, en die onus rus op die vertaler om seker te maak die doelteks is geskik vir die uitvoering van sy spesifieke doelteksfunksie.

2.3.4.1.3.3 Die rol van die bronteksprodusent

Die bronteksprodusent verskaf die bronmateriaal wat die vertaalhandeling aan die gang sit (Nord 1997a:21).

Nord tref hier 'n onderskeid tussen die sender van die bronteks en die produsent van die bronteks. Volgens haar is die sender van 'n teks die persoon of groep of instelling wat die teks gebruik ten einde 'n sekere boodskap weer te gee, terwyl die teksprodusent die persoon

is wat verantwoordelik is vir die linguistiese en stilistiese keuses soos teenwoordig in die teks wat die sender se kommunikatiewe intensie oordra (Nord 1997a:21).

Dit geld egter bykans net vir tegniese tekste, want in die geval van literêre tekste is die sender dikwels ook die outeur of teksprodusent en is dié outeur dikwels ook 'n vername figuur in die gemeenskap, wat belangrike implikasies vooropstel wat betref die verwagtinge van die teksontvangers (Nord 1997a:80).

2.3.4.1.3.4 Die doelteksontvangers

Die voorgenome doelteksontvangers is een van die beslissende faktore vir die produksie van die doelteks en daarom behoort 'n definiërende omskrywing van die voorgenome doeltekslesers ook deel te wees van die vertaalinstruksies. Daar word onderskeid getref tussen die voorgenome doelteksontvanger en die werklike doelteksontvanger.

Waar die voorgenome doelteksontvanger gekonstrueer word vanuit die perspektief van die doelteksprodusent, is die werklike doelteksontvanger die persoon of groep persone of dalk selfs die instansie wat die teks op die ou end in werklikheid lees. Holz-Mänttari beskryf die werklike doelteksontvanger (*Applikator*) as die persoon wat op die ou end die doelteks inspan as 'n bron van informasie om een of ander funksie te verrig in die doelkultuur (Nord 1997a:22)⁸.

Net soos Holz-Mänttari het Hans Vermeer vertaling ook beskou as 'n menslike handeling en daarom is ook sy teorie van vertaling handelingsgeoriënteerd. Hy het egter meer klem gelê op die doelbewuste aard van die vertaalhandeling en het 'n bewuste poging aangewend om 'n finale breuk te bewerkstellig tussen vertaalteorie en die sterk linguistiese invloed.

2.3.4.2 Hans Vermeer en Skoposteorie

Hans Vermeer (Nord 1997a:10) sê:

⁸ Waar Nord (1997a) hier onderskeid tref tussen die voorgenome doelteksontvanger en die werklike doelteksontvanger, is dit ook belangrik om te let op Nord (1997a) se onderskeid tussen die twee basiese tipes vertaalprosesse, naamlik dokumentêre vertaling teenoor instrumentele vertaling. Hierdie onderskeid word getref aan die hand van die funksie van die vertaalproses (dokumentêre vertaling) en die doelteksfunksie as gevolg van hierdie proses (instrumentele vertaling). 'n Dokumentêre vertaling produseer 'n dokument in die doelkultuur waarin die bronkultuursender met 'n bronkultuurgehoor kommunikeer in bronkultuuromstandighede, terwyl die instrumentele vertaling 'n teks produseer wat 'n nuwe kommunikatiewe interaksie tussen die bronkultuursender en die doelkultuurgehoor bewerkstellig deur sekere aspekte uit die brontekstmodel te gebruik (Nord 1997a:47).

"Linguistics won't help us. First, because translating is not merely and not even a linguistic process. Secondly, because linguistics has not yet formulated the right questions to tackle our problems. So let us look somewhere else".

Met hierdie vertaalteoretiese benadering word finaal wegbeweeg van enige linguistiese invloed en oorbrug Vermeer die gaping wat, as gevolg van problematiek ten opsigte van die ekwivalensie-konsep, tussen vertaalteorie- en praktyk geheers het.

Vermeer beskou vertaling as 'n proses waar kommunikatiewe, verbale sowel as nieverbale, tekens semioties oorgedra word van een taal na 'n ander en klassifiseer dit as 'n tipe menslike handeling wat daarom deel uitmaak van die handelingsteorie (Nord 1997a:11).

Net soos Holz-Mänttari is Vermeer van mening dat alle menslike handeling bewus geskied en dat, omdat menslike handeling altyd plaasvind in 'n spesifieke situasie wat onlosmaaklik in 'n spesifieke kultuur ingebed is, vertaalteorie hoegenaamd nie slegs op linguistiese teorieë moet steun nie. Hy propageer dat daar eintlik 'n teorie van kultuur benodig word om die spesifieke kommunikatiewe situasie en die verhouding tussen die verbale en nieverbale elemente uit te wys en te verduidelik (Nord 1997a:11).

Hierop baseer Vermeer (Vermeer 1989:173 soos aangehaal in Nord 1997a:12) sy Skoposteorie:

"Any form of translational action, including therefore translation itself, may be conceived as an action, as the name implies. Any action has an aim, a purpose [...] The word *skopos*, then, is a technical term for the aim or purpose of a translation".

Die Skoposteorie is dus 'n teorie van doelgerigte handeling, wat beteken dat elke vertaalde teks 'n spesifieke funksie in die doelkultuur verrig. Nog 'n belangrike aspek van die Skoposteorie is naamlik die verhouding tussen die bron- en doeltteks vanuit 'n

funksionalistiese perspektief. Waar die verhouding tussen die bron- en doelteks onder linguistiese invloed altyd geklassifiseer is as 'n tipe ekwivalensie, formuleer Vermeer hierdie verhouding as een van intratekstuele en intertekstuele koherensie.

2.3.4.2.1 Intratekstuele en intertekstuele koherensie

"The meaning or function of a text is not something inherent in the linguistic signs; it cannot simply be extracted by anyone who knows the code. A text is made meaningful by its receivers" (Nord 1997a:31).

In terme van Vermeer se Skoposteorie word daar, net soos in Toury se standpunt oor deskriptiewe vertaalstudies (sien paragraaf 2.3.2), meer belang geheg aan die doelkultuur as aan die bronteks en die bronkultuur. Vermeer meen die bronteks is slegs 'n "aanbod van informasie" waaruit die ontvanger sekere items kies wat hom/haar interesseer of wat vir hom/haar van spesifieke belang is. Daarom meen hy ook, bestaan 'n teks eintlik uit soveel verskillende tekste as wat dit ontvangers het (Nord 1997a:31).

Die doelteksontvanger is dus van spesifieke belang in Vermeer se funksionalistiese benadering en verkry ook 'n belangrike plek in die vertaalopdrag, wat deur die kliënt aan die vertaler verskaf word en uiteindelik 'n beslissende invloed het op die funksie wat die vertaling in die doelkultuur gaan verrig. Daarom:

"Guided by the translation brief, the translator selects certain items from the source-language offer of information (originally meant for source-culture addressees) and processes them in order to form a new offer of information in the target language, from which the target-culture addressees can in turn select what they consider to be meaningful in their own situation" (Nord 1997a:32).

Die vertaler moet dus 'n teks produseer wat funksioneel is vir die doelteksontvangers. Vermeer meen die doelteks moet konformeer met die standaard van 'intratekstuele

koherensie', wat beteken dat die teks moet sin maak binne die kommunikatiewe situasie en die kultuur waarin dit ontvang word (Nord 1997a:32).

Maar, omdat die vertaling 'n informasie-aanbod is, gebaseer op 'n voorafgaande informasie-aanbod, staan dit steeds in 'n tipe verhouding tot die bronteks. Hierdie verhouding tussen die bronteks en die uiteindelijke doelteks noem Vermeer dan 'intertekstuele koherensie' of 'getrouheid' (*fidelity*) (Nord 1997a:32). Hierdie beginsels van intratekstuele sowel as intertekstuele koherensie vervang dan as't ware die konsep van ekwivalensie tussen die bronteks en sy doelteks. In teenstelling tot ekwivalensie, is die vereiste van getrouheid egter ondergeskik aan die skopos-reël. Daarom, indien die skopos vereis dat daar van funksie verander moet word, sal die vereiste standaard nie meer algehele intertekstuele koherensie met die bronteks wees nie, maar eerder geskiktheid (*adequacy*) na aanleiding van die skopos van die doelteks (Nord 1991:24).

Net soos Holz-Mänttari beklemtoon Vermeer ook die belang van die vertaalopdrag in die vertaalhandeling.

2.3.4.2.2 Die belang van die vertaalopdrag

"Every translation task should thus be accompanied by a brief that defines the conditions under which the target text should carry out its particular function" (Nord 1997a:59).

Die vertaalopdrag beskryf die beoogde kommunikatiewe situasie waarin die doelteks gaan funksioneer binne 'n spesifieke doelkultuur en gee ook 'n beskrywing van die belangrikste rolspelers wat betrokke is by die kommunikatiewe handeling (sien 'n analise van die rolspelers betrokke by die vertaalhandeling, paragraaf 2.3.4.1.3) (Nord 1997a:59).

Die vertaalopdrag moet dus informasie insluit oor die:

- voorgenome teksfunksie(s),
- voorgenome doelteksontvanger(s),
- voorgenome tyd en plek van teksontvangs,
- medium waardeur die boodskap oorgedra word en

- motief vir die produksie en die ontvangs van die teks (Nord 1997a:60).

Die vertaler moet ook 'n soortgelyke profiel opstel van die bronteks ten einde die bronteksprofiel en doelteksprofiel met mekaar te vergelyk en te sien waar en hoe hulle van mekaar verskil (Nord 1997a:60). Hierdie proses word as bronteksanalise beskryf.

2.3.4.2.3 Die rol van bronteksanalise

"After comparing the source text-in-situation with the target text-in-situation, the translator should be in a position to decide on optimal 'transfer procedures' " (Nord 1997a:63).

Bron- en doelteksanalise soos voorgestel in die funksionalistiese benadering toon heelwat ooreenkomste met Toury se metodologie vir deskriptiewe vertaalstudies (sien paragraaf 2.3.2.2), want alhoewel prioriteit verleen word aan die doelteks in die funksionalistiese vertaalbenadering, beteken dit nie dat die bronteks as irrelevant afgemaak word nie. Noukeurige analise van die bronteks rig en lei die vertaalproses, deurdat dit 'n basis voorsien vir keuses oor die uitvoerbaarheid van die vertaalopdrag, watter brontekselemente relevant sal bly vir 'n funksionele vertaling en watter vertaalstrategie (sien bespreking oor vertaalstrategieë, paragraaf 3.5.2) sal lei tot 'n vertaling wat optimaal voldoen aan die eise van die vertaalinstruksies. Insgelyks is Toury se analitiese vergelyking van die BT en die DT waaruit implikasies vir besluitneming in toekomstige vertalings afgelei kan word (sien deskriptiewe vertaalstudies, paragraaf 2.3.2.2).

Gevolgtik word 'n vertaling as "ongeskik" of "sleg" beskou, slegs wanneer dit nie voldoen aan die vereistes wat die vertaalinstruksies stel nie:

"If the purpose of a translation is to achieve a particular function for the target addressee, anything that obstructs the achievement of this purpose is a translation error" (Nord 1997a:74).

2.3.4.3 Nord en die vertaler se etiese verantwoordelikheid: lojaliteit

Nord definieer die vertaler se verantwoordelikheid as "lojaliteit" en verduidelik dit as volg:

"Let me call 'loyalty' this responsibility translators have toward their partners in translational interaction" (Nord 1997a:124).

Nord meen dat Vermeer se Skoposteorie te kort skiet wat twee spesifieke en belangrike aspekte betref: eerstens wat betref die verhouding tussen die vertaler en die bronteksouteur en tweedens, wat betref die kulturele spesifiekheid van die skoposbenadering (Nord 1997a:124).

Nord merk op dat daar geen beperkinge is op die aantal skopoi wat 'n vertaling kan hê nie. Hiermee word bedoel dat, omdat die skopos van die doelteks bepalend is vir die vertaalstrategie, daar gevalle kan opduik waar die outeur se boodskap verdraai kan word ten einde 'n funksie in die doelkultuur te bereik en, omdat die skopos voorkeur geniet bo die bronteksbelange, Vermeer se Skoposteorie hierdie verdraaiing van die outeur se oorspronklike bedoeling kan laat plaasvind (Nord 1997a:124).

Voorts meen Nord ook dat:

"... at different times and in different parts of the world people have had different concepts of what a good translation is or should be" (Nord 1997a:124).

Nord noem dat sekere kultuurgroepe glo dat vertaling woord-vir-woord moet geskied en dan ook verwag dat dit so gedoen word, terwyl ander weer verwag dat 'n vertaling maklik lees- en verstaanbaar behoort te wees. Hiermee word verwys na wat Nord noem, elke persoon se subjektiewe teorie oor vertaling. Hierdie subjektiewe teorie oor hoe daar vertaal behoort te word en kriteria vir goeie of swak vertaling is gewoonlik ook kultuurspesifiek, soos uitgewys beide deur Toury in sy ondersoek na vertaalnorme (sien paragraaf 2.3.2.3) en André Lefevere met sy teorie oor die manipulasie van tekste (sien paragraaf 2.3.3.1) (Nord 1997a:125).

Daarom meen Nord, behoort 'n etiese verantwoordelikheid te lê aan die kant van die vertaler om enersyds nie die bronteksouteur se woorde te verdraai nie, al skryf die funksie van die doelteks of die vertaalinstruksies dit so voor, en andersyds om altyd jou doelteksgehoor se subjektiewe teorieë oor vertaalmetodes in gedagte te hou en dus nie die doelteksleser te mislei nie.

Weereens word die vertaler se rol as interkulturele bemiddelaar hier beklemtoon:

"It is the translator's task to mediate between the two cultures, and mediation cannot mean imposing one's culture-specific concept on members of another culture community" (Nord 1997a:125).

Daarom meen Nord dat die vertaler so ver moontlik altyd die gekose vertaalstrategie aan die doeltekslesers moet verduidelik, veral indien dit teenstrydig is met gehuldigde subjektiewe teorieë en veral wanneer daar van die bronteks afgewyk word om lojaal aan die bronteksouteur te bly.

Maar dieselfde geld ook in die geval van elemente wat eie is aan die bronkultuur, maar vreemd is aan die doelkultuur. Nord verduidelik dit as volg:

"In translation, the translator produces signs for the target audience. In order to be understood, the meaning of the signs must be known. If the translator uses signs taken from a source-culture inventory that might be misinterpreted from a target-culture point of view, it is advisable to mark the translation accordingly" (Nord 1997a:23).

2.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar getoon dat vertaling nie in 'n vakuum geskied nie, maar in 'n dinamiese verhouding staan tot 'n spesifieke plek- en tydgebonde sosio-kulturele omgewing, enersyds omdat kultuur 'n belangrike rol speel by sowel die enkodering van die bronteks as by die interpretasie van die doelteks, en andersyds omdat dit beïnvloed word deur

regulerende magte, binne sowel as buite 'n gegewe literêre polisteesem, en net so ook beïnvloed word deur die vertaler se persoonlike ideologie.

Voorts is die belangrike rol wat besluitneming inneem in die vertaalproses getoon as bepalend vir die vorming van vertaalstrategieë, soos dit beïnvloed word deur kultuurspesifieke norme in die doelkultuur wat uiteindelik kan lei tot 'n weerstandbiedende vertaalstrategie van veruitheemsing, óf tot die onsigbaarheid van die vertaler in 'n vertaalstrategie van verinheemsing (sien bespreking van vertaalstrategieë, paragraaf 3.5.2.1).

Die hoofuitgangspunte van die deskriptiewe en funksionalistiese benadering tot vertaling soos in hierdie hoofstuk beklemtoon, dien voorts as teoretiese onderbou vir hoofstukke 3 en 4 waar voorgenome hipoteses getoets sal word aan die hand van 'n funksionele analise van bron- en doelteks-elemente, soos vooropgestel in Lambert en Van Gorp (1985) se deskriptiewe skematiese model vir strukturele analise.

Hoofstuk 3: Buitetekstuele, paratekstuele en makrostrukturele analise van die Afrikaanse Harry Potter

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n buitetekstuele, paratekstuele en makrostrukturele analise van die Afrikaanse vertalings, *Harry Potter en die beker vol vuur* (HPD1) en *Harry Potter en die halfbloed prins* (HPD2), onderneem met Lambert en Van Gorp (1985) se model vir deskriptiewe vertaalanalise as basis. Die model vir vertaalanalise word uiteengesit (afdeling 3.2) en dan volg 'n analise van die buitetekstuele elemente (afdeling 3.3) waarin die bron- en doelteksprofiele onder bespreking vergelyk word ten einde die vertaalde tekste binne hulle historiese konteks te plaas vir verdere studie.

In die buitetekstuele analise word die bron- en die doelteksprofiel met mekaar vergelyk. Die bronteksprofiel word eerste onder die vergrootglas geplaas (paragraaf 3.3.1) waar daar gekyk word na die voorgenome teksfunksie(s) (paragraaf 3.3.1.1), die voorgenome bronteksontvangers (paragraaf 3.3.1.2), die voorgenome tyd en plek van teksontvangs (paragraaf 3.3.1.3), die medium waarin die teks oorgedra word (paragraaf 3.3.1.4) en die motief vir die produksie en ontvangs van die teks (paragraaf 3.3.1.5).

Daarna volg 'n analise van die doelteksprofiel (paragraaf 3.3.2), naamlik met 'n blik op die voorgenome teksfunksie(s) (paragraaf 3.3.2.1), die voorgenome doelteksontvangers (paragraaf 3.3.2.2), die voorgenome tyd en plek van teksontvangs (paragraaf 3.3.2.3), die medium waarin die teks oorgedra word (paragraaf 3.3.2.4), asook die motief vir die produksie en die ontvangs van die teks (paragraaf 3.3.2.5).

'n Analise van paratekstuele elemente (afdeling 3.4) dien om aannames oor die sosio-kulturele situasie van onderskeidelik die bron- en doelteks, soos gemaak in die bron- en doelteksanalise, te staaf of negeer. Daar word gekyk na die titel (paragraaf 3.4.1) en die voorblad (paragraaf 3.4.2) met voorbladanalises (paragraaf 3.4.2.1 en 3.4.2.2). Dan volg 'n bespreking van die titelblad (paragraaf 3.4.3) en die flapteks (paragraaf 3.4.4) waarna daar beoordeel word of die beeld wat die doelteksvoorblaaie projekteer geskik is vir die betrokke doeltekslesers, al dan nie (paragraaf 3.4.5). Uiteindelik word daar gekyk na die koherensie tussen die voorbladillustrasies en die flaptekste (paragraaf 3.4.6).

Die paratekstuele elemente van die doeltekste, as bemerking van 'n spesifieke soort teks gemik op 'n spesifieke lesergroep wat tot 'n spesifieke kultuur behoort, word geanaliseer ten einde te beoordeel of die doelteks optimaal in die doelkultuur funksioneer. Terselfdertyd dien hierdie analise as inleiding tot die studie van makrostrukturele elemente wat in die teks aanwesig is (afdeling 3.5). Hier word daar gekyk na die algemene teksstruktuur (paragraaf 3.5.1) en vertaalstrategieë (paragraaf 3.5.2).

In die bespreking van vertaalstrategieë word Venuti se mening betrek in die keuse tussen 'n vertaalstrategie van óf verinheemsing óf veruithheemsing (paragraaf 3.5.2.1) en daar word getoon waarom hierdie studie 'n kompromis tussen verin- en veruithheemsing as funksionalistiese vertaalstrategie voorstel. Voorts word gekose vertaalstrategieë en die rol van die vertaler blootgelê in 'n ondersoek na die hantering van temas in die doeltekste (paragraaf 3.5.3), die milieu (paragraaf 3.5.4), karakterisering (paragraaf 3.5.5), eufemistiese taalgebruik (paragraaf 3.5.6) en eksplisering (paragraaf 3.5.7).

3.2 Uitleg van die model vir vertaalanalise

Lambert en Van Gorp (1985) se model vir deskriptiewe vertaalanalise dien as vertrekpunt vir hierdie studie. Die model skep 'n metodologiese raamwerk wat die analise van verskeie aspekte van vertaling moontlik maak binne die konteks van 'n algemene vertaalteorie (Lambert en Van Gorp 1985:43).

Dit word as volg uiteengesit: 'n studie van voorlopige data, naamlik die voorbladillustrasie, titel, titelblad en enige ander sigbare parateks, soos 'n voorwoord, voetnote of 'n glossarium, waar aannames gemaak word oor die makrostruktuur van die teks. Dan volg die makrostrukturele analise, met 'n diepte-analise van die makro-uiteensetting van die teks. Dit lei weer tot aannames oor die mikrostrukturele analise van die teks, waar 'n studie geloods word na tekstuele verhoudinge op woordvlak.

Hiermee word verskeie vertaalprobleme ondersoek, soos: of 'n vertaling as sodanig aangebied en ontvang word in die doelkultuur, al dan nie, die styl en poëtiese konvensies wat tussen bronteks en doelteks heers, asook die rol wat vertalings speel in die ontwikkeling en groei van 'n literêre sisteem (Lambert en Van Gorp 1985:44-45).

Lambert en Van Gorp (1985) se model is in die vorm van 'n hipotetiese skema waar navorsing gebaseer word op die algemene vertaalverskynsels saamgevat in Even-Zohar se polisisteamteorie (sien paragraaf 2.3.1). Die skema verwys na die literêre sisteme van onderskeidelik die bron- en doelkulture, in 'n oop en dinamiese verhouding tot mekaar. Die presiese verhouding tussen die bronteks literêre sisteem en die doelteks literêre sisteem word ondersoek deur die onderskeie elemente van elke literêre sisteem met mekaar te vergelyk (Lambert en Van Gorp 1985:44).

Voorts kan die volgende verhoudings vasgestel word: tussen die bron- en die doelteks, tussen die bron- en die doelteksouteur, tussen die bron- en die doelteksontvangers, die intensies van beide die bron- en die doelteksouteur, en in welke mate dit ooreenstem al dan nie, ontvangs van die bronteks in die bronkultuur en ontvangs van die doelteks in die doelkultuur, en in welke mate dit ooreenstem, al dan nie, die situasie van die bron- en die doelteksouteur word vergelyk, die situasie van beide die bron- en die doelteks word vergelyk as tekste wat in 'n verhouding staan tot ander tekste, die situasie van onderskeidelik die bron- en die doelteksontvangers in die onderskeie sisteme word vergelyk, en laastens word 'n vergelyking getref tussen die posisie van vertalings in beide die bron- en die doeltekssisteme (Lambert en Van Gorp 1985:44).

3.3 Buitetekstuele analise: die vergelyking van die bron- en doelteksprofiel

Alhoewel Lambert en Van Gorp (1985) se deskriptiewe model vir vertaalanalise as uitgangspunt gebruik word, is hierdie studie gegrond op basiese funksionalistiese beginsels en daarom is 'n buitetekstuele analise noodsaaklik. 'n Noukeurige vergelyking van die bronteks- en doelteksprofiel rig en lei die vertaalproses, deurdat dit 'n basis voorsien vir keuses oor die uitvoerbaarheid van die vertaalopdrag, watter brontekselemente relevant sal bly vir 'n funksionalistiese vertaling en watter vertaalstrategie (sien paragraaf 3.5.2) sal lei tot 'n vertaling wat optimaal voldoen aan die eise van die vertaalinstruksies. Soos Nord (1997a:62) dit stel:

"The source text provides the offer of information that forms the starting point for the offer of information formulated in the target text".

Net so lig dit belangrike verskille tussen die doelteks- en die bronteksgehoor uit met betrekking tot sosio-kulturele agtergrond, wêreldkennis en kulturele verwagtinge (Nord 1997a:63).

Omdat 'n analise van die bron- en die doelteksprofiel die vertaler se vertaalbesluite rig en lei, is dit ook vir hierdie studie van belang, ten einde enersyds die vertaler se vertaalnorme te bepaal en andersyds, die vertaalde tekste wat met behulp van 'n deskriptiewe metodologie geanaliseer sal word, binne hulle historiese konteks (sien deskriptiewe vertaalstudies, paragraaf 2.3.2.1) vir verdere studie te plaas.

In die bestudering van die bron- en die doelteksprofiel word aannames gemaak oor die bron- en doeltekssituasie waarin die tekste onderskeidelik ontstaan het. Hierdie aannames sal in die analise van die paratekstuele elemente (afdeling 3.4) gestaaf of negeer word.

3.3.1 Die bronteksprofiel

3.3.1.1 Die voorgename teksfunksie(s)

Eccleshare (2002:3) meen die Harry Potter-reeks se primêre funksie is om te vermaak en om as ontspanning te dien, sonder duidelik uiteengesette didaktiese doelstellings:

"After years of debate as to the purpose of books for children, frequently with an emphasis on the importance of message, it may be that the execution of that simple ambition to entertain is what has made Harry Potter the universal boy hero he has now become".

Albei die brontekste (HPB1 en HPB2) is literêre fiksie en op grond van die primêre doel as vermaak, meer spesifiek populêre fiksie met die genre wat van die flapteks afgelei kan word as *avontuur* (sien bespreking van flaptekste, paragraaf 3.4.4). Dít word geklassifiseer as die

teks se ekspressiewe funksie⁹. Nord (1997a:80) meen 'n literêre teks het, hoewel die ekspressiewe funksie altyd sterker is, ook 'n referensiële funksie¹⁰:

"... in contrast to non-literary text-production, a literary author's intention is usually not to describe the 'real world' (as it is seen and acknowledged in the community), but to motivate personal insights about reality by describing an alternative or fictional world" (Nord 1997a:80).

In die Harry Potter-reeks wissel Rowling dan ook inderdaad tussen verwysings na die reële werklikheid van die bronkultuur, naamlik Engeland en meer spesifiek, Londen, en 'n parallelle, fiktiewe towerwêreld (sien paragraaf 3.5.4 vir 'n bespreking van die milieu).

3.3.1.2 Die voorgename bronteksontvangers

Uit Bedeker (2004:48) blyk dit dat die bronteks hoofsaaklik geskep is vir lesers van agt jaar en ouer, alhoewel Rowling self erken dat sy nie vir 'n spesifieke teikenmark geskryf het nie. Die redaksionele direkteur van *Bloomsbury Children's Books*, Barry Cunningham, het die publikasieregte gekoop op Rowling se eerste boek sowel as die ses ander wat sou volg, en die reeks is aanvanklik vir kinderlesers gepubliseer (Eccleshare 2002:8).

Cunningham was van mening dat die Harry Potter-reeks meer aanklank sou vind by seuns as by meisies en het die outeursnaam, Joanne Rowling, vir die voorblad verander na die geslagsneutrale J.K Rowling, want volgens Cunningham lees seuns eerder boeke wat geskryf is deur 'n manlike outeur (Eccleshare 2002:9). Die voorbladillustrasies, hoewel nie geskets deur dieselfde kunstenaar nie, is duidelik gerig op 'n seunsgeslag, met die gebruik van sterk primêre kleure, dikwels blou of groen en rooi en meestal sketse van "Harry-in-aksie" (sien voorbladanalises, paragrawe 3.4.2.1 en 3.4.2.2).

Met die toenemende gewildheid van dié reeks het dit egter vinnig geblyk dat nie net seuns nie, maar ook meisies en selfs volwassenes die boeke lees en geniet. Daarom het

⁹ Volgens Carstens (1997:91) het die kommunikatiewe funksie van ekspressiewe tekste ten doel om uitdrukking te gee aan idees, gedagtes, emosies, menings en ervarings van die skrywer.

¹⁰ Volgens Carstens (1997:90) wys die referensiële funksie van 'n teks op gebeure in die werklikheid of word inligting omtrent die werklikheid weergegee.

Bloomsbury 'n tweede weergawe van die Harry Potter-reeks laat druk wat gerig is op 'n meer volwasse lesergroep, met voorblaaie wat ietwat meer gesofistikeerd daar uitsien as dié van die oorspronklike reeks (sien analise van voorblaaie, paragraaf 3.4.2).

Dit is egter opmerklik dat die oorspronklike reeks na die tweede boek, *Harry Potter and the chamber of secrets*, se voorbladillustrasies ook mettertyd 'n tipe transformasie ondergaan het en ietwat meer gesofistikeerd daar uitsien as die eerste twee uitgawes - 'n duidelike bewys van die status as leesstof vir 'n tweeledige gehoor.

3.3.1.3 Die voorgenome tyd en plek van ontvangs

"Although the situational factors of place, time and motive may not be relevant for the distinction between literary and non-literary texts, they do play an important part in literary translation in that they convey the culture-specific features of the source and the target situations" (Nord 1997a:81).

Die uitgewer van die oorspronklike Harry Potter-reeks, Bloomsbury, is 'n private uitgewery wat in Londen gebaseer is. Die plek van ontvangs van *Harry Potter and the goblet of fire* (HPB1) en *Harry Potter and the half-blood prince* (HPB2) is Brittanje en dus gerig op 'n Britse gehoor. HPB1 is in Julie 2000 en HPB2 in Julie 2005 in Brittanje gepubliseer.

3.3.1.4 Die medium waarin die teks oorgedra gaan word

Alhoewel die teks oorspronklik in gedrukte medium (boekformaat) uitgegee is, het Bloomsbury ook CD's van die oorspronklike reeks boeke beskikbaar gestel (<http://www.bloomsbury.com>).

In die brontaal is die Harry Potter-reeks verkrygbaar in óf hardeband óf sagteband. Die eerste drie boeke in die reeks is oorspronklik in sagteband uitgegee, waarna hardebandkopieë ook beskikbaar gestel is in latere versamelaarsuitgawes, en die boeke is vanaf boek vier oorwegend in hardeband gebind. In die oorspronklike tekste is daar, buiten die voor- en agterblaaie, geen illustrasies nie. HPB1 beslaan naamlik 636 bladsye en HPB2 beslaan 607 bladsye.

3.3.1.5 Die motief vir die produksie en ontvangs van die teks

Bloomsbury is 'n private instansie waarvan die eerste boek in die reeks aanvanklik net een van die uitgewery se vele nuwe publikasies sou wees op die gebied van kinderlektuur en meer spesifiek, fiksie vir kinders. Volgens Eccleshare (2002:8) het die uitgewer, Barry Cunningham, kort voor die aankope van die Harry Potter-reeks se publikasieregte met groot sukses 'n reeks boeke deur 'n nuwe outeur gepubliseer en was hy juis besig om noukeurig 'n lysie van nuwe kinderboeke saam te stel wat versigtig dog weldeurdag bemark sou word, in die hoop dat dit ewe goed sou vaar.

Na aanvang van die Potter-manie wêreldwyd sou die motief vir publikasie moontlik verander, naamlik nie meer om 'n teks aan 'n mark voor te stel en dit te probeer verkoop nie, maar om in 'n groeiende aanvraag uit die openbare sektor te voorsien. Die eerste boek in die Harry Potter-reeks is ewe-eens aanvanklik ontvang as net nog 'n nuwe fantasieboek gerig op kinders wat later ontwikkel het in 'n gretige afwagting op die vrystelling van die nuutste publikasie in die reeks.

Daar was aanvanklik, net na die publikasie van die eerste boek in die Harry Potter-reeks, *Harry Potter and the philosopher's stone*, nie 'n groot bohaai oor die boek nie. Uiteindelik het daar 'n resensie verskyn in *The Scotsman* en geleidelik daarna het ander gevolg, onder meer in *The Glasgow Herald*, *The Guardian*, *The Sunday Times* en *The Mail on Sunday* en later ook deur die kinderboektydskrif, *Books for Keeps* (Eccleshare 2002:11).

Vroeë resensies het meermale getuig van Rowling se gebruik van klassieke vertelmiddels, boeiende spanningslyne, 'n weldeurdagte verwickelingslyn, ryk tekstuur en skerpsinnige humor. Kritici het dadelik parallelle getref met dié van die Britse outeur, wyle Roald Dahl, wat haar verteltegniek betref. Sedert Dahl se dood in 1990 het Britse uitgewerye naartoe gesoek na 'n nuwe Britse outeur wie se boeke net so populêr is onder kinders, en Rowling is al meer en meer in die pers gehuldig as 'die nuwe Roald Dahl' (Eccleshare 2002:11).

In 1997 het Rowling die *Nestlé Smarties Gold Award* gewen vir haar eerste boek in die Harry Potter-reeks, *Harry Potter and the philosopher's stone*, 'n kompetisie waar kinders vir hulle gunstelingboek stem. In die daaropvolgende jaar het *Harry Potter and the philosopher's stone* al die groot kinderboekpryse gewen wat deur kinders self gekies word, naamlik die

Children's Book Award, die *Young Telegraph Paperback of the Year Award*, die *Birmingham Cable Children's Book Award*. Dit was ook op die kortlys vir pryse wat deur volwassenes gekies word, soos die *Carnegie Medal* en die *Guardian's Children's Book Prize* en Rowling self het twee pryse gewen wat deur uitgewerye oorhandig word vir boekverkope op literêre meriete, naamlik die *British Book Awards Children's Book of the Year* vir haar eerste boek en die *Bookseller's Association/The Bookseller Author of the Year* vir haarself (Eccleshare 2002:12,13).

Na aanleiding van al die pryse wat Harry Potter in die bronkultuur ingepalm het wat deur kinders self toegeken word, is dit duidelik dat hierdie reeks se sukses nie net te danke is aan goeie bemarkingstrategieë of oordrewe reklame nie, maar omdat Britse kinders dit werklik geniet om hierdie boeke te lees (Eccleshare 2002:13).

Rowling se Harry Potter-reeks het tot gevolg gehad dat 'n nuwe leeskuiluur onder kinders sowel as volwassenes ontwikkel het, aanvanklik in Brittanje en later wêreldwyd. 'n Britse opname het bevind dat 71% van Harry Potter-boeke in 1999 gekoop is vir kinders tussen die ouderdom van agt tot veertien, maar teen 2001 het hierdie persentasie afgeneem tot 'n skrale 36% (*Star* 2003:16). Met die publikasie van die vierde boek in die Harry Potter-reeks, *Harry Potter and the goblet of fire*, het Reuters berig dat daar elke minuut 220 Harry Potter-boeke verkoop word. Na raming was die Potter-reeks se verkoopsyfers ongeveer 192 miljoen kopieë wêreldwyd, is die boeke reeds in 55 tale vertaal en versprei oor meer as 200 lande (*Star* 2003:1).

3.3.2 Die doelteksprofiel

3.3.2.1 Die voorgename teksfunksie(s)

Literêre tekste word dikwels geskep sonder 'n spesifieke lesergehoor in gedagte. Daarteenoor word 'n vertaalde literêre teks altyd geskep met 'n spesifieke lesergehoor in gedagte, of soos Nord (1997a:83) dit stel:

"Even if a source text has been written without any particular purpose or intention, the translation is always addressed to some audience (however undefined it may be) and is thus intended to have some function for the readers".

Die vertaalde tekste, HPD1 en HPD2, bly in vertaalde vorm literêre werke en het daarom steeds 'n tweeledige funksie, naamlik sowel referensieel as ekspressief (sien paragraaf 3.3.1.1 vir definisies van hierdie terme). Wat betref die ekspressiewe funksie van die doeltekste is dit opmerklik dat, waar die genre in die brontekste uit die flapteks as *avontuur* afgelei kan word, dit by die doeltekste beskou word as *fantasie* (sien bespreking van flaptekste, paragraaf 3.4.4).

Alhoewel die doelteks dus, net soos die bronteks, primêr 'n ontspanningsfunksie het, sal dit ook vir die doeltekslesers 'n informatiewe funksie hê indien 'n oorhoofse vertaalstrategie van veruitheemsing (sien paragrawe 3.5.2 en 3.5.2.1) gevolg word, omdat die doeltekslesers dan as't ware meer leer oor die bronkultuur. Dit is egter belangrik dat hierdie informatiewe funksie wat die doelteks in die doelkultuur vervul wel sekondêr van aard is en nooit die primêre ontspanningsfunksie oorheers nie. Die informatiewe funksie kan die estetiese kwaliteit van die doelteks ondermyn en die doelteks kan dan 'n didaktiese of pedagogiese posisie in die doelkultuur inneem.

3.3.2.2 Die voorgenome doelteksontvangers

"It follows that persons not able to understand the original English version make up a large enough market for publishers to consider producing translations" (Jentsch 2002:284).

Omdat die Harry Potter-reeks 'n tweeledige lesergehoor het, het die vertaalde teks juis primêr ten doel om jonger kinders, wat nog nie Engels goed kan lees nie, tegemoet te kom. Sodoende is die populêre teks ook binne hulle bereik as jong, onervare lesers. Engels is een van Suid-Afrika se amptelike elf tale en is daarby ook die deursnee-Afrikaanssprekende se tweede taal. Daarom is die Engelse bronteks hoegenaamd nie vir die meerderheid Afrikaanssprekendes ouer as 10 of 11 jaar ontoeganklik nie (sien ook Bedeker 2004:44).

Maar, alhoewel 'n ouer lesergehoor eerder die oorspronklike teks sal lees as die vertaling daarvan, is die moontlikheid dat die volwasse leser hierdie populêre boek ook in hulle moedertaal sou wou lees, nie heeltemal vergesog nie.

Daar word egter afgelei dat jong kinders, onder die ouderdom van 11 jaar, die primêre (voorgenome) doelteksontvangers is, terwyl volwassenes die sekondêre doelteksontvangers is (Bedeker 2004:48).

3.3.2.3 Die voorgenome tyd en plek van teksontvangs

Die uitgewer van HPD1 en HPD2 , naamlik Human & Rousseau ('n afdeling van NB-Uitgewers Bpk.) is geleë in Kaapstad, Suid-Afrika. Daar kan dus met reg gesê word Suid-Afrika is die plek van ontvangs.

Daar word verwag dat Nord se woorde oor die referensiële funksie moontlik hier bewaarheid sal word (sien paragraaf 3.3.2.1), en dit is naamlik dat die referensiële funksie van die bronteks in vertaalde vorm 'n probleem kan skep, omdat die verwysingswêreld van die bronteks van dié van die doelteks verskil. Daarom is dit belangrik dat die vertaler sal optree as kulturele bemiddelaar (sien paragraaf 2.2.5), deur kultuurgebonde verwysings in die bronteks verstaanbaar te maak vir die jong doelteksleser. Die keuse tussen verinheemsing of veruitheemsing is dus van belang (sien paragraaf 3.5.2 vir bespreking van vertaalstrategieë).

Jentsch (2002:285) beaam die aanwesigheid van hierdie probleem by die vertaling van die Harry Potter-tekste en sê hierop:

"... the translator of the Harry Potter series has a unique challenge in the genre, that is, to portray a setting and its people that are a world apart from ours, and at the same time located due north of London".

HPD1 is Desember 2001 in Suid-Afrika gepubliseer en HPD2 in November 2005.

3.3.2.4 Die medium waarin die teks oorgedra word

Beide die doeltekste, HPD1 en HPD2, is in boekformaat gepubliseer en ook sonder illustrasies, buiten die voorblad en die titelblad. Die voorbladillustrasies van die bron- en doeltekste verskil (sien paragrawe 3.4.2.1 en 3.4.2.2 vir voorbladanalise). Mary GrandPré se illustrasies is gebruik vir die doelteksvoorblaaie (oorspronklik gebruik as die Amerikaanse Potter-reeks se voorbladillustrasies), omdat Rowling se agente dit so voorgeskryf het aan die

doeltekstuitgewer, Human & Rousseau (aldus inligting verkry in 'n e-posonderhoud met Aldré Lategan, produksiebestuurder by Human & Rousseau, 2008). Brontekste HPB1 en HPB2 se voorbladillustrasies is onderskeidelik geskets deur die kunstenaars Giles Greenfield en Jason Cockroft.

Die brontekste is albei gedruk in 12 punt-lettergrootte met dubbelspasiëring. Die lettergrootte van die doeltekste is dieselfde as dié van die brontekste, maar die spasiëring is effens smaller. Albei doeltekste, HPD1 en HPD2 is in sagteband en so ook die bronteks HPB1 (alhoewel dit ook in hardeband beskikbaar is) en HPB2 slegs in hardeband is. Alhoewel HPB1 636 bladsye en HPB2 607 bladsye beslaan, beloop HPD1 slegs 463 bladsye en HPD2 445 bladsye. Die doeltekste is dus heelwat korter as die oorspronklike weergawes - weliswaar 'n ongewone verskynsel in vertaling, weens die inherente neiging na eksplisering in vertaalde tekste. Dit is onder andere toe te skryf aan die smaller spasiëring van die doeltekste.

3.3.2.5 Die motief vir die produksie en die ontvangs van die teks

Wat die motief vir teksproduksie in die doelkultuur betref, sê Frank (2007:5):

"Books are selected on the basis of their success in the source culture as measured by factors such as book awards, print runs, sales figures and favourable reviews, or their selection may be provoked by preference for, or by low numbers of, specific genres in the target culture".

Dit is veral waar in die vertaling van die Harry Potter-reeks. Terwyl die eerste boek in die reeks in Brittanje in Junie van 1997, die tweede in Julie van 1998 en die derde in 1999 gepubliseer is, het al drie hierdie vertalings in Afrikaans gelyktydig en eers in 2000 in Suid-Afrika verskyn.

Naas die Harry Potter-reeks publiseer Human & Rousseau uitermate baie vertalings in hulle kinderlektuurafdeling (Human & Rousseau 2008), onder meer reekse wat (net soos die Harry Potter-reeks) baie gewild was in hulle onderskeie bronkulture, waaronder *Die avonture van Sherlock Holmes* deur sir Arthur Conan Doyle, *Die avonture van Tom Sawyer* deur Mark

Twain, *Skateiland* deur Robert Louis Stevenson asook die immergewilde *Die avonture van Kuifie* deur Hergé.

Die oorspronklike produksiemotief kon wees om bloot 'n gaping in die Suid-Afrikaanse kinderlektuurmark te vul, maar is heel moontlik eerder om 'n outeur wat so gewild is in die bronkultuur (sien paragraaf 3.3.1.5 vir pryse wat die outeur in die bronkultuur gewen het), in Afrikaans te vertaal met 'n ekonomiese winsmotief vir die uitgewery sou die vertaalde werk net so geslaag wees. Volgens mnr. Kerneels Breytenbach, publikasiebestuurder van NB-uitgewers, het Human & Rousseau inderdaad reusesukses behaal met die Afrikaanse vertalings van die Harry Potter-reeks (Jordaan 2003b).

Net so ook is die motief vir ontvangs moontlik beïnvloed deur die brontekstouteur se status sowel in die bron- as toe reeds in die doelkultuur. Met die publikasie van die eerste drie boeke uit die Harry Potter-reeks in Afrikaans, het Potter-manie Suid-Afrika lankal reeds getref, want benewens die oordrewe reklame rondom hierdie boeke in die bronkultuur, was Suid-Afrikaners, oud en jonk, gaande oor Rowling se Harry Potter. Eccleshare (2002:109) meen:

"Rowling has become an international superstar, attracting the kind of media attention usually reserved for pop stars, film stars, footballers or supermodels".

Standpunte oor hierdie boekreeks het egter ook 'n negatiewe wending ingeneem, met Harry Potter se assosiasie met okkultiese aktiwiteite. Dit het regoor die wêreld 'n hewige debat ontlok, en in Suid-Afrika veral het dit sommige Christen gemoedere laat hoog loop. Benewens Christen publikasies soos *Kerkblad* en *Lig* is die debat ook voortgesit in plaaslike Suid-Afrikaanse koerante soos *Beeld* en *Die Burger*. Groot opspraak is verwek toe die welbekende skrywer Maretha Maartens in haar rubriek in *Die Volksblad* ouers gewaarsku het teen die slegte invloed van die Harry Potter-boeke. Die Harry Potter-manie in Suid-Afrika is egter geensins hierdeur gestuit nie, *Beeld* het selfs berig dat die debat kopers se nuuskierigheid geprikkel het en dat belangstelling in die boek toegeneem het (Malan, 2000).

Die vertaler van die eerste vier boeke in die Harry Potter-reeks, Janie Oosthuysen, se vertalings is met wisselende mate van aanvaarding ontvang. Oosthuysen is 'n bekroonde kinderboekskrywer en sy is deur kritici geprys vir haar gebruik van suiwer, maar loslittige Afrikaans. Sy het in 2002 die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se vertaalprys asook 'n prys van die *International Board on Books for Young People (IBBY)* ingepalm vir haar Afrikaanse vertalings van Harry Potter, gevolg deur 'n toekening deur die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) in 2003. 'n Resensie uit *Die Volksblad* van die eerste twee vertaalde boeke in die Harry Potter-reeks, *Harry Potter en die towenaar se steen* en *Harry Potter en die kamer van geheimenisse* lui:

"Janie Oosthuysen se vertaling is kundig en lees vlot - volgens die Afrikaanse teks geoordeel - en het 'n groot aandeel aan die genot wat 'n Afrikaanse leser aan die verhale sal hê" (Lategan, 2000).

'n Resensie uit *Die Burger* oor dieselfde twee boeke lui egter:

"Die Afrikaanse vertaling is soos die hulpprediker in die spotprent se eier: goed (soms selfs baie goed), maar net ten dele - en dit is sagkens gestel. Daar is hinderlike lomphede, ongemaklike stylverwringings en foute wat die vlot leesproses versteur" (Le Roux, 2000).

Daar is ook in onder meer *Die Volksblad* ondersoek ingestel na wat kinders van die vertaling dink, met 'n 14-jarige wat meen die boek het: "... aan die begin nogal moeilik gelees, seker omdat dit vertaal is". Hierbenewens meen *Insig* (Greeff, 2003): "Geen Afrikaanse boek het nog presies só hard en helder saamgedreun in 'n internasionale boekekoor nie", en dit word genoem dat talle skole die Afrikaanse vertalings uit die Potter-reeks voorskryf as verpligte leesstof vir Afrikaans tweede taal te danke aan "Janie se suiwer, toeganklike Afrikaans" (Greeff, R. 2003). En *Lig/Kollig* berig dat daar van die eerste vier Afrikaanse vertalings teen Oktober 2003 ongeveer 100 000 eksemplare verkoop is, verkoopsyfers wat slegs geëwenaar is deur Verna Vels se immergewilde Liewe Heksie-omnibus (Greeff, M. 2003).

Die vertaalfoute en lomphe in Oosthuysen se vertalings kan moontlik toegeskryf word aan die produksieproses. Nie Rowling of Human & Rosseau het voorskrifte gegee oor hoe die boeke vertaal moet word nie (Keyser, 2001) en die uitgewer het, ten einde die vertalings so gou moontlik op boekrakke te kry, 'n onkonvensionele produksiebenadering gevolg deur hoofstuk vir hoofstuk te laat vertaal, dit dadelik te redigeer en dan te laat druk. Die vertaalde werk is dus nooit as 'n geheel geredigeer nie (Jordaan, 2003) (sien paragraaf 2.3.4.2.2 vir die belang van die vertaalopdrag). Ook twee ongepubliseerde tesisse by die Universiteit van Stellenbosch, naamlik deur Laetitia Bedeker en Debbie Bruwer, lewer fel kritiek teenoor Oosthuysen se vertalings (sien Bedeker 2004 en Bruwer 2005).

Die vertaler van die sesde en die sewende boeke in die Harry Potter-reeks, Kobus Geldenhuys, se vertaalde werke is met veel minder publisiteit en kritiek, positief sowel as negatief, ontvang. Geldenhuys het egter onder ewe veel, indien nie groter nie, druk gewerk as Oosthuysen. Hy het tien weke gehad om *Harry Potter and the deathly hallows* in Afrikaans te vertaal en moes byvoorbeeld reeds in die eerste week na ontvangs van die bronteks aan die uitgewer 'n titel verskaf vir bemarkingsdoeleindes (Burger, 2007).

Die ontvangs van die doelt tekste in die doelkultuur word meer akkuraat bepaal deur die Afrikaanse Harry Potter se verkoopsyfers. Volgens Human & Rousseau beloop die algehele verkoopsyfer van die Afrikaanse Harry Potter-reeks tans tot by boek 7 op 280 000 eksemplare (Lategan 2008).

Hiermee is die verskillende sosio-kulturele situasies waarin onderskeidelik die bron- sowel as die doelt tekste ontstaan het in oënskou geneem ten einde die tekste in hulle historiese konteks (sien paragraaf 2.3.2.1 vir 'n definisie van hierdie term) te beskou en word verdere analise verlang, naamlik 'n studie van die paratekstuele elemente wat die teks omring.

3.4 Paratekstuele elemente

Lambert en Van Gorp (1985) lei hulle hipotetiese raamwerk vir deskriptiewe vertaalanalise in met 'n studie van die voorlopige data wat die tekstuele inhoud omring. Genette (1997) het 'n omvattende studie gedoen na die betekenis van dikwels verskuilde agendas agter dít wat Lambert en Van Gorp reeds in 1985 gedoop het as voorlopige data, en herdoop dié omringende tekstuele elemente na "parateks". Hierop meen hy:

"... text is rarely presented in an unadorned state, unreinforced and unaccompanied by a certain number of verbal or other productions, such as an author's name, a title, a preface, illustrations [...] These accompanying productions, which vary in extent and appearance, constitute what I have called elsewhere the work's paratext" (Genette 1997:1).

Volgens Frank (2007:75) beslaan paratekstuele elemente alle eienskappe van die boek wat die tekstuele narratief omring, soos onder andere die titel, die voorblad, die flapteks, die voorwoord, die nawoord, hoofstuktitels, die rug, die indeks, die glossarium, voetnote en illustrasies.

Genette (1997:2) meen die parateks is 'n ongeïdentifiseerde sone tussen binne en buite, 'n soort drumpel wat die leser 'n blik gee op die teksinhoud en daarmee saam die leser nooi om die tekswêreld óf te betree, óf die rug daarop te draai. Die parateks is as't ware 'n verlenging van die teks self en dien as reklame vir die tekstuele inhoud. Op hierdie wyse kondisioneer dit die ontvangs van die teks deur dit voor te hou as 'n spesifieke soort teks, bedoel vir 'n spesifieke leser en wat ook as't ware aan die leser bekend maak hoe die teks ontvang en gelees moet word, soos in die geval van byvoorbeeld 'n biografie wat gelees moet word as feit of 'n speurverhaal wat as fiksie beskou moet word.

Die paratekstuele elemente van tekste verrai meestal die ideologie van die uitgewer en die formele beperkinge waaronder die vertaler 'n doelteks moes produseer. Hierdie beperkinge beïnvloed die ideologie van die doelteks, soos dit blootgelê word in vertaalnorme en in die algehele vertaalstrategie.

Die uitgewer van die doeltekste onder bespreking (Human & Rousseau) is egter volgens die produksiebestuurder, Aldré Lategan, deur Rowling se agent genoodsaak om die kunstenaar Mary GrandPré se voorbladillustrasies te gebruik vir die Afrikaanse vertalings van Harry Potter (Lategan 2008). Die ideologie van die uitgewer sal daarom nie afleibaar wees uit die doelteksparatekste nie, maar deur die paratekstuele elemente van die Afrikaanse vertalings te bestudeer, word daar steeds insig verkry in die beeld van die bronteks wat die vertaling in

die doeltteks projekteer (sien Lefevere en die refraksie van 'n teks deur herskrywing in paragraaf 2.3.3.5), waarna daar beoordeel kan word of hierdie beeld geskik is om die skopos van die doeltteks optimaal in die doelkultuur te vervul.

In die vertaalde tekste onder bespreking, naamlik HPD1 en HPD2, is daar geen indeks nie en daar is ook geen voor- of nawoord, glossarium, voetnote of illustrasies nie. Die titel, die voorbladillustrasie en die flapteks word vervolgens as parateks bespreek.

3.4.1 Die titel

Frank (2007:77) analiseer titels met behulp van sleutelwoorde, soos die name van mense, plekke of dinge. Dit berus op die aanname dat die behoud van sodanige sleutelwoorde konsensus toon tussen die uitgewers van die bron- en die doelkultuur oor hoe goed die titel die boekinhoud weerspieël. Hierdeur verraai titels dikwels enige inhoudelike veranderinge wat indirek deur die doeltteksuitgewer of direk deur die vertaler self aangebring is. Op hierdie manier is die titel en die illustrasie op die stofomslag van 'n boek die eerste wenk oor die beeld van die bronteks wat in die doelkultuur geskep word (sien die manipulasie van literêre tekste, paragraaf 2.3.3.1).

Voorts het Frank (2007:76) in haar navorsing bewys dat so 'n analise patrone identifiseer oor die keuse van vertaalstrategie, en sy noem drie patrone wat herhaaldelik voorkom. Die eerste hiervan is 'n letterlike vertaling wat die styl en wesenlike van die oorspronklike wil behou deur woord-vir-woord noukeurig te vertaal ('n sogenaamde *calque* in die doeltteks). Die tweede is 'n genre-georiënteerde titel, waar sommige sleutelwoorde in die vertaalde titel behoue bly, maar die genre van die boek, bv. avontuur of fantasie, deur die woordinhoud beklemtoon word. Die derde is 'n vrye interpretasie van die titel wat gekenmerk word deur 'n afwesigheid van sleutelwoordooreenkomste in die titel.

Beide HPD1 en HPD2 maak gebruik van bronteksgetroue, woord-vir-woord vertalings wat ook die oorspronklike titel se metrum behou: *Harry Potter and the goblet of fire* (HPB1) word in die vertaling *Harry Potter en die beker vol vuur* (HPD1) en *Harry Potter and the half-blood prince* (HPB2) word in die vertaling *Harry Potter en die halfbloed prins* (HPD2). Dit is opvallend dat die vertalings werklik baie na aan die doeltteks bly, want HPB1 sou meer idiomaties en beslis minder lomp vertaal kon word as *Harry Potter en die vuurbeker* (soos by

die Nederlandse vertaling) terwyl die kenmerkende hoofletter aan die begin van elke woord, eie aan Engelse publikasies, ook behou word.

3.4.2 Die voorblad

"Only too aware of the imperative to sell their products, publishers of children's books engage the attention of readers with carefully worded titles and covers designed to reflect the genre, the characters, or some aspect of the book's cultural setting" (Frank 2007:76).

Weens die Harry Potter-reeks se tweeledige lesergehoor, het Bloomsbury besluit om, benewens die oorspronklike, hoofsaaklik kindergerigte reeks, ook 'n reeks te publiseer wat spesifiek op volwassenes gerig is. Geen veranderinge word aan die oorspronklike teks aangebring nie, maar die voorblaaie van die boeke in die reeks vir volwassenes verskil aansienlik van die oorspronklike reeks vir jonger lesers. Hierdie voorblaaie wissel almal tussen skakerings van swart en grys met hier en daar 'n item of 'n gedeelte in rooi. Sommige illustrasies word ook vervang met foto's, wat volgens Joosen (2006:65) duidelik wys op die bemerking van die teks vir ouer lesers, naamlik sowel tieners as volwassenes.

Dit is egter nie die enigste verskille wat voorbladillustrasies betref nie. Sommige lande, onder meer Frankryk en Italië, het die Britse voorbladillustrasie vervang met 'n illustrasie geskets deur 'n inheemse kunstenaar. Die voorbladillustrasies van die oorspronklike Engelse brontekste is geskets deur verskeie kunstenaars, naamlik Thomas Taylor, Cliff Wright, Giles Greenfield en Thomas Cockcroft, terwyl die voorbladillustrasies van die Afrikaanse Harry Potter-reeks geskets is deur Mary GrandPré, wat ook gebruik word in die vertalings in onder meer Brasilië, die VSA, China, Indonesië, Korea, Taiwan, Thailand, Kroasië, Hongarye, Estland, Pole, Rusland, Noorweë, Israel en Turkye (Harry Potter around the world 2008).

Die voorbladillustrasies van HPB1 en HPB2 is onderskeidelik geskets deur Giles Greenfield en Jason Cockcroft en dié van HPD1 en HPD2 deur Mary GrandPré.

3.4.2.1 Voorbladanalise: *Harry Potter and the goblet of fire* (HPB1) en *Harry Potter en die beker vol vuur* (HPD1)

HPB1 is 'n sagtebandkopie, maar is ook in hardeband beskikbaar. Die voorblad is oorwegend blou en rooi, met die titel heel bo-aan (sien bylaag A). Die reeksnaam, *Harry Potter*, is in groot goue hoofletters geplaas teen 'n koningsblou agtergrond, met *and the goblet of fire* in wit en skuinsgedruk in 'n heelwat kleiner lettertipe daaronder. Die naam van die outeur, J.K. Rowling, verskyn net onder die titel, gedruk in goue letters en in dieselfde lettertipe as *Harry Potter*, maar dieselfde lettergrootte as *and the goblet of fire*. Dit wil dus voorkom asof die eiening van die reeksnaam by die bronteks prioriteit verkry wat dui op die status van die boekreeks.

In die middel van die voorblad is daar 'n vierkantige kleur-illustrasie omring met 'n dun, goue raam. In kleure wat wissel tussen goud en skakerings van bruin pyl 'n klein Harry, met 'n vasberade gesigsuitdrukking en 'n uitgestrekte arm, op sy besem af op 'n goue eier, terwyl 'n vuurstraal, uit die bek van 'n enorme en vreesaanjaende draak wat enkele treë van hom af is, sy besem rakelings mis. Hierdie illustrasie is omring deur geel, oranje en goue sterre op 'n bloedrooi agtergrond, terwyl die uitgewer se naam, naamlik Bloomsbury, heel onder op die voorblad in 'n kleiner, swart lettertipe op 'n goue strook verskyn.

Die primêre tweekleurskakering, naamlik rooi en blou, trek beslis die aandag en vestig dit eers op die reeksnaam, *Harry Potter*, heel bo-aan en word dan gelei na die reusagtige draak. As weerspieëling van die boekinhoud dui die titel beslis op avontuur en aksie en dit lyk na 'n boek vir seuns. Dit wil dus voorkom asof die illustreerder, Giles Greenfield, hierdie bemerkingsinvalshoek volg (sien bespreking van voorgenome teksfunksies, paragraaf 3.3.1.1).

Die rug van HPB1 het bo-aan 'n klein prentjie van 'n uil, in skakerings van lig- na donkerbruin, wat op 'n gedeelte van 'n trapreling sit. Dan is daar 'n goue, rooi en blou strook, met *Harry Potter* in hoofletters en in rooi geskryf teen die goud, *and the goblet of fire* in 'n kleiner lettertipe, in skuinsdruk en in wit teen die rooi met direk langsaan die outeursnaam in goue hoofletters en ongeveer dieselfde lettergrootte as *and the goblet of fire*. Direk daarna verskyn Bloomsbury in 'n heelwat kleiner lettertipe, in wit teen die blou agtergrond.

Die agterblad is geskets in skakerings van bruin en toon 'n trapreling in die Hogwartskasteel, met 'n koepel waaronder 'n wit spook deurvlieg, 'n uil op die trapreling en 'n ridder se wapenrusting in 'n hoek. Die kasteel en die wapenrusting dien as merkers wat dui op die Europese milieu waarin die boek afspeel. Die flapteks agter is in swart gedruk op die kasteelmuur-illustrasie, met in die linkerhoek onder die ISBN-nommer en net daarbo, Bloomsbury se naam en logo in swart. Die agterbladillustrasie wys weereens op avontuur met die skets van die wapenrusting, die verskyning van 'n spook en die idee van 'n ou, donker kasteel vol geheime en onontdekte plekke.

Die doeltteks, *Harry Potter en die beker vol vuur*, is in sagtebandvorm gebind (sien bylaag B). Die titel is hier ook in twee verdeel, met *Harry Potter* heel bo-aan in groot goue letters en 'n hoekige lettertipe, met die "P" van *Potter* wat 'n skerp, getande punt vorm (volgens Lathey 2005:144 het Warner Brothers kopiereg op hierdie getande "P" en dit dien as publisiteit vir die films wat gemaak is van hierdie reeks) met *en die beker vol vuur* in hoofletters geset in 'n teksblok, in persrooi teen 'n pampoenoranje agtergrond. Die outeursnaam is in groot, skelgeel hoofletters heel onderaan die voorblad gedruk.

Die voorbladillustrasie lyk met die eerste oogopslag baie besig: op die voorgrond is 'n groot illustrasie van 'n vriendelike, glimlaggende Harry, met 'n goue eier onder sy regterarm en 'n towerstaf (met wit sterretjies wat 'n boog daaruit skiet en deur die karakters vleg) omhoog in sy linkerhand, met 'n skaars sigbare gedeelte van 'n draak se stert reg voor hom aan die onderkant van die voorblad. Daar is egter ook drie ander karakters, twee manlik en een vroulik, en iets wat lyk na 'n swart beer net-net sigbaar ver agter hom, geset teen 'n oorwegend groen agtergrond. Die doeltteks fokus duidelik ook op die reeksnaam, maar ook op Harry Potter self en verleen groot prioriteit aan die outeursnaam. Die aandag van die leser gaan as't ware van die illustrasie van Harry na die titel en word dan gelei na die skelgeel naam onder die skets van Harry.

Die rug van HPD1 se agtergrond is 'n voortsetting van die voorblad-illustrasie en dus oorwegend groen, met heel bo-aan 'n vierkantige blokkie waarin "Jaar 4" in horisontale, swart letters gedruk staan, waaronder die outeur aangedui word as Rowling in swart, vertikale hoofletters, gevolg deur die titel, ook gedruk in swart vertikale hoofletters met *Harry Potter* dieselfde lettergrootte as die outeur se van en *en die beker vol vuur* in 'n ietwat kleiner

lettertipe daaronder. Die uitgewer, Human & Rosseau, se logo verskyn groot en in skelgeel heel onderaan die rug in 'n horisontale posisie.

Die voorbladillustrasie word op die agterste bladsy voortgesit, met 'n draakvlerk en 'n gedeelte van sy horingagtige liggaam op die voorgrond teen 'n groen doolhof, waar 'n hand met 'n goue beker waarop blou vlamme op die oppervlak speel, uit 'n bos kom, en 'n Pegasus vlieg bo-oor 'n bos in die agtergrond. Bykans heel onderaan die bladsy is Human & Rousseau se logo in wit, met hulle naam en die ISBN-nommer onderaan.

Dit wil voorkom asof daar met die illustrasies op sowel die agterblad as die voorblad gepoog word om te spreek tot die leser se nuuskierigheid deur as't ware flitse vanuit die teks self te skets en die opwinding van die gebeure wat in die boek afspeel onder die leser se aandag te bring met 'n verskeidenheid kleure, ten einde die leser aan te spoor om die teks te lees. Hiermee beklemtoon die glimlaggende Harry op die voorblad van HPD1 met 'n towerstaf in die hand waaruit sterretjies die agtergrond vol skiet en die vlieënde Pegasus op die agterblad die fantasie-karakter van die verhaal. Hierteenoor die klem wat in HPB1 val op spanning en die mag van die stryd asook die onsekerheid van of Harry wel die draak sal oorwin, al dan nie, wat alles dui op 'n aksieverhaal.

Die doelteksillustrasie is meer geslagsneutraal, deurdadig nie sodanig op aksie en avontuur die klem lê nie, maar op gebeure in die verhaal en op die karakters self. Voorts ontbreek die Europese kulturele merkers van die kasteel en die wapenrusting, met die gevolg dat die doelteksillustrasie eintlik 'n kultuurneutrale beeld skep in die doelkultuur.

3.4.2.2 Voorbladanalise: *Harry Potter and the half-blood prince* (HPB2) en *Harry Potter en die halfbloed prins* (HPD2)

HPB2 is in 'n harde band gebind. Die titel verskyn, net soos by HPB1, heel bo-aan die voorblad en is weer in twee verdeel met *Harry Potter* in groen hoofletters bo en *and the half-blood prince*, wit en in 'n kleiner lettertipe teen 'n koningsblou agtergrond (sien bylaag C). Onder die titel is daar 'n vierkantige illustrasie van 'n heelwat ouer Harry en professor Dumbledore omring deur vuurkolomme wat uit hulle towerstawwe skiet. Albei karakters hou hulle towerstawwe omhoog en albei het 'n bekommerde gesigsuitdrukking, met oop monde en oë wat spreek van vrees. Onder die blok-illustrasie is daar weer 'n koningsblou strook met

die outeursnaam in blou hoofletters in 'n groen teksblokkie, waaronder Bloomsbury, die naam van die uitgewer, in wit hoofletters met 'n kleiner lettertipe.

Die rug van die teks is driekleurig: heel bo-aan is daar 'n rooi strook, waarin 'n goue ring met 'n gekraakte swart steen, gevolg deur 'n blou strook waar *Harry Potter* in groen hoofletters staan, gevolg deur 'n groen strook, waar *and the half-blood prince* volg. Steeds in die groen strook volg die outeursnaam in groot hoofletters, net so groot soos *Harry Potter* in die blou strook, en dan 'n blou strook heel onderaan met Bloomsbury in kleiner, wit letters.

Op die agterblad is die flapteks geskryf in 'n pikswart gedeelte wat die meeste van die bladsy in beslag neem, waaronder 'n klipkom op 'n ronde, plat klip met groen water wat 'n groot, onheilspellende groen skynsel bo die kom veroorsaak, met swart omring en dan in die agtergrond, 'n spookagtige groen bootjie wat op groen water dobber. Dit wil dus voorkom asof Bloomsbury steeds die oorspronklike wenresep aanhang, enersyds deur die gebruik van die primêre kleur blou en andersyds, deur Harry weereens in aksie uit te beeld, besig om gevaar te trotseer.

Teenoor HPB2 se primêre blou, bestaan HPD2 heeltmaal uit skakerings van 'n rustige groen (sien bylaag D). Die titel verskyn in groot, hoekige goue letters heel bo-aan met die kenmerkende getande "P" van *Potter*. Dit is ook in twee dele verdeel, naamlik eers *Harry Potter*, en dan daaronder en in swart letters wat lyk asof dit vinnig en rofweg met die hand geskryf is, *en die halfbloed prins*. Die illustrasie plaas die torso's van sowel professor Dumbledore as Harry op die voorgrond, agter 'n groot klipkom, wat 'n onheilspellende groen lig afgee, wat rondom Dumbledore en Harry spiraal. Die Professor se regterhand is versigtig reg bo die kom gesuspendeer, asof hy aan die inhoud van die kom wil raak, en Harry hou 'n towerstaf vasberade in sy linkerhand. Professor Dumbledore het 'n peinsende dog bekommerde gesigsuitdrukking en Harry se gesigsuitdrukking is sowel bekommerd as waaksaam.

Die rug van HPD2 se agtergrond maak deel uit van die voorbladillustrasie en wissel dus van donker- na liggroen, met die outeursnaam in klein, horisontale hoofletters en in goud, terwyl *Harry Potter* in groot, goue hoofletters vertikaal en amper dwarsoor die hele rug verskyn, met daaronder *en die halfbloed prins* in 'n effens kleiner lettertipe, en in wit hoofletters. Heel aan

die onderkant van die rug is 'n groterige Human & Rousseau-logo, horisontaal geplaas en in wit.

Die agterblad is ook groen, met drie effens onduidelike, spookagtige karakters (Harry Potter, Hermione Granger en vermoedelik Ginny Weasley) onder die flapteks wat opkyk na magiese groen, skitterende spirale wat lyk na die simboliese illustrasie van towerkrag net bo en tussen-in die flapteks, met in die linkerhoek onder Human & Rousseau se logo in wit, en in die regterhoek onder die ISBN-nommer.

Dit wil dus voorkom dat, waar die brontekste getrou bly aan hulle oorspronklike wenresep van 'n "Harry-in-aksie"-uitbeelding, die doeltteks 'n wending neem: waar HPD1 'n gelukkige, glimlaggende Harry uitbeeld is die atmosfeer van HPD2 se illustrasie heelwat somberder en peinsend - asof in bekommerde afwagting op groot gevaar, soos ook te lees in die parate manier waarop Harry sy towerstaf vashou, asof gevaar enige oomblik kan toesak. Die doeltekslesers se aandag word dus opnuut getrek deur 'n ommeswaai in die uitbeelding van Harry, wat die leser nuuskierig maak oor die inhoud van die boek. Die genre van die doeltekste is steeds dié van fantasie teenoor die avontuurgenre van die brontekste.

3.4.3 Die titelblad

Die titelblaaie van HPB1 en HPB2 stem in alle opsigte ooreen, behalwe die titels van die onderskeie boeke. Die titel staan bo-aan die bladsy met *Harry Potter* in groot, vetgedrukte hoofletters en daaronder volg die res van die titel (*and the goblet of fire* en *and the half-blood prince* onderskeidelik) in 'n heelwat kleiner lettertipe en in skuinsdruk. In die middel van die bladsy vertoon Hogwarts se skild met 'n lint daaronder en die motto in Latyns: "Draco dormiens nunquam titillandus". Dan verskyn die outeursnaam in hoofletters, waaronder Bloomsbury se naam en logo.

Die titelblaaie van HPD1 en HPD2 boots die brontekste noukeurig na. Die titel verskyn op presies dieselfde plek bo-aan die bladsy en in dieselfde formaat met die skild wat daaronder volg en die Latynse motto op die lint. Dan volg ook die outeursnaam. Dit is egter nie in hoofletters gedruk nie, maar wel in 'n lettertipe waarvan die grootte ooreenstem met die lettertipe wat vir die tweede helfte van die titel gebruik word, en net onder die outeursnaam verskyn, in dieselfde lettertipe en -grootte: "Vertaal deur Janie Oosthuysen" (HPD1) en ook

"Vertaal deur Kobus Geldenhuys" (HPD2). Hiermee word die teks eksplisiet aan die leser as 'n vertaling voorgestel.

3.4.4 Die flapteks

"One of the most notable features of blurbs for translated works is their strong simulation of narrative and character point of view, where readers sense as if they are already in the text rather than in the prelude of the text" (Frank 2007:81).

Die flapteks is soos Watts (soos in Frank 2007:75) dit noem: "instrumente van kulturele vertaling". Dit is ook, net soos by die titel van die vertaling, 'n weerspieëling van die algehele ideologie verskuil agter die vertaling asook van die vertaalstrategie wat die vertaler toegepas het.

HPB1 se flapteks is in 'n baie klein, swart en vetgedrukte lettertipe en lui as volg:

It is the **summer holidays** and soon Harry Potter will be **starting his fourth year** at Hogwarts **School** of Witchcraft and Wizardry. Harry is counting the days: there are new spells to be learnt, **more Quidditch to be played**, and Hogwarts **castle** to continue **exploring**. But Harry **needs to be careful - there are unexpexcted dangers lurking ...**

J.K. Rowling continues to surprise and delight with the power of her rich, demanding and **action-packed** storytelling.

Dit word dan gevolg deur ses resensies van skrywers soos Julia Eccleshare en Britse gedrukte media soos *The Times* wat die boek se meriete bevestig. Die flapteks van die boek beklemtoon die genre, naamlik avontuur, met woorde soos "exploring" en "unexpected dangers lurking" en veral "action-packed", terwyl die verwysings na "summer holidays" en ook na Harry wat sy "fourth year" by die skool betree, die teks enersyds ook dadelik plaas in die

genre van 'n skoolverhaal¹¹ en andersyds wys op die Europese kultuur met die verwysing na "castle" en ook wat betref die skoolkalender en gepaardgaande vakansies.

Daarteenoor is HPD1 se flaptteks in 'n baie groter lettertipe gedruk, wat naamlik kan wys op die doeltteksgehoor as jong kinders, en ook in swart, vetgedrukte letters. Dit lui as volg:

Die **somervakansie** sleep verby en Harry Potter kan nie wag dat die skool weer moet begin nie. Dit is sy vierde jaar by die Hogwarts skool vir Heksery en Towerkuns en daar is nuwe towerspreuke om te leer, **towerdrankies om te meng, nuwe mense om te ontmoet en vele meer**. Dit is wat Harry verwag en waarna hy uitsien, maar wat hy nie verwag nie is reeds besig om sy pad te begin kruis ...

'n Heerlike nuwe Harry Potter **avontuur** deur die veelbesproke J.K. Rowling - wat met humor en **fantasie die wonderwêreld** van Harry vir lesers, oud en jonk, 'n werklikheid maak.

Die Afrikaanse flaptteks verskil merkbaar van sy Engelse eweknie. Daar is 'n duidelike verskuiwing van klem op genre, naamlik vanaf avontuur na fantasie, en dit dra insgelyks minder trefkrag as die flaptteks van die bronteks. Woorde soos "sleep verby" en 'n vae en onopwindende melding van iets wat Harry se pad gaan kruis "wat hy nie verwag nie" lei tot misterie eerder as afwagting. En alhoewel die woord "avontuur" wel as 'n beskrywende naamwoord voorkom, is die klem merendeels op die "veelbesproke" outeur en die verwerkliking van 'n "fantasie" en 'n "wonderwêreld". Die direkte vertaling van die kulturele merker, naamlik "somervakansie", wys daarop dat die vertaler moontlik 'n vertaalstrategie van veruitheemingsing gaan volg in die vertaling en die doelttekslesers word eksplisiet genoem as "oud en jonk".

Die flaptteks van HPB2 is in wit letters en gedruk in 'n baie klein lettertipe. Dit lui as volg:

¹¹ Wat Eccleshare (2002:11) klassifiseer as "school story".

It is the middle of the summer, but there is an unseasonal mist pressing against the windowpanes. Harry Potter is waiting nervously in his bedroom at the Dursleys' house in Privet Drive for a visit from Professor Dumbledore himself. One of the last times he saw the Headmaster was in a **fierce one-to-one duel** with Lord Voldemort, and Harry can't quite believe that Professor Dumbledore will actually appear at the Dursleys' of all places. **Why is the Professor coming to visit him now? What is it that cannot wait until Harry returns to Hogwarts in a few weeks' time?** Harry's sixth year at Hogwarts has already got off to an *unusual* start, as the worlds of Muggle and magic start to intertwine ...

J.K. Rowling charts Harry Potter's **latest adventures** in his sixth year at Hogwarts with consummate skill and in breathtaking fashion.

Die genre van die teks, naamlik dié van avontuur, word weereens beklemtoon met woorde soos "fierce one-to-one duel" en "latest adventures", en spanning sowel as afwagting word geskep met die noem van 'n onverwagte wending in die storie en die opeenstapeling van retoriese vrae. Die adres "Privet Drive" en die "Headmaster" met 'n hoofletter "H" is kulturele merkers.

Daarenteen is die flapteks van HPD2 in 'n veel groter lettertype gedruk en ook in wit letters teen die groen agtergrond, terwyl die gedeelte oor Rowling in swart gedruk is. Dit lui:

Dit is in die hartjie van die somer, maar dik mislierte waai teen die vensterruite vas. Harry Potter **wag gespanne** in sy slaapkamer in die Dursleys se huis in Ligusterlaan vir 'n besoek van niemand anders as professor Dumbledore nie. Een van die laaste kere dat hy die skoolhoof gesien het, was tydens 'n verbete tweegeveg met die Heer Voldemort, en

Harry kan amper nie glo dat professor Dumbledore sowaar by die Dursleys van alle plekke gaan opdaag nie. **Hoekom wil die professor hom nou sien? Wat is dit wat nie kan wag tot Harry oor 'n paar weke terug Hogwarts toe gaan nie?** Harry se sesde jaar by Hogwarts spring sommer klaar op 'n ongewone noot weg wanneer die Moggel- en magiese wêreld verstrengel raak...

J.K. Rowling skets Harry Potter se **jongste avonture** tydens sy sesde jaar by Hogwarts met kenmerkende vernuf en teen **'n asem-ophou pas**.

Dit is merkbaar dat, weens hierdie uiters bronteksgetroue vertaling, die genre van die flapteks van HPD2 (net soos by HPB1 en HPB2 maar in teenstelling tot HPD1 se klemverskuiwing vanaf aksie na fantasie) nou ook as avontuur oorkom.

3.4.5 Beoordeling van die geskiktheid van die doeltteksvoorblaaie vir die doelkultuur

Die kunstenaar verantwoordelik vir die doeltteksvoorbladillustrasies, Mary GrandPré, se werk is eg kinderlik in karakter, met die gebruik van 'n groot aantal sagte pastelkleure wat die leser se oog vang. Daarteenoor maak die bronteksvorbladkunstenaars, naamlik sowel Greenfield as Cockcroft, gebruik van helderder, maar dikwels 'n meer beperkte aantal kleure. Die uitbeelding van GrandPré se karakters is ook veel sagter, met karakters wat baie na mekaar lyk wat algemene gelaatstrekke betref en neutrale gesigsuitdrukkings vertoon. Daarteenoor blyk die bronteksillustrasies heelwat skerper, met 'n meer gedetailleerde styl en het die karakters fynbesnede gelaatstrekke en in die algemeen harder gesigsuitdrukkings.

Die verskil in die illustrasiestyl en die genreverskuiwing wat uit die voorbladillustrasies en die verskil in die flapteksbewoording blyk, naamlik van aksie in die bronteks na fantasie in die doeltteks, maak die doeltteks, HPD1, meer geslagsneutraal. Op hierdie manier spreek HPD1 direk tot sowel seuns as meisies in die doelkultuur en spreek dit ook direk tot die primêre lesergehoor, naamlik Afrikaanse kinders. Alhoewel HPD2 se voorbladillustrasie teenoor dié van HPB2 ook 'n genreverskuiwing van aksie in die bronteks na fantasie in die doeltteks

verteenwoordig, blyk die bronteksgetroue flapteksbewoording steeds aksie-georiënteerd te wees.

3.4.6 Koherensie tussen voorbladillustrasies en flapteks

"Coherence refers to establishing logical connections between the ideas and concepts presented" (Donnelly 1994:75 in Carstens 1997:479).

Carstens (1997:475 en 481) meen koherensie wys op die verband tussen onderliggende konsepskakels in 'n teks wat uiteindelik 'n betekenisvolle eenheid vir die leser vorm. Koherensie kan dus saamgevat word as konseptuele samehang in 'n teks, en is veral belangrik in die verhouding tussen woord en beeld. Alhoewel nie die brontekste of die doelt tekste onder bespreking illustrasies bevat nie, kan daar ondersoek ingestel word na koherensie tussen die voorbladillustrasie en flapteks, as't ware tussen die visuele en die verbale, 'n ondersoek wat deel uitmaak van die makrostrukturele analise (sien afdeling 3.5).

Sowel die voorbladillustrasie as die flapteks van HPB1 en HPD1 beklemtoon die genre, naamlik avontuur by die bronteks en fantasie by die doelt eks. By HPB1 beslaan 'n enorme draak die meeste van die illustrasie met Harry heelwat kleiner in die linkerkantste hoek onder, terwyl die flapteks van HPD1 die genre as fantasie aantoon. Hier beslaan Harry se torso en towerstaf wat sterretjies spoeg die meeste van die illustrasie, terwyl slegs 'n onopvallende gedeelte van die draak se stert heel onderaan die illustrasie merkbaar is.

Die woorde "fantasie en wonderwêreld" in HPD1 se flapteks bevestig ook die doolhof en vlieënde Pegasus op die agterbladillustrasie, sowel as die goue eier onder Harry se regterarm, terwyl die draak op die voorblad van HPB1 'n bevestiging is vir die verwysing na "unexpected danger" op HPB1 se flapteks en die verwysing na die "castle to continue exploring" uitgebeeld word op die agterbladillustrasie.

Net so ook word die heksesport, "Quidditch" in HPB1 se flapteks genoem en dit word ook op die voorblad weerspieël met Harry op sy besem, terwyl enige verwysing na hierdie sport sowel in HPD1 se flapteks as op die illustrasie ontbreek. Die verwysing in die flapteks na

"towerdrankies" en "towerspreuke" word beslis bevestig deur Harry se swaaiende towerstaf wat bo sy kop uitgestrek is.

Voorts word die genre, as avontuurverhaal, in HPB2 se flapteks in die voorbladillustrasie weerspieël, waar Harry en Dumbledore, met vrees afgeëts op hulle gelaatstrekke, naas mekaar staan met uitgestrekte hande en towerstawwe in die lug, met 'n enorme vuurkolom wat hulle omring. Die flapteks van HPD2 lig, net soos by die flapteks van HPB2, ook die genre uit as avontuur, terwyl die voorbladillustrasie egter klem plaas op die fantasie-aspek van die verhaal, deur 'n misterieuse uitbeelding van Harry en Dumbledore met peinsende gesigsuitdrukkings wat rustig in 'n klipkom tuur, terwyl 'n spookagtige groen mis hulle omring.

Die flapteks van HPB2 skep ook spanning en afwagting met 'n reeks retoriese vrae en 'n verwysing na Harry as "nervous", terwyl die avontuur-genre weereens uitgelig word met die woorde "fierce duel". Hierdie spanning en ook afwagting word dus verder versterk deur HPB2 se treffende voorbladillustrasie. Die spanning en afwagting, soos ook genoem in HPD2 se flapteks, word egter nie in die voorbladillustrasie geskep met 'n treffende, aksiebelaaide beeld nie, maar wel met 'n beeld van misterie en bepeinsing (deur die twee karakters op die voorblad) oor iets waarvan die leser nog nie weet nie, maar eers sal uitvind na afloop van die lees van die teks, asook deur die uitbeelding van die drie karakters op die agterbladillustrasie wat afwagting en met koppe na bo, 'n kronkelende groen straal tje sterre dop hou, simbolies van towerkuns.

Dit volg dus dat, waar die koherensie tussen die flapteks en voorbladillustrasie van HPB1, HPB2 en HPD1 baie goed is, dit minder geslaagd is by HPD2. Volgens Human & Rousseau is sommige brontekste se flaptekste in die vertaalproses verkort om in te pas op die doelteksflappe (Lategan 2008). Die flapteks van HPB2 is egter vertaal sonder om die voorbladillustrasie van HPD2 in ag te neem, wat die koherensie tussen die voorbladillustrasie en die flapteks versteur.

3.5. Makro-analise

Die analise van paratekstuele elemente lei uiteindelik tot aannames oor die makrostruktuur van die vertaalde tekste. Die makro-analise word ingelei met 'n 'n vergelyking van algemene

teksstruktuur (paragraaf 3.5.1) en 'n analise van gekose vertaalstrategieë (paragraaf 3.5.2 en 3.5.2.1).

Die vertalers se gebruik van inkonsekwente vertaalstrategieë en versaking van hulle rol as kulturele bemiddelaars word blootgelê in 'n analise van temas (paragraaf 3.5.3), milieu (paragraaf 3.5.4), karakterisering (paragraaf 3.5.5) en eufemistiese taalgebruik in die doelteks (paragraaf 3.5.6), terwyl daar in die afdeling oor eksplisering in die doelteks (paragraaf 3.5.7) wel enkele voorbeelde is waar albei vertalers bewus 'n bemiddelende rol vervul het.

3.5.1 Algemene teksstruktuur

Sowel HPD1 as HPD2 word op die titelblaaie geëien as vertalings en beide is algehele vertalings, sonder enige weglatings of toevoegings (benewens enkele sinne hier en daar). Die vertalers self is in die tekste van HPD1 en HPD2 onsigbaar (sien Venuti en die onsigbaarheid van die vertaler, paragraaf 3.5.2.1), deurdat 'n voorwoord, voetnote en glossarium in beide tekste ontbreek.

Die hoofstukindelings stem ooreen met dié in die brontekste: HPB1 en HPD1 bestaan albei uit 37 hoofstukke en HPB2 en HPD2 uit 30 hoofstukke, en al die titels is, sover moontlik, woord-vir-woord vertaal. Selfs die formaat van hoofstukindeling, naamlik die hoofstuknommer in hoofletters bo-aan en tussen aandagstrepe met die titel wat in groter lettertipe en in skuinsdruk daaronder volg, is presies nagevolg, en net so ook die paragraafstruktuur.

Die doelteksvorm en die bronteksvorm stem ooreen en, omdat die bronteksvorm algemeen bekend is in Suid-Afrika, skep dit geen merkbare vertaalprobleme nie.

3.5.2 Vertaalstrategie

Die kommunikatiewe funksie van 'n teks is 'n fundamentele beginsel in die beplanning van strategieë vir teksproduksie. Daarom behoort die vertaler 'n volledige bron- en doelteksanalise (sien paragraaf 2.3.4.2.3 en ook afdeling 3.3) uit te voer ten einde op 'n weldeurdagte en funksionalistiese vertaalstrategie te besluit. Die verhouding tussen die bron- en doelteks word bepaal deur die skopos van die doelteks waarvolgens kriteria vasgestel word vir die behoud, verlies of die verandering van brontekselemente ten einde die doelteksfunksie in die doelkultuur te verrig.

Die vasstel van vertaalstrategieë steun op die versoenbaarheid van die skopos van die doeltteks met die gegewe bronteks. Volgens Nord (1991:28,29) is hierdie proses altyd kultuurspesifiek van aard, en kan deur die navorser bepaal word deur 'n studie te maak van gekose vertaalnorme, want:

"Translation as interpretation, re-writing, and adaptation for a new reader in the target culture inevitably means that each translator emphasizes and de-emphasizes different aspects of the original work consistent with their experience of the text, their notion of the child and the need to acculturate readers in the target culture" (Frank 2007:2).

Vertaalnorme (sien paragraaf 2.3.2.3) word blootgelê in 'n teks as die vertaler se keuses in die vertaalproses ten einde aan die doelttekslesers 'n verstaanbare en 'n leesbare teks te verskaf. Weens die kultuurspesifieke aard van die bronteks, moet die vertaler optree as 'n kulturele bemiddelaar deur die teks te manipuleer (sien paragraaf 2.3.3.1) en as't ware te filtreer deur sekere dele van die teks te beklemtoon en ander dele onbeklemtoon te laat. Hierbenewens speel norme uit die sosio-kulturele omgewing waarin 'n vertaling geskep word, ook 'n vormende rol deurdat dit die vertaler se keuses as't ware beperk tot dít wat in die doelkultuur aanvaarbaar sal wees. Toury (2000:199) sê:

"In its socio-cultural dimension, translation can be described as subject to constraints of several types and varying degree. These extend far beyond the source text; the systematic differences between the languages and textual traditions involved in the act, or even the possibilities and limitations of the cognitive apparatus of the translator as a necessary mediator".

Vertalers as bemiddelaars maak dus keuses na gelang van die taalverskil, die implisiete leser en kultuurspesifisiteit, en hierdie keuses vind in die teks as vertaalnorme neerslag, naamlik as keuses wat die vertaler gereeld uitgeoefen het tydens die vertaalproses (Frank 2007:17).

Hierdie reeks keuses lei uiteindelik tot die beraming van 'n algehele vertaalstrategie. Voorts word daar gekyk na Venuti se onderskeid tussen verinheemsing en veruitheemsing.

3.5.2.1 Venuti en die onsigbaarheid van die vertaler

Volgens Venuti moet elke vertaler 'n keuse uitoefen tussen twee vertaalstrategieë: óf die outeur word sover moontlik in vrede gelaat en die leser word nader aan die outeur beweeg, óf die leser word sover moontlik in vrede gelaat en die outeur word nader aan die leser beweeg (Venuti 1995:101). Hierdie twee vertaalstrategieë staan onderskeidelik bekend as veruitheemsing (*foreignization*) en verinheemsing (*domestication*).

'n Vertaalstrategie van verinheemsing maak gebruik van 'n vloeiende, inheemse (aan die doekultuur) styl ten einde die uitheemseheid van die teks vir die leser te minimaliseer en lei tot die onsigbaarheid van die vertaler, omdat dit lees soos 'n oorspronklike teks en daarom ook dikwels deur die leser as sodanig beskou word. Die keuse oor watter teks om te vertaal word ook beïnvloed deur die keuse van die vertaalstrategie, deurdat tekste dikwels gekies word wat nie van die inheemse literêre kanon afwyk nie (Munday 2001: 146).

Hierteenoor is veruitheemsing 'n strategie waarin daar beoog word om 'n vertaling eksplisiet as uitheemse uit te wys. Dit word bewerkstellig deur 'n vertaalmetode te volg wat teen die doekultuur se dominante waardes ingaan ten einde die linguistiese en kulturele verskille tussen die brontekst en die doekultuur eksplisiet aan te toon (Venuti 1995:20). Daarom word daar na hierdie vertaalmetode verwys as 'n vorm van weerstand (*resistancy*), naamlik 'n weerstand teen verinheemsing wat die brontekst skik om te voldoen aan doekultuurnorme en waardes en die teks makliker assimileerbaar te maak vir die doelteksleser deur dit as't ware "nader" aan die doekultuur te buig en minder vervreemdend te maak vir die doelteksleser (Venuti 1995:24).

Venuti (1995:20) is 'n voorstander van veruitheemsing en meen verinheemsing is 'n etnosentriese reduksie van die brontekst na doekultuurwaardes, waarteenoor veruitheemsing dien as 'n vorm van weerstand teen etnosentrisme, rassisme en kulturele narsissisme en imperialisme. Rita Oittinen (2000:74) meen egter Venuti se stelling oor die onsigbaarheid van die vertaler in verinheemse, doekultuurgerigte vertalings is problematies, omdat hy nie die

voorgenome doeltekslesers en die rede waarom hulle boeke lees in ag neem nie. Sy sê (2000:74):

"... while there are always readers, such as scholars, who might not find foreignized texts repulsive, Venuti does not address the complexities concerning the multiplicity of readers and reader response".

Die keuse tussen verinheemsing of veruithheemsing berus uiteindelik op die kommunikatiewe funksie wat die vertaalde teks in die doelkultuur moet verrig, soos dit ook in die vertaalinstruksies uiteengesit behoort te wees (sien paragraaf 2.3.4.2.2). Die vertaler behoort altyd tydens die proses van vertaling op te tree as ekspert in interkulturele kommunikasie en 'n bemiddelende rol in te neem. Soos Frank (2007:115) dit stel:

"The first issue concerns the translator's prioritization of the accessibility of the text for the child reader in another culture".

Die vertaalstrategie wat 'n vertaler kies is nou verbonde aan sy/haar bemiddelende posisie as vertaler in die kommunikatiewe situasie. Deur deurgaans te veruithheems sal die doelteksleser moontlik vervreem word van die doelteks weens gebrek aan wêreldkennis, terwyl verinheemsing weens die Potter-reeks se universele populariteit ook ongewens is. Daarom stel hierdie studie 'n funksionalistiese vertaalstrategie voor waar 'n kompromis tussen verin- en veruithheemsing getref word.

Wat gekose vertaalstrategieë betref, blyk dit dat nóg Oosthuysen nóg Geldenhuys die doeltekslesers in gedagte gehou het tydens die vertaalproses. Albei vertalers het veruithheemsing gekies as hoofvertaalstrategie, maar dit nie konsekwent toegepas nie, dermate dat die kommunikatiewe funksie van die doelteks ondermyn word. Voorbeelde van die inkonsekwente en ondeurdagte keuse van vertaalstrategieë word vervolgens bespreek in temas (paragraaf 3.5.3), milieu (paragraaf 3.5.4), karakterisering (paragraaf 3.5.5) en eufemistiese taalgebruik (paragraaf 3.5.6), terwyl albei vertalers by enkele voorbeelde van eksplisering in die doelteks (paragraaf 3.5.7) in 'n mindere mate, maar in 'n bewuste poging, wel 'n rol as kulturele bemiddelaar gespeel het.

3.5.3 Temas

Elke boek in die Harry Potter-reeks bevat verskeie temas, maar in hierdie studie word by elkeen een tema uitgelig ter wille van bespreking. In HPB1 is kultuurverskille 'n belangrike tema. Die leerders van Frankryk en Bulgarye wat hulle deur die loop van die jaar by die Hogwartsleerders aansluit vir die Drietowenaarstoernooi, het merkbaar kultuurgebonde name, met hulle eie klerestyl en kulinêre voorkeure. Die Franse leerders se klerestyl word in HPD1:158 beskryf: "Hulle bibber van die koue en dis nie verbasend nie, want dit lyk of hul klere van die fynste sy gemaak is en nie een van hulle dra 'n mantel nie". Die Bulgaarse leerders se kleredrag word beskryf in HPD1:159: "Dit lyk vir Harry asof almal van hulle soos Krabbe en Goliath gebou is ... maar toe hulle nader kom en oor die grasperk stap na die lig wat van die Ingangsportaal af stroom, sien hy dat hulle 'n soort ruie, gekoekte pels dra".

Hulle onderskeie kulinêre gewoontes, wat as vreemd ervaar word deur die Hogwartsleerders, word ook genoem, byvoorbeeld HPD1:164: "Toe die tweede gang opdaag, sien hulle 'n hele paar vreemde poedings. Ron bekijk 'n snaakse soort bleek blanchmange van naderby en stoot dit dan versigtig 'n entjie regs". Die woord "blanchmange" hier is 'n anglisering van die Franse *blanc manger* wat letterlik "wit kos" beteken, en verwys na 'n soet Franse poeding wat gemaak word van melk en mielieblom (sien bespreking van kos, paragraaf 4.2.5). Die Bulgaarse skoolhoof verwys weer na "mulled wine" HPB1:226, verhitte wyn waarby suiker en speserye gevoeg word, wat in die doelteks beskryf word as "gekruide wyn" (HPD1:166). Kultuurverskille tussen die Britse leerders van Hogwarts, die Franse leerders van Beauxbatons en die Bulgaarse leerders van Durmstrang word deurgaans beklemtoon en uiteindelik uitgebou tot 'n tema in die boek.

Hierdie kulturele tema van HPB1 word egter ondermyn deur die hantering van eiename in die doelteks. Sommige van die Hogwartsleerders se eiename word behou soos in die bronteks, maar ander word verafrikaans of ongemotiveerd verander, terwyl dit om tematiese doeleindes van wesenlike belang is dat die name Engels bly (sien eiename, paragraaf 4.2.7). Die rede vir die behoud van die oorspronklike eiename in die bronteks is daarom tweevoudig, naamlik sodat die Engelse eiename met die Britse milieu ooreenstem en nie die leser verwar deurdat daar Afrikaanse kinders in Hogwarts is nie, en tweedens, omdat die Engelse name van die Hogwartsleerders 'n belangrike rol speel, deurdat die leerders se kulturele agtergrond duidelik

op grond van hulle name gesuggereer word (sien ook Bruwer 2005 oor die vertaling van eiename in die Afrikaanse Harry Potter).

'n Goeie voorbeeld om die rol van eiename in HPB1 uit te lig is waar die twee kompeterende spanne tydens die Kwiddiek-Wêreldbeker op die veld vlieg vir die begin van die wedstryd en die omroeper elke speler op hulle vanne aankondig: "And now, ladies and gentlemen, kindly welcome - the Bulgarian National Quidditch Team! I give you - Dimitrov! [...] Ivanovaa! [...] Zograf! Leyski! Vulchanovy! Volkovy! Aaaaaaand - *Krum*! [...] And now, please greet - the Irish National Quidditch Team! [...] Presenting - Conolly! Ryan! Troy! Mullet! Moran! Quigley! Aaaaaaand - *Lynch*!" (HPB1:95,96).

Die karakters se vanne is duidelik verteenwoordigend van hulle kulturele herkoms as Bulgaars met die vanne se kenmerkende "-ov" en "-ova"-uitgange. Die Bulgaarse vanne word net so in die doelteks behou, maar word volgens die Cirilliese alfabet aangepas. Dit word egter inkonsekwent aangepas, soos by: "En nou, dames en here, verwelkom ons - die Bulgaarse Nasionale Kwiddiekspan! Hier is - Dimitrof! [...] Ivanovaa! [...] Zograf! Lefski! Vulchanovf! Volkovy! Ennnnnnn- *Krum*! [...] En nou sê ons welkom aan - die Ierse Nasionale Kwiddiekspan! [...] Hier is Conolly! Ryan! Troy! Mullet! Moran! Quigley! Ennnnn - *Lynch*!" (HPD1:71).

Hierteenoor, by die sorteerderij van Hogwartseerstejaars, word name soms verinheems en soms ongemotiveerd verander: "Ackerley, Stewart! [...] Baddock, Malcolm! [...] Branstone, Eleanor! [...] Cauldwell, Owen! [...] Creevey, Dennis! [...] Madley, Laura! [...] Pritchard, Graham! [...] Quirke, Orla! [...] Whitby, Kevin!" (HPB1:158-160). Al hierdie name is kenmerkend Engels in aard, maar word in die doelteks: "Ackerley, Stewart! [...] Basana, Malcolm! [...] Bruwer, Elna! [...] Cauldwell, Owen! [...] Creevey, Dennis! [...] Marais, Françoise! [...] Russianoff, Olga! [...] Quirke, Graham! [...] Whitby, Kevin!" (HPD1:116-118).

Daar is dus nie net Suid-Afrikaners (verteenwoordig deur Malcolm Basana en Elna Bruwer) wat Hogwarts bywoon nie, maar ook Franse studente (Françoise Marais). Die van "Russianoff" herinner ook sterk aan die vanne van die Bulgaarse kwiddiekspelers soos "Volkov" en "Dimitrof", (HPD1:71). Hierdie eienaamsveranderinge ondermyn die kulturele

tema, omdat die doelteksleser nie leerders vanaf die ander twee Europese Towerskole as duidelik anders as die Hogwartsleerders sal kan identifiseer nie.

In HPB2 is daar nie 'n kulturele tema nie, maar daar word wel tematies klem gelê op klasverskille, soos dié tussen suiwerbloed-towenaars en halfbloed-towenaars en ook tussen towenaars en huiselwe. Die vertaler van HPD2, Kobus Geldenhuys, het egter hierdie tema raakgesien en dit ook in die doeltekst uitgelig. "Muggle-lover" (HPB2:197) word vertaal as "Moggelboetie" (HPD2). Waar "Muggle-lover" sinspeel op die Engelse "Nigger-lover", met "Nigger" 'n pejoratiewe term wat verwys na swartmense, speel dit duidelik in op die rassetema in HPB2. Die "Moggelboetie" van die doelteks herinner aan die pejoratiewe term vanuit die Apartheidsera, "Kafferboetie", en dra dus in die doelteks presies dieselfde konnotasie oor.

3.5.4 Milieu

"Every language encapsulates an individual culture, a way of conceptualizing the world, and writers of fiction reflect a cultural perspective and ways of thinking consistent with their milieu" (Frank 2007:1).

Die milieu in die Harry Potter-boeke is 'n mengsel van werklikheid en fantasie want, alhoewel die bronteksmilieu eg Brits is en plek-plek in werklike Britse stede soos Londen afspeel, vind die grootste deel van die gebeure plaas in die Hogwartsskool se kasteel. Hier betrek Rowling die eeue-oue Britse kosskooltradisie, 'n eg Britse kulturele merker wat nie oral in Suid-Afrika dieselfde tradisionele of sosiale konnotasies het nie.

Eccleshare (2002:48) meen die Britse kosskooltradisie was slegs vir 'n elite sosiale minderheid beskore en moet daarom nie beskou word as deel van die deursnee Britse kind se ervaringswêreld nie. Dit dra dus by tot die fantasie en die ontvlugting van die Harry Potter-reeks, vir sowel bronteks- as doeltekslesers. Sy meen ook dat Rowling eerder die tradisie van kosskool- of skoollektuur inkorporeer, as die tradisie van kosskole self, net soos in die werk van byvoorbeeld Enid Blyton, wat ook aan Suid-Afrikaanse kinders bekend is, en daarom skep die Britse kosskoolmilieu geen vertaalprobleme nie.

In die doeltteks is daar direkte verwysings na die Britse milieu en veral na Britse weerpatrone, waar Britse seisoene chronologies handomkeer verskil van die seisoene in Suid-Afrika. In die doeltteks is dit winter in Desember en tydens Kersfees, terwyl dit Februarie begin warmer word om 'n aanloop na die lente te suggereer. Terwyl dit in Desember in Suid-Afrika hoogsomer is, lui die doeltteks: "Die begin van die Desembervakansie bring wind en ysreën na Hogwarts" (HPD1:234), en teenoor Suid-Afrika se warm Kersfeesweer is dit 'n wit Kersfees in die doeltteks: "Sneeu warrel weer teen die toegeysde vensters vas; Kersfees kom vinnig nader" (HPD2:183), en met die seisoen wat oorgaan na lente in Februarie: "Teen die begin van Februarie smelt die sneeu om die skool" (HPD2:261).

Waar dit Juliemaand in Suid-Afrika winter is, sal die verwysing na Britse seisoene sonder eksplisering die doeltteksleser egter verwar in: " 'Ek dink ek is reg, skat, as ek sê dat jy in die hartjie van die winter gebore is?' 'Nee,' sê Harry, 'ek's in Julie gebore' " (HPD1:131) (ook na verwys in Bedeker 2004:71).

Nord meen die referensiële funksie (sien afdeling 3.3.1 1 vir 'n definisie van hierdie term) kan in vertaling enorme probleme skep vir die vertaler, omdat die verwysingswêreld van die oorspronklike en dié van die doeltteks soms geweldig van mekaar verskil. Hierdie verskynsel heet kulturele afstand (*cultural distance*). Nord (1997a: 41) sê:

"The referential function is oriented toward objects in real or fictitious worlds. To carry out the referential function, the receiver must be able to coordinate the message with their model of the particular world involved. Since world models are determined by cultural perspectives and traditions, receivers in the source culture may interpret the referential function differently to those in the target culture. This gives rise to significant translation problems".

Die referensiële funksie kan dus verwarring in die doeltteks veroorsaak indien die vertaler nie die kultuurgaping tussen die brontekswêreld en die doelttekswêreld in ag neem nie. As die doelttekslesers hulle nie met die brontekswêreld kan vereenselwig nie, word die referensiële funksie van die teks ondermyn. Vergelyk Schafer (2000:73):

"The novel's setting is crucial in order for Harry's fantastic magical world to be believable to readers".

In die doelteks, HPD1, word Madame Maxine se voet as groot beskryf met die volgende beeld: "dis 'n skoen so groot soos 'n kind se slee" (HPD1:157). Die "slee" is hier 'n kulturele merker met konnotasies uit die bronteksmilieu vir die bronteksleser, wat nie geld vir die doelteksmilieu en die doelteksleser nie. Daarom sal die doelteksleser glad nie begryp hoe groot Madame Maxine se voet werklik is nie (sien ook Bedeker 2004:69). Net so is daar ook in HPB1:341 'n verwysing na "WWN", of die "Wizarding Wireless Network", wat beslis verwys na die BBC en CNN van Groot-Brittanje. Dit word in die doelteks vertaal as "TDN", of "Towenaarsdraadlose-Netwerk" (HPD1:249) en die konnotasie met die Britse milieu daaraan verbonde sal ongelukkig vir die Afrikaanse doelteksleser minder voor die hand liggend wees.

Voorts word daar ook in die brontekste verwys na die Britse skoolkurrikulum, wat vir die Afrikaanse kind geen referensiële betekenis sal inhou nie, soos Eccleshare (2002:94) meen:

"Talk of OWLs in the fifth year and NEWTs to follow - the two years of national tests - mirrors assessments of GCSE and A levels".

In die Britse skoolstelsel gaan die Engelse leerling van *primary school* na *secondary school* op die ouderdom van elf. Na die vyfde jaar van *secondary school*, op die ouderdom van sestien, lê die leerling 'n GCSE-toets af (*General Certificate of Secondary Education*), na gelang waarvan die leerder dan toegang verkry tot verdere opvoeding in voorbereiding op óf universiteit óf kollege. In die doelteks, HPD2, begaan Kobus Geldenhuys 'n vertaalfout. Geldenhuys behou die vertaling van "OWLs" as "UILe", net soos Oosthuysen in HPD1, maar bo-aan Harry se rapport staan daar "Gewone Towervlak Uitslae" (HPD2:73). Waar die bronteks se "Ordinary Wizarding Levels" (HPB2:100) die afkorting "OWLs" vorm, vorm Geldenhuys se vertaling "GTU" en nie "UIL" nie, wat die doelteksleser beslis sal verwar oor die betekenis van "UILe" in die doelteks, juis omdat 'n referensiële funksie uit die doelkultuur ontbreek.

Dit is duidelik dat nóg Oosthuysen nóg Geldenhuys hulle kultuur-bemiddelende rol as vertalers in die doelt tekste vervul het. Deur byvoorbeeld die Britse seisoene, die Britse skoolkurrikulum en Britse radio- en TV-stasies te ekspliseer in die doelt eks sou die doelt eksleser enersyds verwarring gespaar gebly het, en andersyds sou kulturele referente vir die doelt eksleser verhelder word in die doelt eks, terwyl die algehele vertaalstrategie steeds veruithemsend bly. In die geval van 'n beeld soos die slee, kon dit geneutraliseer word in die doelt eks deur net te noem dat Madame Maxine baie groot voete het, of die vertaler kon verinheems deur te verwys na haar voet wat byvoorbeeld "so groot soos 'n kruise" is. Om hierdie beeld te verinheems sal die teks vir die doelt eksleser verhelder sonder dat die algehele vertaalstrategie van veruithemsing ondermyn word.

3.5.5 Karakterisering

Geografies bestaan die Verenigde Koninkryk uit Engeland, Wallis, Skotland en Noord-Ierland. Die karakters in Rowling se Harry Potter-reeks is dus nie almal Engels nie, maar is dikwels ook Skots of Iers. Getrou aan die Britse geografie, maak Rowling in HPB1 gereeld gebruik van inheemse bronkultuursosiolekte om karakters in te kleur.

Karakters vanuit die Engelse platteland verloor hulle inheemse sjarme deurdat hulle kenmerkende taalgebruik in die doelt eks geneutraliseer word, byvoorbeeld in: " 'Always thought he was odd,' she told the eagerly listening villagers, after her fourth sherry. 'Unfriendly, like. I'm sure if I've offered him a cuppa once, I've offered it a hundred times. Never wanted to mix, he didn't' " (HPB1:8). Dit word in die doelt eks oorgedra as: " 'Ek het nog altyd gedink dat hy eienaardig is,' het sy na haar vierde sjerrie vir die nuuskierige dorpenaars gesê. 'Onvriendelik, soort van. Ek het seker al 'n honderd keer vir hom tee aangebied, maar nee, wil niks weet nie. Hou hom eenkant, daardie een' " (HPD1:6).

Omdat dit blyk dat Oosthuysen veruithemsing volg as algehele vertaalstrategie, sou dit verwarrend wees indien hierdie Britse karakters skielik 'n dialek sou praat wat inheems is aan Suid-Afrika, en daarom is neutralisering hier die beste strategie. Ongelukkig, word die neutralisering van uitheemse aksente nie konsekwent toegepas nie.

Die kenmerkende register waarin die huiselwe praat in die bronteks dien volgens Bedeker (2004:62) om hulle lae stand in die samelewing weer te gee, soos in: ".Ah, sir [...] meaning

no disrespect, sir, but I is not sure you did Dobby a favour, sir, when you is setting him free" (HPB1:89). Hierdie sosiolek word in HPD1 (en ook in HPD2) geneutraliseer in die doeltteks: "Ag, meneer [...] ek wil nie oneerbiedig klink nie, maar ek dink nie u het Dobbi 'n guns bewys toe u hom vrygelaat het nie" (HPD1:66). Die Afrikaanse aanspreekvorm, "u", wat die huiself hier gebruik is met verwysing na Harry Potter, en dui wel op respek van die spreker teenoor die persoon wat aangespreek word, maar nie noodwendig op 'n klasseverskil nie.

Die neutralisering van die huiselwe se unieke register, net soos by die neutralisering van die plattelandse aksente, beïnvloed nie die doelteksleser se interpretasie of begrip van die verhaal nie. Daarteenoor, sou 'n verinheemsing van hierdie aksente wel steurend en verwarrend wees. Dit is dan ook plek-plek die geval, want in HPD1 word die huiselwe se aksente nie konsekwent geneutraliseer nie. Dit wil voorkom asof Knipogies Kaapse Afrikaans praat in die doeltaal: "Dit issie ekkie, meneer! [...] Dit issie, dit issie, ek wetie hoe nie! Ek's 'n goeie elf, ek speel nie met toorstawwe nie, ek wetie hoe nie!" (HPD1:89) en so ook in: "Moet niks meer sê nie, Barty, niks meer nie, jy maak moeilikgeit vir jou pa!" (HPD1:431).

Hierteenoor word een van die minder belangrike karakters in HPD1, Mnr Diggory, in die bronteks geskets sonder enige kenmerkende aksent, terwyl hy in die doelteks in Kaapse Afrikaans praat: "Always modest, our Ced" HPB1:68 word "Altyd beskeie, onse Ced" (HPD1:51).

Terwyl Oosthuysen karakters se brontaalaksente geneutraliseer het en ander plek-plek verinheems het, het sy ook sommige karakters se aksente in HPD1 veruithoems, naamlik dié van die Durmstrang- en die Beauxbatons-leerders en hulle skoolhoofde. Madame Maxine (Maxime in die bronteks) het in die bronteks 'n kenmerkende Franse aksent: "Very well [...] will you please inform zis 'Agrid zat ze 'orses drink only single-malt whisky?" (HPB1:215). Hierdie aksent impliseer dat sy van Frankryk afkomstig is, iets wat nêrens eksplisiet gestel word in die bronteks nie. Haar aksent word na die doelteks oorgedra as: "Goed dan [...] as jy asseblief vir hierdie Agrid sal sê dat die rosse slegs enkelmoutwhisky drink?" (HPD1:158).

Madame Maxine se aksent word in die bronteks bewerkstellig deur die weglating van die 'h'-klank in woorde en met die vervanging van die Engelse 'th' met 'n 'z'. In die doelteks, word die h's steeds deurgaans uitgelaat, alhoewel daar geen z's voorkom nie, omdat die

Afrikaanse taal nie 'n 'th'-klank het nie. Dit is egter onwaarskynlik dat die jong, Afrikaanse doelteksleser deur Madame Maxine se vreemde manier van praat sal aflei dat sy van Frankryk afkomstig is, soos wat die bronteksleser wel sal, juis omdat hierdie aksent in die bronteks 'n referensiële funksie het (sien paragraaf 3.3.1.1 vir 'n definisie van hierdie term) (sien ook Bedeker 2004:61). Benewens die verwarring wat die poging om Franse uitspraak na die doelteks oor te dra meebring, word verdere verwarring gesaai met die gebruik van die Nederlandse woord "rosse", waar "ros" 'n verouderde Nederlandse woord is vir 'n perd. Deur hierdie aksente dus te verinheems, word die kommunikatiewe funksie van die doelteks ondermyn. Daarom sou dit in hierdie geval beter wees om Madame Maxine se aksent in die doelteks te neutraliseer en in 'n ekstra sin, toegevoeg tot die teksinhoud, te verduidelik dat sy van Frankryk afkomstig is, of te noem dat sy met 'n swaar Franse aksent praat.

Teenoor Madame Maxine se Franse aksent in die doelteks, word die Franse Beauxbatonsleerders se aksente geneutraliseer in die doelteks, byvoorbeeld dié van Fleur Delacour, een van die belangrikste karakters in HPB1. Dit skep verdere verwarring vir die jong doelteksleser, byvoorbeeld in: " 'Madame Maxime!' said Fleur at once, striding over to her Headmistress. 'Zey are saying zat zis little boy is to compete also!' " (HPB1:241) word in die doelteks: " 'Madame Maxine!' sê Fleur dadelik en stap na haar skoolhoof. 'Hulle sê dat hierdie klein seuntjie ook gaan deelneem!' " (HPD1:177).

Net soos met die Franse aksent, word die Bulgaarse aksente van die Durmstrangleerders ook behou: "Vell, ve have a castle also, not as big as this, nor as comfortable, I am thinking [...] Ve have just four floors, and the fires are lit only for magical purposes. But ve have grounds larger even than these - though in vinter, ve have very little daylight, so ve are not enjoying them" (HPB1:363). Dit word in die doelteks: "Vhel, ons het ook 'n kasteel, maar nie so groot soos hierdie een nie en ook nie so gerieflik nie, dink ek [...] Ons het net vier verdiepings en die vure word net vir magiese geleenthede aangesteek. Ons terrein is vheel groter as hierdie - hoevhel in die vhinter het ons maar min daglig, dus kan ons dit nie juis geniet nie" (HPD1:264).

Soos in die geval van die Franse aksent, lei die Bulgaarse aksent in die doelteks meer na verwarring vir die doelteksleser as wat dit die karakters se kulturele herkoms blootlê. Die Engelse "wh"-klank word in die bronteks vervang met 'n "v"-klank, en die spelling in die

bronteks word insgelyks foneties aangepas. In die Afrikaanse doelteks, word die Afrikaanse "w"-klank vervang met 'n "vh"-klank, maar nie deurgaans nie. Die "vh" in "vheel" soos in bogenoemde voorbeeld is heeltewel oorbodig, omdat dit nie foneties eintlik verskil van "veel" nie, en lei op hierdie manier tot verdere verwarring (sien ook Bedeker 2004:62).

In HPD2 word aksente en idiolekte in die bronteks ook geneutraliseer, soos dié van Seamus Finnigan, 'n Skot soos wat sy van suggereer: "Me cousin Fergus does it just to annoy me" (HPB2:333) word in die doelteks: "My neef Fergus doen dit heeltyd om my te terg" (HPD2:243) en die aksent van Mundungus Fletcher in die bronteks: "Oh, 'ello 'Arry [...] Well, don't let me keep ya" (HPB2:230) word in die doelteks geneutraliseer tot: "O hallo, Harry [...] Wel, moenie dat ek jou ophou nie" (HPD2:169).

Geldenhuis het in HPD2 egter ook besluit om, net soos Oosthuysen in HPD1, die Franse aksent in die bronteks te behou deur middel van veruithemingsing: "Bill is very busy at ze moment, working very 'ard, and I only work part-time at Gringotts for my Eenglish" (HPB2:91) word in die doelteks: "Bill is op die oomblik baie besig; y werk baie *hard* en ek werk deeltyd by Gringotts om my woordeskat uit te brei" (HPD2:66). Dit is opmerklik dat die h's nie konsekwent in die doelteksaksent uitgelaat is nie, soos by "hard" (gekursiveer).

Net soos in HPD1 is hierdie aksent in Afrikaans verwarrend. Die Franse en Bulgaarse aksente soos dit in die Afrikaanse doeltekste weergegee word is kultuurvreemd vir Afrikaanse lesers weens die referensiële funksie wat dit in die bronkultuur vervul, maar nie in die doelkultuur nie. Dit wil voorkom asof nie Oosthuysen of Geldenhuis die doelteksleser en sy/haar ervaringswêreld in gedagte gehou het tydens die vertaalproses nie.

3.5.6 Eufemistiese taalgebruik

Eufemismes in die doelteks dui dikwels op die suiwering van bronkultuurnorme om ooreen te stem met doelkultuurnorme en -waardes en veroorsaak dus ideologiese veranderinge in die doelteks. In HPD1 het Oosthuysen die doelkultuur in gedagte gehou deur kru verwysings in die bronteks wat onvanpas sou wees in die doelkultuur, te versag, soos in die volgende: "I like a healthy breeze around my privates" (HPB1:77) wat in die doeltaal vertaal word as: "Ek hou van 'n gesonde luggie om my boude" (HPD1:58).

Godslastering in die bronteks word geneutraliseer in die doelteks, byvoorbeeld: "Good Lord, Arthur" (HPB1:92) word "Grote genade, Arthur" (HPD1:69) en "Good Lord" (HPB1:307) word "grote genade" (HPD1:225) en so ook word "My God - Diggory!" (HPB1:583) in die doelteks vertaal as "Grote genade - Diggory!" (HPD1:423).

Vloekwoorde in die bronteks word verswyg in die doelteks, soos by: "Damn them!" (HPB1:114) wat in die doelteks versag word na "Bagman vloek hardop" (HPD1:84).

In HPD2 word daar egter plek-plek versag, plek-plek nie. Ginny praat van Tonks wanneer sy sê: "She's a damn sight nicer than Phlegm" (HPB2:93) en word "Sy's 'n honderd keer gawer as Slymbol" (HPD2:67). Ook godslastering word in HPD2 versag: "Today? But why didn't you - oh my God - you should have said " (HPB2:98) en word: "Vandag? Maar hoekom het jy nie - o hemel... Jy moes gesê het" (HPD2:71).

Die doelteks is soms krasser, waar dit baie sagter gestel word in die bronteks. Byvoorbeeld die woord "Blimey" wat vertaal word as "Flippit" (HPD2:274) en later as "Maskas" (HPD2:329) en toe skielik as "Dêmmitt" (HPD2:354) en weer as "Dêmmitt" (HPD2:369). Daar is ook godslastering in die bronteks (HPB2) wat in die doelteks vervang word met 'n vloekwoord (HPD2) in: "God, I've been stupid!" (HPB2:425) word "Dêmmitt, ek was onnosel" (HPD2:310).

In HPD2 word kru wangedrag in die bronteks, alhoewel dit teenstrydig is met doelkultuurnorme, direk oorgedra na die doelteks, soos in: "Ron dropped several boxes, swore and made a rude hand gesture at Fred that was unfortunately spotted by Mrs Weasley, who had chosen that moment to appear" (HPB2:118), word in die doelteks: "Ron lat val 'n paar bokse, vloek en gooi vir Fred 'n onbeskofte handgebaar. Ongelukkig vir hom verskyn mevrou Weasley net mooi toe op die toneel" (HPD2:118).

Dieselfde gebeur in: " 'The usual,' said Ron indifferently, demonstrating a rude hand gesture. 'Not like him, though, is it? Well - *that* is - ' he did the hand gesture again" (HPB2:135) word in die doelteks: " 'Die gewone,' sê Ron ongeërg en demonstreer 'n ongeskikte handgebaar. 'Maar dis nie hoe hy gewoonlik is nie, is dit? Wel - *dit* is - ' en hy maak weer die handgebaar" (HPD2:99).

Dit is opvallend dat die ideologiese verandering in HPD1 te wyte is aan Oosthuysen se vertaalnorm om doelkultuurwaardes in gedagte te hou tydens die vertaalproses, terwyl Geldenhuys deur die behoud van brontekselemente wat teenstrydig is met waardes in die doelkultuur, dit nie nodig geag het nie.

3.5.7 Eksplisering in die doelteks

Klingberg (1986:18) verduidelik eksplisering in die doelteks as wanneer:

"The cultural element in the source text is retained but a short explanation is added within the text".

Voorts dink Frank (2007:157) eksplisering het óf 'n informatiewe funksie om 'n boodskap in die doelteks oor te dra, óf 'n didaktiese funksie om 'n ideologie in die doelteks oor te dra.

In albei doeltekste, HPD1 en HPD2, het eksplisering 'n informatiewe funksie. In HPB1 word vakansie geïmpliseer met die woord "summer": "... at the end of this summer, he would be starting his fourth year" (HPB2:24).

Omdat die Afrikaanse doelteksleser nie hierdie implisiete konnotasie met die Afrikaanse woord "somer" sal maak nie, word dit in die doelteks deur middel van eksplisering duideliker gestel: "... aan die einde van die somervakansie sal sy vierdie jaar by Hogwarts begin" (HPD1:17).

Net so word "Leprechauns!" (HPB1:95) in die doelteks "lerse aardmannetjies!" (HPD1:70), omdat dié figuurtjie 'n kultuurspesifieke simbool is en die jong Afrikaanse leser moontlik nie van "aardmannetjies" se konnotasie met Ierland sal weet nie.

Oosthuysen het in HPD1 ook die teks vir die jong leser vereenvoudig, deur "zoological column" (HPB1:323) te omskryf as " 'n artikel van dierkundige aard" (HPD1:236), eerder as om die Afrikaanse ekwivalent, naamlik "zoologiese artikel", te gebruik.

Ook Geldenhuys tree op as 'n kulturele bemiddelaar in HPD2 deur te ekspliseer in die doelteks. Die mat in die Eerste Minister se kantoor is 'n "Axminster" (HPB2:13) en word in die

doelteks 'n "Axminster-mat" (HPD2:9), omdat die doelteksleser nie met 'n Axminster bekend sal wees nie. So ook word die geografiese verwysing in die bronteks na Somerset in die doelteks verander na "die Somerset-gebied" (HPD2:13).

Een van die Hogwartsleerders, Luna, se bynaam in die bronteks is "Looney", wat daarop sinspeel dat sy 'n bietjie mal is. Om die humor in haar bynaam in die doelteks te behou, het Geldenhuys haar bynaam met haar naam se betekenis verbind, naamlik maan, ten einde woordspel te skep uit die Afrikaanse idioom, "met die maan gepla", wat ook beteken dat die persoon 'n bietjie mallerig is. Ten einde die woordspel en humor suksesvol oor te dra na die doelteks, is gebruik gemaak van eksplisering. Luna sê: "She stopped two boys in our Transfiguration class calling me 'Looney' the other day" (HPB2:291).

Hierdie woordspel is met behulp van eksplisering ook in die doelteks bewerkstellig met: "Nou die dag het sy twee seuns in ons Transfigurasieklas ingevlieg toe hulle sê ek is met die maan gepla en my 'Mania' noem" (HPD2:213).

3.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is Lambert en Van Gorp (1985) se model vir deskriptiewe vertaalanalise ingespan as metodologiese raamwerk om die verhouding tussen die onderskeie bron- en doelkulture en die verhouding tussen die bron- en die doelteks op makrovlak sowel as die vertalers se gekose vertaalstrategieë te bepaal. Insigte verkry in die makrostrukturele analise baan die weg vir verdere analise op mikrovlak, met aannames oor die vertaler se gekose vertaalstrategieë en vertaalnorme wat voorts in die mikrostrukturele analise gestaaf of weerlê sal word.

Hoofstuk 4: Mikrostrukturele analise van die Afrikaanse Harry Potter

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n mikrostrukturele analise van die Afrikaanse vertalings, *Harry Potter en die beker vol vuur* en *Harry Potter en die halfbloed prins* onderneem met verwysing na Nord (1997b) se kategorieë van vertaalprobleme en Klingberg (1986) se kategorieë vir konteksaanpassing¹². Volgens Nord behoort die vernaamste verskille tussen die bron- en die doelttekslesers en die bron- en die doelttekskonvensies en taalnorme duidelik te wees na 'n volledige bron- en doeltteksanalise sodat moontlike vertaalprobleme uitgewys kan word (sien paragraaf 2.3.4.2.3 vir 'n bespreking van die rol van bronteksanalise).

Daar word gekyk na twee van Nord se vier kategorieë vertaalprobleme, naamlik pragmatiese vertaalprobleme (afdeling 4.2) en teksspesifieke vertaalprobleme (afdeling 4.3). Klingberg se kategorieë vir konteksaanpassing word in hierdie studie beskou as kulturele merkers waarop die vertaler bedag moet wees ten einde enersyds die kulturele gaping tussen die bron- en die doelkultuur suksesvol te oorbrug en die teks so toeganklik moontlik te maak vir die doeltteksleser, en andersyds te let op die konsekwente toepassing van gekose vertaalstrategieë ten einde interkulturele kommunikasie tussen bronkultuur en doelkultuur te bewerkstellig. Die hantering van kulturele merkers word bespreek as interkulturele vertaalprobleme (afdeling 4.4). As oorhoofse vertaalstrategie word daar in hierdie studie 'n kompromis voorgestel tussen verin- en veruitheemings en alle voorbeelde van kultuurgebonde vertaalprobleme wat in die doeltekste gevind word en weens 'n ondeurdagte vertaalstrategie die doelteksfunksie in die doelkultuur ondermyn, dien as bewyse vir die vertaler se versaking van sy/haar rol as interkulturele bemiddelaar (sien paragraaf 2.2.5).

Voorbeelde van pragmatiese, interkulturele en teksspesifieke vertaalprobleme sal in hierdie studie uitgelig word deur doelteksbewoording met bronteksbewoording te vergelyk en aanbevelings vir moontlike vertaaloplossings sal volg.

4.2 Pragmatiese vertaalprobleme

In die vertaling van 'n teks vanaf 'n brontaal na 'n doeltaal is daar in die meeste gevalle enorme verskille tussen die bron- en die doeltekswêreld. Weens die verskil in

¹² *context adaptation categories*, Klingberg (1986:17)

agtergrondkennis van brontekstlesers teenoor dié van die doeltekstlesers, ontstaan 'n kulturele gaping wat Nord (1997a:92) beskryf as kulturele afstand (*cultural distance*) (sien paragraaf 3.5.4). Dit lei dikwels tot allerlei pragmatiese vertaalprobleme in die doelteks waarmee die vertaler gekonfronteer word. Indien die doeltekstleser hom of haar nie met die doeltekswêreld kan identifiseer nie, word die leser van die teks vervreem. In verband hiermee sê Nord (1997a:86):

"The cultural gap between the amount of information presupposed with respect to source-text receivers and the actual cultural and world knowledge of the target-text-addressees can sometimes be abridged by additional information or adaptations introduced by the translator".

Pragmatiese vertaalprobleme sluit in kultuurgebonde terme (paragraaf 4.2.1), literêre verwysings (paragraaf 4.2.2), uitheemse tale in die doelteks (paragraaf 4.2.3), argitektuur, meubels, kleredrag en objekte (paragraaf 4.2.4), kos (paragraaf 4.2.5), flora en fauna (paragraaf 4.2.6), eiename (paragraaf 4.2.7) en plekname (paragraaf 4.2.8).

4.2.1 Kultuurgebonde terme

Kultuurgebonde terme het dikwels konnotasies in die brontekssituasie of bronkultuur wat nie deur 'n semantiese ekwivalent in die doelteks oorgedra kan word nie. Nord (1997b:59) meen:

"The translation of culture-bound terms always poses pragmatic translation problems since the target readers often cannot be supposed to know the source culture".

Die vertaler, as ekspert in interkulturele kommunikasie en met kennis van sowel die bron- as die doelkultuur, moet as 'n kulturele bemiddelaar optree deur geïmpliseerde konnotasies in die bronteks eksplisiet weer te gee in die doelteks sodat die doelteks 'n kommunikatiewe funksie verrig in die doelkultuur. Daarom is dit belangrik dat wanneer woorde in 'n brontekssituasie 'n spesifieke effek of uitwerking het op die brontekstleser, dieselfde woorde in die doelteks ook dieselfde effek op die doeltekstlesers sal hê. By Dumbledore se begrafnis in HPB2 dink Harry terug aan die skoolhoof se eksentrieke persoonlikheid en voel hy dat die

begravnistoespraak hom nie gestand doen nie: "It had little to do with Dumbledore as Harry had known him. He suddenly remembered Dumbledore's idea of a few words: 'nitwit', 'oddmment', 'blubber' and 'tweak', and again, had to suppress a grin" (HPB2:600).

Van hierdie woorde skeep oordragprobleme na die doeltaal, soos byvoorbeeld "blubber". Dit wys enersyds op 'n persoon wat huil en daarom sou die woord "tjank" gebruik kon word, maar dit verwys andersyds ook na die spesifieke klank van die huilaksie, naamlik "to make a bubbling sound" (Brown 1993:248). Voorts skeep "tweak" ook 'n oordragprobleem. Dit beteken om te knyp of hard te trek en volgens die Oxford English Dictionary (Brown 1993:3432), "a sharp jerking pull" of "[to] seize and pull with a twisting movement".

In die doelteks word hierdie gedeelte vertaal as: "Hy onthou skielik woorde wat Dumbledore dalk liever sou gebruik het: 'domkop', 'eienaardigheid', 'tjankbalie' en 'bemiddelaar' en weer moet hy keer of hy begin lag" (HPD1:439). Dit is duidelik dat "bemiddelaar" in die doelteks glad nie die semantiese ekwivalent van "tweak" is nie, en net so ook dat "oddmment" nie die semantiese ekwivalent van "eienaardigheid" is nie. Wat meer is, die humor in die bronteks wat geskep word met die samevoeging van ongewone woorde gaan verlore in die doelteks en beïnvloed eintlik hoe die doeltekslesers Dumbledore se karakter beskou en beïnvloed op hierdie manier karakterisering op makrovlak. In plaas van "tjankbalie" vir "blubber", sou "snotter" in die doelteks meer gepas wees en boonop die geluidkwaliteit aan die doelteks oordra en "krink" (dit beteken ook "om te draai") sal die betekenis van "tweak" hier goed verwoord. In plaas van "domkop" vir "nitwit" kon 'n minder bekende woord soos "knul" gebruik word, en vir "oddmment", wat eintlik in die doeltaal dieselfde betekenis het as "ditjies en datjies", sou "dinges" ook die humor kon oordra. Die doelteks sou dus kon lui: "Hy onthou skielik woorde wat Dumbledore dalk liever sou gebruik het: 'knul', 'dinges', 'snotter' en 'krink' en weer moet hy keer of hy begin lag" (Pharos 2005).

In die bronkultuur is die term "bonfire" 'n alombekende een. Dit verwys na 'n groot, opelug-vuur waarin bene verbrand is, en is daarom ook oorspronklik "bonefire" genoem (Brown 1993:258). Hierdie vure is ook gebruik om ketters en verbande boeke te verbrand. Ook is daar, met verwysing na byvoorbeeld die mites oor "Hallowe'en" (sien tradisies en oorgelewerde gebruike, paragraaf 4.4.1), gewoonlik "bonfires" betrokke by die groot

byeenkomste van demoniese wesens soos hekse, waarom daar gedans en makietie gehou word. Hierdie woord vervul dus 'n belangrike konnotatiewe funksie in die bronteks.

In die bronteks dink Harry momenteel hy sien sulke vure brand: "Harry hurried up alongside them - for a split second, he thought he was seeing bonfires, and men darting around them" (HPB1:285). Dit was uiteindelik vuurspuwende drake en towenaars wat om hulle rondartel om hulle onder beheer te bring. Dit word in die doelteks vertaal as: "... vir 'n breukdeel van 'n sekonde verbeel hy hom dat hy vreugdevure sien en mense wat om hulle dans" (HPD1:208). Die woord "vreugdevuur" vervul ongelukkig nie in die doelkultuur dieselfde funksie as in die bronkultuur nie, omdat dit ontnem word van sy okkultiese en magiese konnotasies en in die doelteks net 'n kultuurvreemde woord word. Om verwarring uit te skakel, kon die vertaler moontlik net hier die woord geneutraliseer het, deur "bonfires" te vervang met 'n verduideliking, soos: "... vir 'n breukdeel van 'n sekonde verbeel hy hom hy sien groot vure en mense wat daar rondom dans".

Voorts word daar in HPB2 verwys na 'n "apothecary" (HPB2:108), 'n woord wat in die brontaal reeds in onbruik verval het, maar verteenwoordigend is van die Middeleeuse milieu waarin die towerwêreld afspeel (sien paragraaf 3.5.4). Dit verwys na 'n persoon wat 'n verskeidenheid kruie voorberei en verkoop vir medisinale doeleindes en die hedendaagse "apothecary" (Brown 1993:96) is eintlik 'n apteker. Wanneer dit in die doelteks egter vertaal word met "apteek" (HPD2:78) veroorsaak dit 'n anachronisme in die doelteksmilieu. Eksplisering in die doelteks met die verwysing na die "apothecary" as 'n Middeleeuse huisapteek of 'n kruiedokter waar medisinale kruie voorberei word sou meer gepas wees.

Die Britse eufemisme vir "snot", naamlik "bogey", het nie 'n versagterende ekwivalent in die doelteks nie. Hierbenewens wil dit voorkom asof die vertaler onbewus was van die feit dat "bogey" eintlik "snot" beteken. In hierdie gedeelte is Hagrid aan die huil terwyl hy aartappels skil vir aandete: "Hagrid gave another great snort. Harry rather thought some bogies landed on the potatoes, and was inwardly thankful that they were not staying for dinner" (HPB2:216). Dit word in die doelteks vertaal as: "Hagrid snork weer hard en verontwaardig. Harry is seker daar het 'n paar goggas op die aartappels beland en is in die stilligheid dankbaar hulle gaan nie vir aandete bly nie" (HPD2:159). Die doelteksvertaler word eintlik hier gedwing om "snot" in die doelteks te gebruik, want "goggas" is verwarrend.

Groot-Brittanje se ryk kultuurskat aan folklore en legendes oor hekse, towenaars en die beoefening van towerkuns het tot gevolg dat daar dienooreenkomstig 'n ryk woordeskat bestaan waarmee hierdie legendes van generasie tot generasie oorvertel, ingekleur en selfs ietwat herskep is. As gevolg hiervan is daar in die Britse Engelse woordeskat meer as een woord wat na min of meer dieselfde referent verwys in die brontekswêreld, wat groot probleme vir die vertaler skep.

Dit is moontlik om hierdie rede waarom die woord "hags" (HPB1:280) uitgelaat is in die doeltteks, want daar bestaan nie 'n vertaalekwivalent daarvoor in die doeltaal nie. Hierdie woord is 'n verkorte vorm van die ou Engelse woord, *haegtesse* (Brown 1993:1172). Dit verwys na 'n bonatuurlike wese, dikwels met kwaadwillige intensies, wat die vorm van 'n ou vrou of ou heks aanneem en het hoofsaaklik ontstaan in Keltiese en Germaanse folklore (Rose 1998:142). Die bronteks lees: "Harry supposed that as Hogsmeade was the only all-wizard village in Britain, it was a bit of a haven for creatures like hags, who were not as adept as wizards at disguising themselves" (HPB1:280). In die doeltteks het die vertaler hierdie woord weggelaat deur dit te neutraliseer: "Harry dink dat omdat Hogsmeade die enigste dorp in Brittanje is waarin alleenlik towenaars woon, dit ook 'n heenkome is vir skepsels wat nie juis goed met vermomming is nie" (HPD1:205).

Net so ook is die doeltaalwoordeskat ontoereikend wat die onderskeid tussen "goblins" en "gnomes" betref. In die Harry Potter-reeks bestuur "goblins" die towenaarsbank. In Europese folklore is 'n "goblin" bekend as 'n lelike, kort (ongeveer knie-hoogte) kabouter wat kwaadwillig van aard is. Volgens oorlewering het hulle grys hare en baarde en bak hulle graag poetse op mense, soos verbygaande reisigers. Sommige "goblins" word huisgeeste en kan dan 'n huisgesin tot raserny dryf deur die kombuis elke aand om te krap of meubels rond te skuif (Rose 1998:128,129). Daar is egter 'n manier om van hierdie pestelike kabouter ontslae te raak, naamlik:

"... to cast flax seed all over the floors. When the sprite comes to do mischief at night he will be obliged to pick up all the seed, but there will be so much that he cannot finish before dawn. After a few repeats of this tedium, he will give it up and leave" (Rose 1998:129).

Net soos "goblins", word "gnomes" ook beskryf as kort, lelike ou mannetjies en is hulle ook kabouters. Maar "gnomes" woon ondergronds en kan net wanneer hulle wil skielik in die aarde in verdwyn. Volgens oorlewering woon hulle eintlik in myne en is hulle die bewaarders van ondergrondse skatte (Rose 1998:128). Daar woon talle van hierdie kabouters in die Weasleys se tuin en een van hulle word op 'n keer selfs getoor en as 'n Kersboomversiering gebruik (HPD2:226). Die ontoereikende doeltekswoordeskate om "gnomes" en "goblins" uit mekaar te ken is egter problematies, want die doelteksekwivalent vir "gnome" is "kabouter" en die doelteksekwivalent vir "goblin" is "kaboutermannetjie". Boonop word hierdie doelteksbenaminge lukraak in die onderskeie doeltekste afgewissel.

In HPD1 is "gnome" (HPB1:56) vertaal as "kabouter" (HPD1:43). Dit is egter opmerklik dat 'n latere verwysing na die "Goblin Liaison Office" (HPB1:79) in die doelteks vertaal word as die "Gnoom-skakelkomitee" (HPD1:59) en die "goblin rebellions" (HPB1:341) waarvoor die Hogwartsstudente eksamen skryf ook in die doelteks vertaal word as die "gnoomrebellies" (HPD1:249). Winky, 'n huiself, vermaan in die bronteks vir Dobby, ook 'n huiself, dat hy voor 'n tugkomitee sal verskyn "like some common goblin" (HPB1:90), wat in die doelteks weergegee word as "soos 'n gewone tuinkabouter" (HPD1:67). In HPD2 word die "Goblin Liason Office" (HPB2:72) vertaal as die "Kabouter Skakelkantoor" (HPD2:52), die "goblins" (HPB2:106) wat in die towerbank werk word vertaal as "gnome" (HPD2:77) en die "garden gnome" (HPB2:309) word 'n "tuinkabouter" (HPD2:226).

Voorts word "Leprechauns" (HPB1:95), volgens Ierse folklore 'n manlike fee wat skoene maak en ook skatte bewaar (Rose 1998:196), in die doelteks vertaal as "Ierse aardmannetjies" (HPD1:70). 'n Latere verwysing na "goblins" word egter in die doelteks ook vertaal as "aardmannetjies": "They passed a group of goblins, who were cackling over a sack of gold they had undoubtedly won betting on the match" (HPB1:113) word "Hulle loop verby 'n groep aardmannetjies wat om 'n sak goud staan en kekkel" (HPD1:83). Die vertaler moes besluit op 'n vertaling vir "goblins" wat konsekwent verskil van die vertaling vir "gnomes" en ook duidelik in die doelteks onderskei word van die vertaling vir "leprechauns" sodat die doelteksleser nie verwar word nie.

Omdat relatief min van die Europese folklore bekend is aan die Afrikaanse doeltekslesers, moes die vertaler ook bedag wees op letterlike vertalings wat ongewenste konnotasies in die

doelkultuur skep. Wanneer Snape aangestel word as onderwyser teen die donker kunste sê hy vir die klas: "Seems you've had a pretty thorough grounding in tackling Dark creatures – you've covered Boggarts, Red Caps, Hinkypunks, Grindylows, Kappas and werewolves, is that right?" (HPB1:186). Dit word in die doeltteks vertaal as: "Dit lyk asof julle baie deeglik onderrig is in hoe om Donker kreature te takel – julle het Boggarts, Rooikappies, Hinkepinke, Grindeloë, Kappas en weerwolwe gedoen, is dit reg?" (HPD1:137).

Die "Boggart" is 'n kabouter in die folklore uit die Noorde van Engeland en kan verskillende vorms aanneem en kan ook self van vorm verander (Rose 1998:45). Die oordrag van die Engelse vorm as "Boggart" is die gewensde oplossing omdat hierdie wese nie in die doeltteksfolklore voorkom nie. Voorts is "Grindylows" waterdemone uit die folklore van Yorkshire en is naturalisering as "Grindeloë" ook hier gewens. Volgens oorlewering woon "Grindylows" in stilstaande riviere of mere en trek kinders onder die water in wanneer hulle te na aan die water speel. In Lancashire is dieselfde waterdemon bekend as "Jenny Greenteeth" en in ander dele van Engeland as "Nellie Long-Arms" (Colbert 2001:111). Die "Kappa" is 'n demoon afkomstig uit die Japannese mitologie. Hulle word beskryf as klein en soortgelyk in voorkoms aan 'n apie, maar met 'n skubberige vel en gewebde vingers. Die "Kappa" woon, net soos die "Grindylow", in riviere en dammetjies en verdrink mense wat dit te na aan die water se rand waag (Rose 1998:170).

Die "Hinkypunk" is 'n kabouter met net een been uit Engelse folklore wat nagtelike reisigers op 'n dwaalspoor sit, deurdat hulle sy kerslig volg en hy hulle dan in 'n moeras in lei (Rose 1998:150).

Die "Red Cap" is afkomstig uit mites vanuit Skotland en Engeland en is 'n wese wat woon in ou, bouvallige kastele, oorlogsvelde of enige plek waar bloed al gevloei het. Ook hierdie kabouter lyk soos 'n klein, ou mannetjie met grieselige lang hare, gloeiende oë, uitstaantande en kloue aan sy lang, maer vingers. Hy dra stewels van staal en sy kappie is bloedrooi, omdat dit met bloed deurweek is. Hierdie skepsel dra 'n piksteel en slag verdwaalde reisigers wat skuiling soek of verdwaal het en vang dan sy slagoffer se bloed op in sy kappie. Ander name vir hierdie kabouter sluit in "Bloody Cap" en "Red Comb" (Rose 1998:43). Alhoewel hierdie skepsel ook nie in die doelttekswoordeskat voorkom nie, is 'n leenvertaling (*calque*) hier as "Rooikappie" problematies, omdat dit ander, meer positiewe konnotasies in die

doelkultuur oproep. In die doelkultuur is "Rooikappie en die wolf" 'n bekende kindersprokie. Dit sou daarom raadsaam wees om dubbelsinnighede uit te skakel deur "Red Cap" byvoorbeeld te vertaal as "Bloedhoed".

4.2.2 Literêre verwysings

Klingberg (1986:19) sê:

"Literary references are mostly references to events or characters in literary works. Sometimes there may also be the problem of how to translate titles of books, short stories, magazines or newspapers. When references to events or characters in literary works may be thought to be obscure or unintelligible to the readers of a target text, one has to resort to some kind of cultural context adaptation".

Die historiese en ook literêre verwysing na die Britse King Arthur-legendes in die bronteks word in die doelteks HPD1 geneutraliseer in die uitroep: "Merlin's beard" (HPB1:68) en word "So by my kool" (HPD1:51). Omdat die King Arthur-legendes nie onbekend is aan die Afrikaanse doeltekslesers nie, is hierdie verandering onnodig. Wat meer is, hierdie verwysing na Merlin is nie net 'n belangrike intertekstuele verwysing na 'n legendariese towenaar nie, maar dien ook as 'n tipiese towenaarsuitroep wat die towerwêreld en sy mense van die gewone Moggelwêreld onderskei (Roodt 2007:6). Dit is moontlik om hierdie belangrike tematiese rede dat dieselfde verwysing na Merlin, "Merlin's beard, no" (HPB2:17) behou word in HPD2 as "By Merlin se baard, nee" (HPD2:12) en so ook in: "Merlin se baard, Tom!" (HPD2:340).

Die koerante wat in die Moggelwêreld genoem word is werklike koerante in sirkulasie in hedendaagse Brittanje en die koerant in die Towerwêreld se naam is geskoei op dié Britse koerante en dien op hierdie manier as fiktiewe referent na die Britse werklikheid. Daar word byvoorbeeld verwys na *The Daily Mail* (HPB1:29) wat in die doelteks vertaal word as die *Daaglikse Nuus* (HPD2:22) en die fiktiewe koerant in die Towerwêreld, naamlik die "*Daily Prophet*" (HPB2:63) word vertaal as die "*Daaglikse Profeet*" (HPD2:45) (sien ook Bedeker 2004:71). In hierdie leenvertalings gaan die implisiete konnotasie vir die doelteksleser

verlore. Die *Daily Mail* sou vertaal kon word as "*Die Nuusblad*" of "*Nuusblad*" en die "*Daily Prophet*" as "*Die Profeet*" of selfs as "*Die Waarsêer*", na aanleiding van Afrikaanse koerante soos *Die Burger* en *Beeld*.

4.2.3 Uitheemse tale in die doeltteks

Klingberg (1986:29) sê:

"If it is desirable in a translation to keep the degree of adaptation of the source text, words and passages in another language than the source language should be retained in the target text if there is reason to suppose that its readers are equally familiar or unfamiliar with the foreign language as the readers of the source text".

In albei brontekste is daar verwysings na vreemde tale. In HPB1 is daar karakters met Franse en Bulgaarse aksente, aangedui deurdat die standaardspelling van woorde verander word om foneties te klink na óf Franse-Engels óf Bulgaarse Engels (sien paragraaf 3.5.5 vir voorbeelde en 'n bespreking van hierdie aksente en ook Bedeker 2004:61,62). Die bronteksleser, self 'n Europeër, sal tot 'n mindere of meerdere mate bekend wees met hierdie aksente in die bronteks. Die doelteksleser as 'n Suid-Afrikaner sou egter nog nooit 'n persoon hoor Afrikaans praat het met 'n Franse aksent nie, en so ook nie Afrikaans met 'n Bulgaarse aksent nie. Daar is ook Franse dele in die bronteks wat onvertaal gelaat is in die doelteks. In die doelteks sê Madame Maxine: "*C'est impossible!*" (HPD1:177) en 'n Franse student vra verward: "*Ou est Madame Maxine? Nous l'avons perdue -*" (HPD1:81). Die jong Afrikaanse leser sal glad nie verstaan wat daar gesê word nie.

Dit volg dus dat die bron- en die doeltekslesers nie ewe vertrouwd is met hierdie vreemde tale nie en dit sou daarom wys wees om hierdie aksente in die doelteks te neutraliseer en in die teks te ekspliseer dat die karakters Frans of Bulgaars is en nie (soos in albei HPD1 en HPD2 die geval is) hierdie aksente in die doelteks te probeer behou nie. In ander gevalle kan daar bloot in die doelteks ekspliseer word. In die geval waar Hagrid homself optof om Madame Maxine te beïndruk, vra Hermien vir Hagrid of hy naskeermiddel aan het en Hagrid antwoord: "H'm - net Eau-de-Cologne" (HPD1:172). Dit sou die doelteksleser hier help deur te

eksploseer dat die "eau-de-cologne" waarna Hagrid wys van Frankryk afkomstig is, net soos Madame Maxine en dit waarskynlik die rede is waarom hy skielik Franse reukwater gebruik.

Rowling maak ook gebruik van Latyn in haar towerspreuke. Dit dra by tot die geloofwaardigheid van die antieke towerwêreld wat sy geskep het in die Potter-reeks. Omdat nóg die brontekstlesers nóg die doeltekstlesers vertrou is met Latyn, versterk hierdie uitheemse woorde die magiese en fantasie-element in die tekste en ondermyn dit glad nie die teksfunksie nie. Die doel of uitwerking van die towerspreuke word beide in die bron- en doeltekste verduidelik, soos in: "Ek hou van hierdie een [...] hierdie Dwarsboomvloek. Behoort enigiets wat jou wil aanval te stuit" (HPD1:362). In HPD1 is die meerderheid van die towerspreuke in hulle oorspronklike vorm behou, byvoorbeeld in: "Sonus" (HPD1:69), "Quietus" (HPD1:77), "Prior Incantato" (HPD1:89), "Deletrius" (HPD1:89), "Reparo" (HPD1:110), "Imperio" (HPD1:138), "Engorgio" (HPD1:139), "Furnunculus" (HPD1:191), "Densaugeo" (HPD1:191), "Orchideus" (HPD1:198), "Avis" (HPD1:198), "Diffindo" (HPD1:218), "Accio" (HPD1:226) en "Relashio" (HPD1:312). Dit is egter opvallend dat 'n paar van die towerspreuke verafrikaans is. Die towerspreuk "Stupefy" in die bronteks (HPB1:286) word "Benewel" (HPD1:209) en later "Bedwelm" in die doelteks (HPD1:394), "Rennervate" (HPB1:486) word "Ontwaak" (HPD1:353) en "Impedimenta" (HPB1:543) word "Dwarsboom" (HPD1:394). In HPD2 is towerspreuke deurgaans in hulle oorspronklike vorme behou, ook "Rennervate" (HPD2:392), "Impedimenta" (HPD2:409) en "Stupefy" (HPD2:412), behalwe op bladsy 561 waar "Bedwelm" voorkom (HPD2:411). Dit is egter die enigste Afrikaanse towerspreuk in HPD2 en kan daarom, volgens Nord (1997a:74)¹³, beskou word as 'n vertaalfout.

4.2.4 Argitektuur, meubels, kleredrag en objekte

Argitektuur, meubels, bronkultuurobjekte en Middeleeuse bronkultuurkleredrag maak deel uit van die bronkultuurmilieu waarin die Harry Potter-reeks afspeel. Hierdie kultuurgebonde elemente behoort in die doelteks neerslag te vind indien 'n oorhoofse vertaalstrategie van veruitheemingsing gevolg word en die vertaler, as ekspert in interkulturele kommunikasie, behoort die doelteksleser te help om die brontekstmilieu beter te verstaan.

¹³ "If the purpose of a translation is to achieve a particular function for the target addressee, anything that obstructs the achievement of this purpose is a translation error".

In HPD1 word die grootte van die Kwiddiekstadion aan die doelteksleser beskryf met: "Hoewel Harry net 'n fraksie van die uitgestrekte goue mure om die speelveld kan sien, reken hy dat tien katedrale met gemak daarin sal pas" (HPD1:66). Met verwysing na katedrale as maateenheid, argitektoniese kenmerke uit antieke tye wat wyd verspreid deur Europa voorkom, is hierdie beeld vir die jong doelteksleser ontoeganklik. Die vertaler sou hierdie beeld vir die doelteksleser kon verhelder deur 'n meer bekende beeld te gebruik wat steeds uitheems is, byvoorbeeld deur te sê die Kwiddiekstadion is so groot dat tien kastele met gemak daarin sal pas.

Tydens die winter in Hogwarts word daar (deur huiselwe) vir elke student "warming pans" (HPB1:169) tussen die lakens ingeskuif voordat hulle gaan slaap. Dit is naamlik koperpanne waarin warm kole gegooi word en dien as 'n verwysing na die Middeleeuse milieu van die towerwêreld, (sien paragraaf 3.5.4 vir 'n bespreking van die milieu). Daarom is die vertaling van "warming pans" (HPB1:169) in die doelteks as "bedverwarmers" (HPD1:125) ontoeganklik vir die doelteksleser. In die doelkultuur is daar nie so iets soos 'n "bedverwarmer" nie; wel 'n warmwaterbottel of 'n warmkometers. Dit lei enersyds daartoe dat die verwysing na die Middeleeuse milieu van die towerwêreld nie oorgedra word na die doelteks nie, en skep andersyds moontlike verwarring vir die doelteksleser, wat die kommunikatiewe funksie van die doelteks ondermyn. Daar kon eerder in die doelteks ekspliseer word deur te verwys na " 'n koperpan waarin warm kole gegiet word".

In die bronteks word daar verwys na 'n towenaar wat "thigh-length galoshes" dra (HPB1:70). Die term "galoshes" dateer vanuit die Middeleeue en dit is 'n houtsool met 'n leer bo-deel wat aan die skoene geheg word met 'n gespe en dus die skoene bedek, sodat die skoene teen water beskerm word. Hedendaags word "galoshes" van rubber gemaak en is dit soortgelyk aan "wellington boots", wat ook in die bronteks genoem word (HPB1:56). Dit lyk asof die "galoshes" waarna Rowling in die bronteks verwys nie die hedendaagse soort is nie, maar wel dié wat dateer uit die Middeleeue, juis omdat die towenaarsmilieu Middeleeus is. Dit word in die doelteks vertaal as "heuplengte oorskoene" (HPD1:53), 'n term wat uitheems aan die doeltekslesers sal wees. Eksplisering in die teks sou hierdie probleem oplos, deurdat die "oorskoene" in die teks beskryf word, naamlik hoe dit lyk en waarom dit gedra word, soos in: "Die man met die horlosie dra 'n tweedpak en Middeleeuse oorskoene. Dit lyk soos leer wat bo-oor sy skoene pas en amper tot bo by sy heupe strek" (sien ook Bedeker 2004:69).

Die woord "plus-fours" (HPB1:72) verwys na 'n knie-lengte mansbroek wat nou om die knie sluit, maar uitpof om die bobene en uit die twintigste eeu dateer. Weereens word die milieuverwysing ondermyn met die vertaling in die doelteks as slegs 'n "pofbroek" (HPD1:54). Eksplisering in die doelteks sou die doelteksleser van hulp wees, byvoorbeeld " 'n twintigste-eeuse pofbroek". Net so skep die kleredrag van die Griffindorspook ook verwarring in die doelteks. Die spook dra 'n "doublet" en 'n "ruff" in die bronteks (HPB1:154). 'n "Doublet" is 'n noupassende mansbaadjie wat in die Middeleeue mode was in veral Wes-Europa, waarby 'n "ruff" gewoonlik gedra is, naamlik 'n geplooide kraag wat om die nek bo die "doublet" gevou is met die funksie om die "doublet" se kraag skoon te hou. In die doelteks word die "ruff" net aangegee as 'n "plooiakraag" (HPD1:113). 'n Verduideliking in die teks self met 'n verwysing na die tydperk waaruit hierdie kledingstuk dateer, is noodsaaklik ten einde die doelteksleser tegemoet te kom, soos byvoorbeeld: " 'n sewentiende-eeuse plooiakraag wat reg rondom sy nek uitwaaier".

In HPB2 word daar 'n beeld gebruik met verwysing na "gargoyles". In die argitektuur is 'n "gargoyle" 'n ornamentele waterspuier wat water uit 'n gebou se geute dreineer. Oorspronklik is "gargoyle" gebruik as verwysing na die gesnede leeus van klassieke kroonlyste soos by die Parthenon in Athene, maar het later ook gedien as verwysing na groteske beelde wat dien as waterspuiers op Europese katedrale, byvoorbeeld die chimeras op die borsweringmure van die Notre Dame in Parys. Hierdie argitektuur dateer uit die Middeleeue, en die "gargoyle" uit die Gotiese tydperk, lyk soos 'n hurkende half-mens-half-dier of 'n groteske voël (Encyclopaedia Britannica 2008). Die bronteks lui: "Crabbe and Goyle were both sitting with their mouths open like gargoyles" (HPB2:145), en word in die doelteks: "Crabbe en Goyle se monde hang al twee oop soos drakekopspuiers" (HPD2:106). Weens die afwesigheid van Middeleeuse of Gotiese-styl argitektuur in Suid-Afrika, kan daar nie verwag word dat die jong doelteksleser bekend sal wees met 'n "drakekopspuier" nie, en daarom sou dit wys wees om hier ook die betekenis van die term kortliks in die teks te ekspliseer.

4.2.5 Kos

Ook die kos in die towerwêreld dra by tot die skep van 'n Middeleeuse atmosfeer, met groot feeste wat by geleentheid in Hogwarts gehou word wanneer die tafels kreun van keurig bereide kossoorte. In die bronteks word geregte genoem wat uit die Middeleeue dateer, soos "black pudding" (HPB1:221) wat in die doelteks vertaal word as "bloedwors" (HPD1:163).

Deur hierdie kossoorte uitheems te hou, maar dit tog aan die doelteksleser te verduidelik word die oorhoofse vertaalstrategie van veruitheemingsing konsekwent volgehou en leer die doelteksleser meer omtrent die Britse kultuur. Klingberg (1986:38) meen:

"In children's literature research today it is generally held that food is something of interest to children and that the popularity of some books may have something to do with the interest the books take in food and their detailed description of it. What children in other countries eat and drink may thus awaken the readers' interest in the foreign culture".

In die bronteks word daar "assorted pasties" (HPB1:63) genoem. Die woord "pasty" is oorspronklik afgelei vanaf die Latynse "pasta", wat "deeg" beteken. In die Middeleeue was "pasties" dikwels groot, groter as die pasteie wat ons vandag ken. Dit is 'n sout gereg, naamlik 'n deegkors gevul met vleis of vis. Daar is egter 'n verskil tussen 'n "pasty" en 'n "pie". Terwyl "pies" gemaak is in verskeie dekoratiewe vorme en gevul is met 'n verskeidenheid bestanddele, is "pasties" gemaak sonder vorms en is dit net gevul met een bestanddeel. Daar is egter uitsonderinge, soos die "Cornish pasty" wat met maalvleis en groente gevul word (Davidson 1999:579 en 584). Die verwysing na "assorted pasties" (HPB1:63) word egter in die doelteks vertaal as "verskeidenheid pasteitjies" (HPD1:14). Bedeker (2004:68) noem dat "tertjies" hier 'n beter vertaling sou wees vir "pasties", maar dit kan egter by die doelteksleser die indruk skep dat dit 'n soet gereg is. Daarom sou "souttert" 'n geskikter vertaling wees.

In die bronteks (HPB1:162) eet Ron "Yorkshire pudding" en word dit in die doelteks (HPD1:119) vertaal as "Yorkshire-poeding". Alhoewel dit die erkende vertaalekwivalent is in die doeltaal (Pharos 2007), dui die woord "poeding" in die doelkultuur op 'n soet nagereg en dus nie na 'n gereg wat tydens 'n hoofmaaltyd bedien sal word nie. Die lesers kan daarom mislei word deur te dink "Yorkshire-poeding" is 'n soet, Britse poeding. Dit is egter nie die geval nie. Hierdie gereg word tradisioneel voorberei met deeg van eier, meel en melk wat met 'n dun laag beesdruipvet bedek en gaargemaak word. Dit word in vierkante gesny, met vleissous bedek en bedien saam met gebraaide beesvleis, soos dan ook in die geval van Harry Potter: "... toe hulle sit en besig is om bief en Yorkshire-poeding op te skep"

(HPD1:344). Hierdie twee geregte saam is 'n tradisionele Sondagmiddagete in Brittanje (Davidson 1999:860). Ten einde verwarring uit te skakel, kan die term geneutraliseer word as "deegsouskluitjie", soos in: " 'Ag, k'maan, 'Ermien,' sê Ron en sprei vir Harry per ongeluk met stukkies deegsouskluitjie". 'n Ander oplossing sou wees om die aard van die poeding te verduidelik in die teks self, soos in: " 'Ag, k'maan, 'Ermien,' en sprei vir Harry per ongeluk met stukkies Yorkshire-poeding, 'n tradisionele Britse deegsouskluitjie".

Die bronteks se "Spotted Dick" (HPB1:162) is 'n poeding wat tradisioneel gemaak word met beesvet (genoem "suet pudding") en as "spotted" beskryf word omdat dit 'n vulsel van suiker en rosyne bevat. Dit is eintlik 'n rolkoek (in Engels "roly poly pudding"), waar die deeg op 'n plat oppervlak oopgerol, suiker en rosyne oor gestrooi, en dan toegerol word om in die oond te bak (Davidson 1999:748). Dit word in die doelteks as "korentepoeding" vertaal (HPD1:119), maar sou makliker vir die doelteksleser verstaanbaar wees as "rosynepoeding".

Die "steak-and-kidney pudding" (HPB1:221) waarna daar in die bronteks verwys word is eintlik nog 'n tipe "suet pudding" wat van beesvet gebruik maak. Hierdie gereg is egter, net soos in die geval van "Yorkshire pudding", 'n sout gereg wat met gebraaide beesvleis bedien word en word nie, soos in die geval van "Spotted Dick" as 'n nagereg bedien nie. Net soos by "Spotted Dick" word hierdie gereg ook gerol, met die bestanddele binne-in (Davidson 1999:754). In die doelteks is dit as "bief-en-niertjie-pastei" vertaal (HPD1:162), 'n gereg wat bekend is aan die doeltekslesers en "steak and kidney pie" in Brittanje heet. Dit skep dus die verkeerde konnotasie in die doelteks. Omdat die oorhoofse vertaalstrategie veruitheemsing is, behoort hierdie geregte nie herkenbaar te wees aan die doeltekslesers tensy presies dieselfde gereg ook in die doelkultuur voorkom nie. Die geregte moet hulle konnotasie behou met die Britse milieu, maar tog vir die doelteksleser verstaanbaar wees. Dit kan in die doelteks geneutraliseer word as: " 'Wat's *dit*?' vra Ron en wys na 'n groot skottel met 'n soort skulpvisstowegereg wat langs 'n tradisionele bief-en-niertjie-gereg staan".

In die bronteks word 'n Franse gereg, "Bouillebaisse" genoem wat net so oorgedra word na die doelteks. Dit word in die bron- sowel as die doelteks deur Hermien verduidelik as 'n Franse gereg: " 'Dis *Frans*,' sê Hermien. 'Ek het dit geëet toe ons met vakansie was laas somer' " (HPD1:163). Die Franse herkoms van hierdie dis word uitgewys, waar die doelteksleser dit nie sou kon aflei uit die naam nie. Dit is egter nie die geval met

"blancmange" (HPB1:164) nie. Dit word in die doelteks: "Ron bekyk 'n snaakse soort bleek blancmange van naderby en stoot dit dan versigtig 'n entjie na regs"(HPD1:164). Eksplisering van hierdie geregte is nie nodig nie, omdat dit nie tot die Britse milieu bydra nie, maar al word die tipe gereg nie verduidelik nie, is dit steeds nodig om vir die doeltekslesers te noem dat ook hierdie gereg Frans is, want dit dra by tot die kulturele tema van die boek (sien paragraaf 3.5.3 en ook Bedeker 2004:68,69).

Die soetgoed wat Fred en George betower heet in die bronteks in enkelvoud 'n "custard cream" (HPB1:319) en word in die doelteks 'n "vlaroompie" (HPD1:234). Hier kon die vertaler die teks vir die doelteksleser verhelder deur 'n "vla-éclair" te gebruik as vertaling, net soos die "sjokolade-éclair" wat reeds aan die doeltekslesers bekend is, want dit is in essensie presies wat 'n "custard cream" is, naamlik onversoete deeg met 'n vlavulsel in die middel. Daar word dan geen eksplisering benodig nie. Net so is die vertaling van " 'n roomkoekie" (HPD1:244) vir "a cream cake" (HPB1:334) onnodig vaag. Dit kon bloot vertaal word as "roompoffertjie", want "cream cakes" of "roompoffertjies" is aan die doelkultuur bekend.

In HPB2 is daar nie konsekwent veruithems nie. Alhoewel "pasty" vertaal word met "tertjie" (HPD2:217) en nie met "pastei" soos in HPD1 nie, word "mince pie" (HPB2:298) verkeerdlik vertaal as "'n enorme vleispastei" (HPD2:218), terwyl "mince pies" tradisioneel Kersfeesyd in Brittanje geëet word en nie vleis bevat nie, maar gemaalde droëvrugte. Die uitheemsheid van die teks word ondermyn, alhoewel die vertaler van HPD2 ook 'n oorhoofse vertaalstrategie van veruithemsing volg. Voorts word "Acid Pops" (HPB2:185), 'n tipe lekkergoed, vertaal as "suurklontjies" (HPD2:136) in die doelteks en word daar verinheems.

4.2.6 Flora en Fauna

"A true rendering of flora and fauna contributes to the understanding of the foreign environment" (Klingberg 1986:40).

In die hantering van fauna en flora het albei vertalers 'n oorhoofse vertaalstrategie van veruithemsing toegepas. Voorbeelde hiervan is "raccoon" (HPB1:209) wat vertaal is as "wasbeer" (HPD1:154) en "stone reindeer" (HPB1:371) wat vertaal is as "kliptakbok"

(HPD1:270) en "ash" (HPB1:271) wat "essehout" (HPD1:198) en "holly" (HPB1:199) wat "hulshout" (HPD1:199) of "steekpalmtakke" (HPD2:108) word.

Uitheimse spesies waarvoor daar nie 'n Afrikaanse term in die doeltaal bestaan nie, word vertaal met 'n inheemse spesie wat rofweg ekwivalent is aan die uitheimse een. Voorbeelde hiervan is "white ferret" (HPB1:181) waar 'n "ferret" nie 'n doeltaalekwivalent het nie, maar familie is van die "muishond" wat in Suid-Afrika voorkom en dus aan die doelkultuur bekend is. Dit word vertaal as "albino muishond" (HPD1:133). Alhoewel 'n "badger" (HPB1:208) in Afrikaans 'n "ratel" is (soos deur Oosthuysen gebruik in HPD1:153), het Geldenhuys "badger" (HPB2:298) verinheems deur dit in die doeltteks te vertaal as "dassie" (HPD2:298). Hierdie verinheemsing was vermoedelik 'n ongeluk, omdat Pharos gefouteer het deur "badger" te verduidelik as " 'n Europese das" (Pharos 2007:794), terwyl 'n "ratel" beskryf word as 'n "honey badger" (Pharos 2007:472).

Die vervanging van 'n uitheimse spesie wat nie 'n doeltaalekwivalent het nie met 'n inheemse spesie wat familie is van die uitheimse een, is verkieslik bo inkonsekwente verin- en veruithemmsing (soos in die geval van "dassie" in HPD2) of letterlike vertalings wat onbekend is aan die doeltteksleser en die leser uiteindelik vervreem van die doeltteks. Wanneer daar egter nie 'n inheemse spesie in die doeltteks voorkom nie en daar ook nie 'n doeltaalekwivalent in die doeltaal is nie, het die vertaler geen ander keuse as om te leenvertaal of die verwysing uit te laat nie. Verkieslik behoort 'n voetnoot die letterlike vertaling te vergesel om ook die Engelse term aan die leser te gee, of die Engelse term kan net so oorgedra word, of naas die leenvertaling tussen hakies gegee word.

Voetnote is egter in kinderboeke ongewens. Voetnote het 'n didaktiese funksie en, omdat die doeltekste van die Harry Potter-reeks in die doelkultuur dieselfde funksie het as die brontekste in die brontekstuur, en dus primêr die funksie vervul om as vermaak en ontspanning te dien (sien paragraaf 3.3.2.1 vir 'n bespreking van teksfunksies), behoort 'n didaktiese teksfunksie nie tot die doeltekste toegevoeg te word nie. Frank (2007:121) meen:

"... recourse to footnotes is a way of underscoring the foreignness of the text, where a distinction is drawn between

the fictional world and the real world and where the reader is wrenched from a world of fiction".

In HPD1 het die vertaler 'n diersoort letterlik vertaal en terselfdertyd 'n vertaalfout begaan. In die bronteks word daar verwys na 'n "horned toad" (HPB1:185) en die vertaler het besluit op 'n leenvertaling as "horingpadda" (HPD1:136). Die "horned toad" is egter nie letterlik 'n padda met horings nie, maar is eintlik die volksterm vir 'n tipe akkedis met horings. Hierdie akkedis het 'n ronde middellyf en lyk effens na 'n padda, en word dus dikwels ook so genoem. Om "horned toad" as "horingpadda" te vertaal is dus 'n vertaalfout. Frank (1997:153) sê:

"Mistranslation is a common feature in the process of transferring any text from one culture to another. While some mistranslations are simply entertaining, others can be detrimental to the quality of the translation or misrepresentative of the culture of the source text".

Hierdie vertaalfout is begaan weens 'n gebrek aan kultuurspesifieke kennis aangaande die die bronkultuur aan die vertaler se kant en veroorsaak sodoende 'n wanvoorstelling van die bronkultuur vir die doelteksleser. Die doelteksleser word verwar met 'n verwysing na 'n padda met horings, terwyl daar eintlik na 'n akkedis met horings verwys word wat effens na 'n padda lyk.

Net so is daar ook gefouteer met die verwysing in die bronteks na Hagrid se "boarhound" (HPB1:173 en HPB2:215). Albei vertalers het besluit op 'n leenvertaling, naamlik "beerhond" (HPD1:127 en HPD2:158). Die woord "boar" verwys egter na 'n wildevark en "boarhound" verwys eintlik nie na 'n spesifieke tipe hond nie, maar na 'n hond wat opgelei is om wildevarke te jag. Hierdie honde is meestal groot honde, soos Deense honde of "Great Danes". Die vertaling as "beerhond" is dus onbekend en niksseggend in die doeltaal, omdat dit nie geëkspliseer word nie. Die doelteksleser sal moontlik aflei dat die hond so groot is soos 'n beer, vandaar die naam. Dit kon eerder vertaal word as "Deense hond", nie net omdat die doelteksleser dit sal verstaan nie, maar ook omdat Hagrid se hond heel moontlik wel 'n Deense hond is. Die konnotasie met die jag op wildevarke is nie enigsins belangrik vir verdere begrip van die verhaal nie en verwar eintlik net die doelteksleser.

4.2.7 Eiename

Eiename vorm deel van karakterisering en speel daarom 'n belangrike rol in die geloofwaardigheid van karakters. Volgens Van Coillie (2006:123) verrig elke naam in 'n teks 'n spesifieke funksie. Die belangrikste funksie van name is om karakters te identifiseer, maar name kan ook humor skep, emosies opwek of inligting omtrent die karakter aan die leser oordra. Eiename is egter ingebed in 'n spesifieke kulturele konteks en dien daarom as 'n kulturele merker wat die bronteksmilieu uitwys deur te dui op die nasionaliteit en/of etnisiteit van 'n karakter. Die keuse wat die vertaler uitoefen tussen verin- of veruitheemsing by eiename beïnvloed uiteindelik hoe daardie betrokke naam in die doelteks funksioneer, en daarom is 'n weldeurdagte vertaalstrategie in die hantering van eiename belangrik.

Omdat die Harry Potter-reeks 'n wêreldwye fenomeen is en Warner Brothers ook films gemaak het van die boeke, plaas dit beperkinge op die hantering van eiename in die doelteks. Dit is wenslik dat die kind wat die Afrikaanse Harry Potter lees, die karakters uit die boeke op die silwerdoek sal herken, en daarom het Warner Brothers alle karaktername vanaf boek vyf in die Harry Potter-reeks onder kopiereg geplaas. Alhoewel karaktername voor boek vyf nog nie onder kopiereg geplaas is nie, moes die vertaler van die Afrikaanse Potter-boeke voor boek 5, naamlik Janie Oosthuysen, tog steeds met die beoogde films van hierdie reeks as beperkende faktor vir die hantering van eiename rekening gehou het, want:

"... our common culture, however much we might wish it were not so, is less and less a book culture and more and more a culture of cinema, television and popular music" (Hills Miller 1987 soos in Bassnett en Lefevere 1990:9).

Dit volg dus dat, waar Van Coillie meen veruitheemsde eiename in 'n doelteks tot vervreemding kan lei (2006:125), dit juis blyk dat die behoud van die uitheemse name wenslik is bo die verinheemsing daarvan, omdat die verinheemsing van eiename in hierdie geval moontlik eerder kan lei tot vervreemding van die doelkultuurleser weens die wêreldwye beroemdheid van die Harry Potter-reeks.

Vervolgens word daar gekyk na die vertaalstrategieë wat toegepas is in die vertaling van eiename. In HPD1 is daar in die hantering van eiename verskeie, vertaalstrategieë toegepas.

Sommige persoonsname is onvertaal gelaat in die doelteks, soos: "Frank Bryce" (HPD1:6), "Amos Diggory" (HPD1:51), "Cedric Diggory" (HPD1:51), "Arnold Peasegood" (HPD1:59), "Dean Thomas" (HPD1:108), "Stewart Ackerley" (HPD1:116), "Owen Cauldwell" (HPD1:159), "Dennis Creevey" (HPD1:117), "Emma Dobbs" (HPD1:117), "Kevin Whitby" (HPD1:118), "Angelina Johnson" (HPD1:169), "Ernie Macmillan" (HPD1:188) en "Justin Finch-Fletchley" (HPD1:188).

Ander persoonsname is aangepas omdat hulle denotatiewe en konnotatiewe betekenis andersins verlore sou gaan in die doelteks. Van Coillie (2006:124) meen:

"When a translator changes a name, he or she usually does so to make sure that the translated name will function precisely as the original name does".

Voorbeelde hiervan is Peter Pettigrew se bynaam, "Wormtail" (HPB1:12) wat "Wurmstert" word (HPD1:8), Hermione se kat "Crookshanks" (HPB1:54) wat "Kromskeen" word (HPD1:41), Ron se rot "Scabbers" (HPB1:53) wat "Skille" word (HPD1:41), die elf "Winky" (HPB1:89) wat "Knipogies" word (HPD1:66), die poltergeist "Peeves" (HPB1:152) wat "Nurks" word (HPD1:112) en Hagrid se hond "Fang" (HPD1:172) wat "Tande" word in die doelteks (HPD1:127). So ook word "Miranda Goshawk" (HPB1:138) in die doelteks "Miranda Singvalk" (HPD1:101), "Mad-eye Moody" (HPB1:143) word "Maloog Moodie" (HPD1:105), en "Moaning Myrtle" (HPB1:345) word "Katrjn Kermkous" (HPD1:251).

In teenstelling met die strategie om bronkultuureiename onvertaal te laat en dus te veruitheems, word sommige eiename morfologies by die doeltaal aangepas en op hierdie manier verinheems, deur naturalisering, byvoorbeeld: "Bertha Jorkins" (HPB1:15) wat "Bertha Jurgens" word (HPD1:111), "Hermione Granger" (HPB1:24) word "Hermien Le Grange" (HPD1:18), "Professor Dumbledore" (HPB1:24) word "Professor Dompeldorius" (HPD1:18), "Neville Longbottom" (HPB1:149) word "Neville Loggerenberg" (HPD1:108), en Draco Malfoy se twee vriende "Crabbe" en "Goyle" (HPB1:149) word in die doelteks "Krabbe" en "Goliat" (HPD1:109).

Voorts word sommige bronteksname ekplisiet vervang met name uit die doelkultuur, terwyl ander bronkultuurname ongemotiveerd verander is. Hierdeur verander die funksie van die name in die doelteks teenoor die funksie wat hierdie name in die bronteks verrig. Een van die oorhoofse temas van HPB1 is om kultuurverskille uit te lig en te beklemtoon en die name van leerders afkomstig uit Frankryk en Bulgarye wys merkbaar op hulle kulturele herkoms. Hierdie tema word in die doelteks ondermyn, omdat sommige Britse leerders se name in die doelteks verinheems is. Dit is veral tydens die plasing van eerstejaars in hulle koshuise opvallend dat eiename lukraak verander is. Engelse name is ongemotiveerd vervang met ander Engelse name en kinders uit Suid-Afrika woon ook Hogwarts by, byvoorbeeld: "Malcolm Baddock" (HPB1:159) word in die doelteks verinheems na "Malcolm Basana" (HPD1:116), "Eleanor Branstone" (HPB1:159) word ook in die doelteks verinheems en word "Elna Bruwer" (HPD1:116), "Laura Madley" (HPB1:159) word ongemotiveerd verander na "Natalie McDonald" (HPD1:117), "Graham Pritchard" (HPB1:160) word ongemotiveerd verander na "Graham Quirke" (HPD1:117) en "Orla Quirke" word in die doelteks "Olga Russianoff" (HPD1:117).

Hierdie wisseling tussen verinheemsde en veruitheemsde name in die doelteks verwar die leser ten opsigte van die doelteksmilieu, dit ondermyn die kulturele tema van die bronteks in die doelteks en ondermyn op hierdie manier ook suksesvolle interkulturele kommunikasie tussen die bronkultuur en die doelkultuur. Voorts kan dit lei tot algehele vervreemding vir die leser.

In teenstelling met HPD1, word eiename in HPD2 nie op dieselfde ondeurdagte manier gehanteer nie. Omdat alle eiename deur Warner Brothers onder kopiereg geplaas is, is daar weinig eiename in die doelteks wat van die bronteks afwyk en is die meerderheid eiename onvertaal gelaat in die doelteks, soos: "Snape" (HPD2:21), "Dumbledore" (HPD2:22), "Ronald Weasley" (HPD2:57), "Hermione Granger" (HPD2:57), "Gregory Goyle" (HPD2:104) en "Vincent Crabbe" (HPD2:104).

Sommige eiename is egter aangepas sodat die denotatiewe en konnotatiewe assosiasies nie verlore gaan in die doelteks nie, byvoorbeeld die elf "Kreacher" (HPB1:54) wat in die doelteks "Skepsel" (HPD2:39) word. Ook Hermione se kat "Crookshanks" (HPB2:87) word "Kromskeen" (HPD2:60), en "Moaning Myrtle" (HPB2:93) word "Myrtle Martelgat" (HPD2:68).

Deurdat bronteksname by die doelkultuur aangepas word ten einde hulle denotatiewe betekenis in die doelkultuur te behou, verrig die naam in die doeltteks dieselfde funksie as in die bronteks en kom dit die doeltteksleser tegemoet deur interkulturele kommunikasie te bewerkstellig tussen die brontaalkultuur en die doeltaalkultuur. Daar kom steeds lukraak naamveranderinge voor, soos die reus "Grawp" (HPB2:162) wat in die doeltteks morfologies aangepas is na "Ghrop" (HPD2:118) en die elf "Hokey" (HPB2:403) wat in die doeltteks ongemotiveerd verander word na "Hokus" (HPD2:294), maar geen lukraak verinheemings kom in HPD2 voor wat die doeltteksleser moontlik kan verwar of vervreem nie.

4.2.8. Plekname

Die hantering van plekname en geografiese gegewens in vertaling beïnvloed direk die milieu waarin die doeltteks afspeel. Wanneer 'n oorhoofse veruithemingsstrategie gevolg word, is dit belangrik om ook alle plekname uitheems te hou en ook andersom, sodat die leser nie verwar word nie.

In albei die doelttekste word Britse geografiese verwysings behou wat dui op 'n oorhoofse vertaalstrategie van veruithemings, maar in die vertaling van plekname word daar inkonsekwent gewissel tussen verinheemings en veruithemings. Alle geografiese verwysings na Londen (HPD1:104 en HPD2:180) en na Brittanje (HPD1:118) word behou. Net so ook verwysings na "King's Cross" (HPD1:104 en HPD2:93), 'n treinstasie in Londen, en die trein wat die Hogwartsleerders skool toe vervoer bly uitheems, naamlik die "Hogwarts Express" (HPD1:103 en HPD2:93). Ron verwys ook na 'n plakkaat van "West-Ham" (HPD1:124), 'n referent na die werklike West-Ham United Football Club in Londen en daar word verwys na Elephant and Castle, 'n dorpie in die suidelike deel van Londen, in: "Nee, ons het snuf in die neus gekry van 'n bitsige Boemerangvloek onder in Elephant Castle" (HPD2:63), en daar word ook verwys na "Clapham" (HPD2:153) in Engeland. Alle geografiese verwysings word onvertaal gelaat en dus veruithemings.

Wat kroeg- en winkelname in die towenaarswêreld betref, is daar egter inkonsekwent gewissel tussen verin- en veruithemings. Die towenaarsdorp "Hogsmeade" bly onvertaal (HPD1:204 en HPD2:110) en verskeie winkeltjies behou hulle fiktiewe name wat sinspeel op werklike Britse winkels en/of kroeg, soos "Twillfit en Tattings" (HPD2:81), "Borgin & Burkes" (HPD2:87) en "Honeydukes" (HPD1:204 en HPD2:168), terwyl die "Leaky Cauldron"

(HPB2:106) verander word na die "Stomende Pot" (HPD2:77), "Flourish and Blotts" (HPB2:108) verander word na "Sierskrif & Klatt" (HPD2:76), die "Three Broomsticks" (HPB1:279) vertaal word as die "Drie Besemstokke", "Dervish & Banges" (HPB1:443) vertaal word as "Derwisj & Boems" (HPD1:322) en die "Hog's Head" (HPB2:230) verander word na die "Swynenes" (HPD2:169).

Hierteenoor word alle straatname in die doeltekste verinheems, behalwe "Charing Crossstraat" (HPD2:77). Voorbeelde is naamlik "Spinnerstraat" (HPD2:19), wat "Spinner's End" was in die bronteks en "Ligusterlaan" (HPD1:16 en HPD2:34), "Privet Drive" in die bronteks, "Diagonaalstraat" (HPD1:46 en HPD1:63) wat "Diagon Alley" was in die bronteks, "Nagliedsteeg" (HPD2:87) wat "Knockturn Alley" was in die bronteks (HPB2:120).

Dit volg dat die doelteksleser moontlik verwar kan word oor waar die doelteks afspeel, omdat plekname soms verinheems en soms veruithheems is. Wat die vertaling van plekname en geografiese gegewens betref is dit daarom noodsaaklik om 'n gekose vertaalstrategie konsekwent toe te pas.

4.3 Teksspesifieke vertaalprobleme

Nord (1997b:561) beskryf teksspesifieke vertaalprobleme as probleme wat in 'n spesifieke teks voorkom en waarvan die oplossing nie veralgemeen kan word nie. Woordspel in HPB1 en HPB2 word te oordeel aan die hantering daarvan in sowel HPD1 en HPD2 'n teksspesifieke vertaalprobleem.

4.3.1 Woordspel

Heelwat vertaalprobleme ontstaan weens die feit dat elke taal se woordeskat kultuurgebonde is (sien die Sapir-Whorf-hipotese, paragraaf 2.2.4). Daarom is 'n woordspel in een taal dikwels baie moeilik om na 'n ander taal oor te dra. In doeltekste HPD1 en HPD2 is woordspel soms onkundig hanteer en ondermyn dit die doeltekste se kommunikatiewe funksie.

In die bronteks is daar woordspel met "policemen" wat te kenne gee dat die towenaar aan die woord nie so vertrou is met die Moggelwêreld nie, want hy sê: "... Muggle neighbours heard bangs and shouting, so they went and called those what-d'you-call-'ems - please-men"

(HPB1:141). Daar word 'n poging aangewend om die woordspel na die doelteks oor te dra, maar weens woordspel op 'n geïkte term vir "polisiemanne", naamlik "konstabels", slaag die woordspel nie in die doelteks nie: "... die Moggels langsaan het vreeslike knalle en 'n geskree gehoor, dus het hulle daardie wat-noem-jy-hulle-nou-weer - rondawels ontbied" (HPD1:102). Deur 'n nonsenswoord te skep in die doeltaal wat duidelik klink asof dit "polisiemanne" moet wees, soos byvoorbeeld "boeliesiemanne" of "boeliesmanne" sal die jong doelteksleser besef dat die onkunde van die towenaar uitgewys word en sodoende die woordspel ook behou (sien ook Bedeker 2004:102).

In klastyd meen Lavender Brown dat sy 'n ongewone planeet gevind het, waarop professor Trelawney vir haar wys dat dit Uranus is: "Oh, Professor, look! I think I've got an unsuspected planet! Ooooh, which one's that, Professor?" (HPB1:178); "It is Uranus, my dear" (HPB1:178). Hierop sê Ron dan in die bronteks: "Can I Have a look at Uranus too, Lavender?" (HPB1:178). Hierdie woordspel op "Uranus" beteken dan ekstra huiswerk vir die hele klas. Deur "Uranus" dieselfde te los in die doelteks gaan die woordspel, en dus ook die humor, verlore in die doelteks. Meer nog, dit veroorsaak verwarring, omdat Ron steeds sê: "Kan ek ook Uranus sien, Hildegard?" (HPD1:131) en dit ook in die doelteks vir professor Trelawney so vies maak dat sy vir die klas ekstra werk gee. Alhoewel die woordspel hier nie veel bydra tot die oorhoofse teksboodskap nie, sou die vertaler 'n groot teksgedeelte moes uithaal indien die woordspel hier uitgelaat word. Een oplossing sou wees dat Ron vir Hildegard in 'n skril stemmetjie sou kon na-aap met: "Oeee, watter een is dit, Professor?" om met Hildegard (of Lavender) se konstante oorentoesiasme te spot (sien ook Bedeker 2004:107).

Dit is duidelik dat die onoordeelkundige hantering van woordspel kan lei tot enorme begripsprobleme vir die doelteksleser, soos ook in die geval waar die woord "bug" twee betekenis het in die bronteks, naamlik 'n gewone gogga en 'n elektroniese meeluisterapparaat. Daar word gesinspeel op 'n meeluisterapparaat wanneer Harry in die bronteks sê: "Maybe she had you bugged" (HPB1:475). Ron verstaan verkeerd en sê: "Bugged? [...] What, ... put fleas on her or something?" (HPB1:475). Hierdie misverstand dui in die bronteks op Ron se onkunde oor elektroniese apparate wat in die Moggelwêreld gebruik word, omdat daar nie van elektrisiteit in die towerwêreld gebruik gemaak word nie. In die doelteks word die suggestie na 'n elektroniese apparaat in die bronteks egter vervang

deur 'n eksplisiete verwysing wanneer Harry sê: "Dalk het sy jou elektronies afgeluister", waarop Ron dan sê: "Afgeluister? [...] Wat ... goggas of iets op haar gesit?" (HPD1:345). Nie net gaan die bronteks se woordspel verlore nie, maar dit maak geen sin nie. Deurdat Ron miskien net vir Harry vra: "Elektronies afluister? Wat bedoel jy?", sou die teks se kommunikatiewe funksie nie ondermyn word nie (sien ook Bedeker 2004:107).

In die bronteks kry Fleur 'n bynaam, naamlik "Phlegm" (HPB2:92). Hierdie bynaam is in die bronteks herleibaar na haar swaar Franse aksent wanneer sy Engels praat en wat ook duidelik in die bronteks aangedui word (sien bespreking van uitheemse tale in die doelteks, paragraaf 4.2.3) en sinspeel op die Franse brei-"r" wat agter in die keel gevorm word. In die doelteks word daar wel 'n poging aangewend om Fleur se Franse aksent te behou (sien paragraaf 4.2.3), maar hierdie poging misluk juis omdat Frans 'n onbekende taal is aan die jong doelteksleser. Fleur se bynaam as "Slymbol" in die doelteks maak dus nie vir die doelteksleser sin nie. Humor kan in die doelteks behou word deur te spot met Fleur se skoonheid en hooghartigheid, soos in die bynaam "Prinsessie" of "Porseleinpoppie" of dit kan selfs inspeel op beide haar skoonheid en die betekenis van haar Franse naam, soos "Bloeiseltjie".

4.4 Interkulturele vertaalprobleme

Interkulturele vertaalprobleme kom voor, want:

"Each culture has its own habits, norms and conventions of verbal and nonverbal behaviour. Intercultural translation problems arise from the differences in conventions between the two cultures involved" (Nord 1997b:59).

Voorts word tradisies en oorgelewerde gebruike (paragraaf 4.4.1), aanspreekvorme (paragraaf 4.4.2) en maatname (paragraaf 4.4.3) bespreek as voorbeelde van interkulturele vertaalprobleme.

4.4.1 Tradisies en oorgelewerde gebruike

In die bronteks is daar 'n verwysing na die viering van "Hallowe'en": "The Heads of Beauxbatons and Durmstrang will be arriving with their short-listed contenders in October,

and the selection of the three champions will take place at Hallowe'en" (HPB1:166). Die woord "Hallowe'en" is 'n verkorting van "All-hallows-even" en is oorspronklik deur die Kelte van Brittanje en Ierland gevier (Encyclopaedia Britannica 2008). Volgens oorlewering het dooies op die aand van "Hallowe'en" teruggekeer aarde toe en rondgeswerf:

"People set bonfires on hilltops for relighting their hearth fires for the winter and to frighten away evil spirits, and they sometimes wore masks and other disguises to avoid being recognized by the ghosts thought to be present. It was in these ways that beings such as witches, hobgoblins, fairies, and demons came to be associated with the day" (Encyclopaedia Britannica 2008).

Volgens hierdie ou gebruik trek kinders vandag steeds kostuums aan op "Hallowe'en" om hulle te vermom en sodra dit donker is, stap hulle van huis na huis en vra eetgoed of bak poetse op die grootmense om die ondeunde geeste na te aap wat volgens oorlewering op hierdie aand op vrye voet verkeer.

Hierdie fees word nie in die Afrikaanse kultuur gevier nie, alhoewel die deursnee Afrikaanse kind wel in vandag se tegnologies gevorderderde wêreld tot 'n mindere of meerdere mate bekend sal wees met die betekenis van "Hallowe'en". In die doelteks word dit vertaal as "Allerheiligeaand" (HPD1:122), 'n term wat die doelteksleser moeilik sal verbind met "Hallowe'en" en daarom is eksplisering in die doelteks hier noodsaaklik.

Tussen die tradisionele Britse Kersversierings soos "holly" (HPB1:344), "thistles" (HPB1:360) en "mistletoe" (HPB1:263), het laasgenoemde 'n belangrike tradisionele rol. Dit is naamlik dat as 'n seun en 'n meisie saam onder mistel beland, hulle mekaar vir geluk moet soen. Dit word ook so in Harry Potter geïmpliseer met: "... groot bosse mistel is elke paar tree in die gange opgehang. Elke keer dat Harry verbyloop, koek groepies meisies onder mistelbosse saam en veroorsaak opeenhopings in die gange, maar danksy Harry se gereelde nagtelike omswerwinge ken hy die kasteel se geheime gange buitengewoon goed en kan hy sonder te veel moeite die roetes sonder mistel tussen klasse volg" (HPD2:20). Vir die jong leser wat onbekend is met die tradisionele gebruike van die bronkultuur sal dit in die doelteks

onduidelik wees waarom Harry genoodsaak voel om geheime paadjies te loop om die meisies en die mistel te vermy en die vertaler kon ekspliseer in die doeltteks om mistel se tradisionele rol in die bronkultuur vir die doelteksleser te verhelder.

Daar word ook in die bronteks verwys na die viering van "Boxing Day" (HPB1:377). Hierdie vakansiedag word tradisioneel gevier op 26 Desember, die dag net na Kersfees. Alhoewel 26 Desember in Suid-Afrika ook 'n vakansiedag is, is dit aan Suid-Afrikaners bekend as Familiedag, alhoewel dit in die doeltteks vertaal word as "Tweede Kersdag" (HPD1:275). Om verwarring of eksplisering uit te skakel, sou 'n vertaalstrategie van neutralisering hier gevolg kon word deur bloot in die doeltteks te verwys na "die dag na Kersfees".

Tee-drink is in Brittanje deel van die algemene sosiale opset. In HPB1 word Frank Bryce byvoorbeeld as onsosiaal en gemeen bestempel net omdat hy tee-uitnodigings weier: "Always thought he was odd [...] Unfriendly, like. I'm sure if I've offered him a cuppa once, I've offered it a hundred times. Never wanted to mix, he didn't" (HPB1:8). Voorts sluit die term "tea" in Brittanje eetgoed ook in en word 'n ligte aandete ook "tea" genoem, soos by die volgende verwysing in die bronteks: "There was no Christmas tea today, as the ball included a feast" (HPB1:357). Dit is problematies vir die Afrikaanse doelteksleser, omdat "tee" in die doelkultuur slegs verwys na 'n warm drankie. Hierbenewens word hierdie gedeelte vertaal as: "Omdat die bal 'n feesmaal insluit, is daar nie vandag 'n Kerstee nie" (HPD1:261) (sien ook Bedeker 2004:70). Voorts wanneer Harry in die bronteks verjaar, verwys hy terug na sy verjaardagparty as: "The day after this gloomy birthday tea, their letters and booklists arrived from Hogwarts" (HPB2:104). Dit word in die doeltteks vertaal as: "'n Dag ná die taamlike mistroostige verjaardagtee daag hul briewe en boeklyste van Hogwarts op" (HPD2:76). Die doeltekslesers sou seker nog nooit van 'n "verjaardagtee" gehoor het nie, en "verjaardagpartyjie" sou meer gepas wees vir die Suid-Afrikaanse doelkultuur.

4.4.2 Aanspreekvorme

In die bronkultuur dien "My Lord" as aanspreekvorm vir die manlike hoof van 'n huishouding en word dit ook gebruik vir iemand wat heerskappy voer oor of die meester is van onderdane wat aan hom gehoorsaam moet wees (Brown 1993:1630). In die Harry Potter-reeks word die magtige towenaar Voldemort deur sy volgelingen aangespreek as "My Lord" om sy verhewe status bo hulle as sy diensknegte uit te wys, soos waar Wurmstert met Voldemort praat en sê:

"But you seem so much stronger, my Lord" (HPB1:14). Vir die brontekstleser sal hierdie eretitel nie vreemd klink nie. Dit lui in die doelteks as volg: "Maar u lyk soveel sterker, my heer" (HPD1:10).

Ongelukkig, is daar nie 'n soortgelyke ere-sisteem in Suid-Afrika nie. Die aanspreekvorm "Heer" is beperk tot religieuse denominasies, soos die Christendom. Dit wil sê hierdie titel is nie algeheel vreemd vir die doelteksleser nie; die doelkultuurkonnotasie daaraan verbonde verskil egter heelwat van dié woord se konnotasies in die bronkultuur. Die boodskap sou ondubbelsinnig wees indien "meester" gebruik in die doelteks gebruik is in plaas van "my heer".

Die Afrikaanse kultuur het gemeensaamheidsaanspreekvorme, soos "oom" en "tannie". Dit word gebruik wanneer 'n heelwat ouer persoon aangespreek word en is nie net van toepassing op familieleden aan moeders- of vaderskant, soos in Britse Engels nie. In die Harry Potter-reeks is "Aunt Petunia" (HPB1:22) die suster van Harry se oorlede ma en "Uncle Vernon" (HPB1:22) is haar man. Hulle is dus familie van Harry en word daarom aangespreek as "aunt Petunia" en "uncle Vernon". In die doelteks word hierdie aanspreekvorme onderskeidelik "tant Petunia" (HPD1:17) en "oom Vernon" (HPD1:17). Die aanspreekvorm "tante" is verouderd en "tannie" sou meer gepas wees.

Omdat Ron se ouers nie familie is van Harry nie, word hulle in die bronteks aangespreek as onderskeidelik "Mr Weasley" (HPB1:25) en "Mrs Weasley" (HPB1:25). Hierdie aanspreekvorm word egter behou in die doelteks: "Mnr. Weasley is 'n ten volle gekwalifiseerde towenaar [...] Mev. Weasley sal erger as Hermien reageer" (HPD1:18) en sal vervreemdend wees vir die Afrikaanse leser, omdat Ron se ouers as "oom Arthur" en "tannie Molly" in die doelkultuur aangespreek sou word.

Die Britse aanspreekvorm "sir" is afgelei van die oorspronklike "sire" (Brown 1993:2874). Dit het oorspronklik gedien as aanspreekvorm vir 'n adellike en word steeds in Britse Engels gebruik om 'n persoon van status of aansien aan te spreek. By Hogwarts word alle onderwysers as "professor" aangespreek in sowel die bron- as die doelteks. Waar die woord "sir" in die bronteks voorkom word dit in die doelteks vertaal as "meneer", wat teenstrydig is met die algemene aanspreekvorm van professor in die doelteks. In die bronteks praat 'n

leerder byvoorbeeld met professor Snape (Snerp): "Please, sir, I'm supposed to take Harry Potter upstairs [...] Sir - sir, Mr Bagman wants him" (HPB1:264) word in die doeltteks: "Ekskuus, meneer, maar ek moet vir Harry Potter boontoe neem [...] Meneer - meneer, mnr Bagman wil hom hê" (HPD1:193).

Die vertaler van HPB2 het hierdie probleem raakgesien en die doeltteks meer toeganklik gemaak vir die leser deur "sir" as "professor" te vertaal, maar het dit nie konsekwent volgehou nie. In die bronteks vra Harry vir Dumbledore: "Aren't - aren't we leaving, sir?" (HPB2:50) en word in die doeltteks: "Is ons nie - oppad nie, professor?" (HPD2:37). Wanneer Harry later met Hagrid, ook 'n onderwyser, in die bronteks praat, sê hy: "I'm sorry, sir" (HPB2:215) en word dit in die doeltteks: "Ek is jammer, meneer" (HPD2:158). Ten einde die jong leser nie te verwar nie, is 'n konsekwente vertaaloplossing gewens, en in hierdie geval sou "professor" in die doeltteks toegankliker wees vir die leser sonder om die oorhoofse vertaalstrategie van veruitheemings te ondermyn.

Die vertaling van diminutief- en vertederingsvorme is steurend in die doeltteks. Mad-eye Moody (Maloog Moodie) skree in die bronteks: "OH NO YOU DON'T, LADDIE!" (HPB1:181) en word in die doeltteks: "O NEE, JY GAAN NIE, SEUNIE!" (HPD1:133). Dit sou meer natuurlik wees om hier "mannetjie" te gebruik (sien ook Bedeker 2004:125). Moody sê later vir Harry: "I wasn't accusing you, laddie" (HPB1:301) en word in die doeltteks: "Ek het jou nie beskuldig nie, boet" (HPD1:220). Die aanspreekvorm "boet" is ouderwets en sal moontlik die doeltteksleser vervreem. 'n Woord soos "jong" sou meer gepas wees in hierdie konteks, soos byvoorbeeld: "Ek het jou nie beskuldig nie, jong". Mev. Weasley praat met haar seuns en sê: "Fred, George, I'm sorry dears, but Remus is arriving tonight" (HPB2:307). Dit word in die doeltteks vertaal as: "Fred, George, ek is jammer skatlams, maar Remus kom vanaand" (HPD2:224). Die woord "skatlams" klink uit plek uit en sou nader aan die doelkultuur wees indien "kinders" gebruik is, soos byvoorbeeld: "Fred, George, ek is jammer kinders, maar Remus kom vanaand".

Die sosiale afstand tussen sprekers word in Afrikaans aangedui deur die aanspreekvorme "jy/jou" en "u". In Engels word die "you"-aanspreekvorm altyd gebruik. In Afrikaans wissel dit egter tussen "jy" of "jou" en "u", waar "u" afstand skep tussen sprekers en 'n mate van formaliteit bewerkstellig en "jy" 'n meer gemeensame en dus informele aanspreekvorm is.

Die verskil tussen "jy" en "u" dui dus op die sosiale afstand tussen twee sprekers. Wanneer Harry vir professor Dumbledore 'n brief skryf in die bronteks lui dit: "Dear Professor Dumbledore. Sorry to bother you, but my scar hurt this morning" (HPB1:25). In die doelteks word dit egter: "Liewe professor Dompeldorius, jammer om u te pla, maar my litteken was vanoggend baie seer" (HPD1:18). Daar is egter by tye oordrewe klem geplaas op aanspreekvorme om sosiale afstand uit te lig in die doelteks, wat uiteindelik styl beïnvloed op makrovlak, soos byvoorbeeld waar Hagrid aan die woord is in die bronteks: "I'll leave Fang with yeh, Headmaster" (HPB1:488) word in die doelteks: "Ek los vir Tande by u, meneer die skoolhoof" (HPD1:354). Hierdie oordrewe klem klink onnatuurlik en geforseerd in die doelteks. Dit sou minder vervreemdend wees om sowel die "meneer" as die "skoolhoof" uit te laat en dit bloot te vervang met "professor".

So ook word "Father" en "Mother" in die doelteks die gekte "Vader" en "Moeder", soos waar Percy Weasley aan die woord is: "Well, Father feels he's got to make up for his mistake" (HPB1:136) word in die doelteks: "Wel, Vader voel hy moet vergoed vir die fout" (HPD1:99). Dieselfde geld in HPD2. Draco sê in die bronteks: "... not a child, in case you haven't noticed, Mother" (HPB2:109) en word in die doelteks: "... allesbehalwe 'n kind, as Moeder dit nog nie agtergekom het nie" (HPD2:79). In die Harry Potter-reeks verwys slegs Percy Weasley en Draco Malfoy na hulle ouers as "Father" en "Mother" en alhoewel die doelteksvertaling die korrekte semantiese ekwivalente gebruik, is hierdie aanspreekvorme nie net uiters formeel en daarom 'n verwringing van styl op makrovlak nie, maar dit is ook vervreemdend vir die doelteksleser omdat dit reeds gekte uitdrukkings is. Omdat dit steurend is in die doelteks en die doelteksfunksie ondermyn, sou dit beter wees om deurgaans "pa" en "ma" te gebruik as aanspreekvorme vir ouers (sien ook Bedeker 2004:75).

4.4.3 Maatname

In HPB1 is maatname in die doelteks inkonsekwent verinheems. Byvoorbeeld, "twelve feet long" (HPB1:17) word "vier meter lank" (HPD1:12), "two hundred miles away" (HPB1:19) word "driehonderd kilometer daarvandaan" (HPD1:14) en "fifty foot high" (HPB1:21) word "twintig meter hoë" (HPD1:16). Hierteenoor word: "a venomous foot-long fang" (HPB1:22) in die doelteks "'n giftige, voet-lange slagtang" (HPD1:16) en "he was gaping and spluttering on a foot-long purple, slimy thing" (HPB1:47) word veruithoems in "wurg en stik aan 'n voet

lange, slymerige pers ding" (HPD1:47); "two feet deep" (HPB1:430) word "omtrent twee voet diep" (HPD1:313).

Op hierdie manier is die volgende verkeerd vertaal: "only ten feet above him" (HPB1:436) word "net 'n paar tree bo hom" (HPD1:317) en "fifty yards" (HPB1:540) word verkeerdelik "sowat vyftig tree" (HPD1:392).

Hierteenoor is maatname in HPD2 konsekwent deurgaans veruithems: "I swear Ron's grown four inches since I last bought him school robes" (HPB2:82) word "Ek sweer Ron het vier duim gegroei van ek laas vir hom skoolmantels gekoop het" (HPD2:60); "It was not until the glowing light was ten feet away from them" (HPB2:152) word "Eers toe die gloeiende geel lig tien voet van hulle af is" (HPD2:111); "foot-long maggots" (HPB2:217) word "voet lange wurms" (HPD2:159); "five feet" (HPB2:359) word "vyf voet" (HPD2:262).

Alhoewel veruithemsing as oorhoofse vertaalstrategie in die doeltekste toegepas word, sou dit tegemoetkomend wees teenoor die doelteksleser om by maatname konsekwent verinheemsing te gebruik. Op hierdie manier sou die vertaler die doelteksleser en die kulturele afstand tussen die bronkultuur- en die doelkultuursituasie in gedagte hou en verhoed dat die doelteksleser van die doelteks vervreem word.

4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is voorbeelde van interkulturele vertaalprobleme in die Afrikaanse vertalings van Harry Potter uitgelig. Die mikrostrukturele analise van die twee doeltekste bewys die probleemstelling van hierdie studie, naamlik dat die vertaler nie die primêre doeltekslesers en die kulturele afstand tussen die bron- en die doeltekswêreld in gedagte gehou het in die proses van vertaling nie en daarom nie 'n weldeurdagte vertaalstrategie gevolg het nie. Hierdie mikrostrukturele analise bewys dus dat die vertaler 'n kultuur-bemiddelende rol vervul in die oordrag tussen bron- en doelkultuur en verantwoordelik is vir suksesvolle interkulturele kommunikasie. Daarom behoort die vertaler bewus te wees van sy/haar rol as 'n kulturele bemiddelaar en die doeltekslesers in gedagte te hou tydens die proses van vertaling ten einde die doelteks toe te laat om die doelteksfunksie in die doelkultuur te verrig.

Deur dit te doen, bly die vertaler lojaal aan die doelteksleser, sowel as aan die bronteksouteur. Soos Oittinen (2000:84) dit stel:

"When translating for children, taking into consideration the target-language children as readers is a sign of loyalty to the original author. When a text lives on in the target-language, by which I mean that it is accepted and loved through the translation, the translator of such a text has achieved loyalty to the author of the original".

Hoofstuk 5: Gevolgtrekking

5.1 Inleiding

Hierdie studie is gegrond op funksionalistiese en doeltteks-georiënteerde vertaalteorie wat die belangrike rol van die vertaler as kulturele bemiddelaar in die vertaalhandeling vooropstel en beklemtoon. Die vertaler se rol as kulturele bemiddelaar in die vertalings van *Harry Potter en die beker vol vuur* en *Harry Potter en die halfbloed prins* is in hierdie studie deur voorbeelde van kultuurgebonde vertaalprobleme op makro- sowel as op mikrovlak uitgelig en bespreek. Sodoende is die belang van vertaalnorme en uiteindelik ook van weldeurdagte vertaalstrategieë uitgewys.

In hierdie hoofstuk word die teorie oor funksionalisme, vertaalnorme en vertaalstrategieë asook die bewyse uit die onderskeie mikro- en makro-analises gebruik om afleidings te maak oor die vertalers van die Afrikaanse Harry Potter-boeke se versaking van hulle sosiale rol as bemiddelaars tussen twee kulture, al dan nie (afdeling 5.2). Die rol van die opdraggewer in die vertaalopdrag word ook beoordeel (afdeling 5.3), waar onkonvensionele produksiemetodes gelei het tot nalatige vertaalfoute in die doeltteks (paragraaf 5.3.1). Daarna volg voorstelle vir verdere studie (afdeling 5.4) en 'n samevatting wat die hoofstuk en die studie afsluit.

5.2 Die rol van die vertaler in die vertaalhandeling

Daar rus 'n onus op die vertaler om toepaslike vertaalstrategieë (sien bespreking van vertaalstrategieë, paragraaf 3.5.2) te beraam waarvolgens vertaalprobleme benader kan word sodat die doeltteksleser nie verwar of mislei word nie. Hierdie strategieë word beraam op grond van die kommunikatiewe funksie wat die doeltteks in die doelkultuur verrig en word vasgestel na die uitvoering van 'n volledige bron- en doeltteksanalise (sien paragraaf 2.3.4.2.3 en ook afdeling 3.3). Kennis oor die aantal vertaalopsies beskikbaar in 'n spesifieke vertaalsituasie is belangrik ten einde op weldeurdagte vertaalstrategieë te besluit en daarom is vertaleropleiding 'n vereiste. Die vertaler behoort egter nie net kennis te dra oor vertaalteoretiese aspekte nie, maar moet ook tuis wees in sowel die bron- as die doelkultuur en dus as't ware bikultureel optree ten einde suksesvolle interkulturele kommunikasie te bewerkstellig tussen die bron- en die doelkultuur.

As kulturele bemiddelaar is die doelteks se toeganklikheid en verstaanbaarheid vir die doelteksleser die eerste prioriteit. Die vertaler skep dus 'n teks met 'n implisiete doelteksleser in gedagte, net soos die bronteksouteur oorspronklik 'n teks geskep het met die implisiete bronteksleser in gedagte (Frank 2007:115) en deurdat die kommunikatiewe funksie van die doelteks in die doelkultuur vervul word, is die vertaler op hierdie manier nie net lojaal teenoor die doeltekslesers nie, maar ook teenoor die bronteksouteur. Hierdie beginsel word in Frank (2007) se vertaalnorm van leesbaarheid (*readability*¹⁴) saamgevat. Frank (2007:14) sê:

"Readability refers not only to the ease of reading as determined by the degree of linguistic difficulty of the text, but also to general comprehensibility. In this very target-driven domain, a translator makes decisions that are driven by the specificity of the child reader who is also distanced from the source culture by their own limited cultural experience".

Uit die mikro- en makro-analise van hoofstukke 3 en 4 onderskeidelik blyk dit dat nóg Oosthuysen nóg Geldenhuys konsekwente vertaalnorme toegepas het tydens die vertaling van die Afrikaanse Harry Potter en dat dit gelei het tot die ondeurdagte toepassing van vertaalstrategieë, met inkonsekwente en verwarrende doeltekste as eindproduk. Voorts blyk dit ook dat, alhoewel daar tot 'n geringe mate in die doelteks geëkspliseer is (sien eksplisering in die doelteks, paragraaf 3.5.7), die kulturele afstand tussen die bron- en die doelteks nie suksesvol oorbrug is nie. Die inkonsekwentheid van vertaalstrategieë tesame met die versaking van hulle sosiale rol as kulturele bemiddelaars ondermyn die funksie van die Harry Potter-tekste in die doelkultuur, omdat die leser as't ware van die doelteks vervreem word weens kulturele struikelblokke en die ondeurdagte en inkonsekwente vermenging van verinheemsing en veruitheemsing.

¹⁴ Frank (2007) meen die vertaler kan een van twee norme volg in die vertaalproses, naamlik óf 'n lesengerigte (*readerly*) óf 'n skrywengerigte (*writerly*) norm, waar die lesengerigte norm die doeltekslesers in die doelkultuur vooropstel in die vertaalproses en die skrywengerigte norm die bronteks en die bronteksouteur vooropstel.

5.3. Die rol van die opdraggewer in die vertaalhandeling

"Situation and purpose are an intrinsic part of all translation. Translators never translate words in isolation, but whole situations. They bring to the translation their cultural heritage, their reading experience, and, in the case of children's books, their image of childhood and their own child image. In so doing, they enter into a dialogic relationship that ultimately involves readers, the author, the illustrator, the translator, and the publisher" (Oittinen 2000:3).

Hierdie studie wil ook klem lê op die rol van die opdraggewer in die vertaalhandeling (soos bespreek in paragraaf 2.3.4.1.3.1). Die opdraggewer van die vertaalopdrag bepaal die beeld wat die doelteks van die bronteks weerspieël in die doelkultuur en daarom moet die opdraggewer 'n spesifieke lesergroep in gedagte hê in die produksie van 'n teks en die paratekstuele elemente van die teks moet spreek tot die spesifieke behoeftes van die lesers op wie die vertaling gemik is. Daarom moet die inisieerder van die doelteks die vertaler toerus met 'n weldeurdagte vertaalopdrag, waarin die voorgenome doeltekslesers, die voorgenome doelteksfunksie(s), en ook die voorgenome tyd en plek van ontvangs volledig uitgestip word. Volgens Human & Rousseau se produksiebestuurder, Aldré Lategan, het die uitgewery nie die doelteks vir 'n spesifieke teikengroep geskep nie, aldus die verwysing na die Afrikaanse vertalings as vir "oud en jonk" op die flapteks van HPD1 (sien bespreking van flaptekste, paragraaf 3.4.4) en het nie een van die vertalers, Janie Oosthuysen of Kobus Geldenhuys, vertaalinstruksies vanaf die uitgewery ontvang nie (Lategan 2008).

Uit hierdie studie blyk dit dat die Afrikaanse Harry Potter-reeks nie net vertaal is sonder 'n teikenmark in gedagte en daarom ook sonder 'n spesifieke funksie in gedagte wat die doelteks in die doelkultuur sal verrig nie, maar ook sonder om die vertaler spesifieke instruksies te gee wat betref vertaalstrategieë en die beeld wat die doelteks in die doelkultuur moet uitdra. Soos Nord (1997a:78) tereg opmerk: "Translating without clear instructions is like swimming without water".

Voorts het daar met die oorhaastige vertaalproses talle vertaalfoute ingesluit. Dit is soos Frank (2007:154) noem:

"The ideal scenario of taking a long time with a translation is often totally impractical when publishers require a number of translations to be published as quickly as possible in order to capitalize on the popularity of the author".

Hierdie vertaalfoute weens sperdruk is vererger deur die onkonvensionele en onoordeelkundige redigeringsproses wat die uitgewery gevolg het, naamlik dat die Afrikaanse Harry Potter-boeke hoofstuk vir hoofstuk geredigeer en gedruk is sodat die boeke vinniger op winkelrakke kon verskyn. Op hierdie manier het vertaalfoute wat met 'n volledige redigeringsproses raakgesien en vermy kon word, ongemerk gebly. Vervolgens word enkele vertaalfoute uit HPD1 en HPD2, wat hierdie onkonvensionele redigeringsproses ondergaan het, uitgelig.

5.3.1 Vertaalfoute

Frank (2007:153) sê die volgende oor vertaalfoute:

"Mistranslation is a common feature in the process of transferring any text from one culture to another. While some mistranslations are simply entertaining, others can be detrimental to the quality of the translation"

Etlike geringe vertaalfoute het ongemerk gebly, soos "maggots" (HPB2:318) wat vertaal is met "wurms" (HPD2:232) in plaas van "maaiers", Hagrid se "bearskin coat" (HPB2:377) wat vertaal is met "bewerveljas" (HPD2:275), en "badger" (HPB2:298) wat verkeerdelik vertaal is met "dassie" (HPD2:298).

Sommige vertaalfoute is egter meer steurend en beïnvloed die kwaliteit van die doelteks. 'n Voorbeeld hiervan is "students" wat deurgaans vertaal is as "studente" (HPD2:281; ook in Bedeker 2004:94), terwyl "leerlinge" die korrekte term is vir skoolgaande kinders in Suid-Afrika. So ook word "Headmistress" (HPB2:586) verkeerdelik vertaal as "Hoofonderwyseres"

(HPD2:482), waar die korrekte term "skoolhoof" sal wees en "text book" (HPB2:223) vertaal as "teksboek" (HPD2:165), terwyl dit eintlik "handboek" behoort te wees.

Voorts is daar 'n verwarrende fout op Harry se rapportuitslae in die doeltteks. In die bronteks lui die opskrif bo-aan Harry se rapport as volg: "ORDINARY WIZARDING LEVELS" met "O.W.L.s" as afkorting (HPB2:100) (sien bespreking van milieu, afdeling 3.5.4). Dit word in die doeltteks vertaal as "UILe" (HPD2:73), naamlik "Uitsonderlike Intellektuele Liga". Bo-aan Harry se rapport in die doeltteks staan daar egter, in plaas van "UITSONDERLIKE INTELLEKTUELE LIGA", "GEWONE TOWERVLAKUITSLAE" (HPD2:73) wat as afkorting herlei word na GT-uitslae in plaas van UIL-uitslae.

Etlike woorde word telkens anders vertaal, byvoorbeeld "Gillyweed" (HPB1:427) wat eers vertaal word as "Kieugras" (HPD1:311) en dan later as "Kieuwier" (HPD1:325) en "Veritaserum" (HPD1:326) wat eers in die doeltteks "Veritaserum" bly en dan vertaal word as "Waarheidserum" (HPD1:326). In HPD2 word "cloak" deurgaans met óf "mantel" (HPD2:18) óf "kleed" vertaal (HPD2:19), terwyl "dress robes" (HPB2:108) eers vertaal word as "rokmantels" (HPD2:79) en later as "heksmantels" (HPD2:81), en "school robes" (HPB2:108) eers vertaal word as "skoolmantels" (HPD2:79) en later as "skoolklere" (HPD2:104), en nog later selfs as "toga" (HPD2:106)(sien ook Bedeker 2004:99).

In HPD1 is sommige karakters se name geneutraliseer, soos "Lavender Brown" (HPB1:173) wat "Hildegard Braun" (HPD1:28) heet in die doeltteks. Dit is egter 'n vertaalfout wanneer Hildegard later in die doeltteks weer Lavender word: "Harry sien hoe haar oë oor Dean speel (wat 'n nare sny aan een wang het), Lavender (wie se kleed lelik geskroei is)" (HPD1:236). Alhoewel karaktername teen die vertaling van HPD2 onder kopiereg geplaas is deur Warner Brothers, wissel sommige karaktername in die doeltteks vanaf oorspronklike Engelse name na geneutraliseerde name, soos "Filch" wat deurgaans as sodanig vertaal word, maar dan skielik "Fillis" word (HPD2:356) en "Snape" wat as "Snape" vertaal word (HPD2:358) en dan, op dieselfde bladsy, as "Snerp" en dan weer as "Snape" vertaal word.

Growwe vertaalfoute, soos sinne wat (moontlik per ongeluk) uitgegee is sonder dat die daaropvolgende sinne aangepas word is ook oorgesien. Soos in HPD1 met: "Gerugte vlieg soos hoogs aansteeklike kieme van student na student: Wie gaan probeer om die Hogwarts-

kampioen te wees? Wat gaan die Toernooi alles behels? "Hoe gaan die studente van Beauxbatons en Durmstrang van hulle terwyl hulle inmeekaarkrimp elke keer dat hulle aan hul rou en pienkgewaste gesigte raak. Die wapenrustings verskil? Harry let ook op dat die kasteel ekstraskoon gemaak word. Verskeie smerige portrette word geskrop, tot ergernis van hul bewoners wat op 'n hopenie in hul rame sit en brom blink skielik en beweeg sonder om te skwiek en Argus Filch, die opsigter, gaan so erg te kere met die studente wat nie hul voete afvee nie dat 'n paar eerstejaarsmeisies histeries word" (HPD1:153).

Die bronteks lees: "Rumours were flying from student to student like highly contagious germs: who was going to try for Hogwarts champion, what the Tournament would involve, how the students from Beauxbatons and Durmstrang differed from themselves. Harry noticed, too, that the castle seemed to be undergoing an extra-thorough cleaning. Several grimy portraits had been scrubbed, much to the displeasure of their subjects, who sat huddled in their frames muttering darkly and wincing as they felt their raw pink faces. The suits of armour were suddenly gleaming and moving without squeaking, and Argus Filch, the caretaker, was behaving so ferociously to any student who forgot to wipe their shoes that he terrified a pair of first-year girls into hysterics" (HPB1:208).

Die herhaaldelike voorkoms van sulke vertaalfoute beïnvloed nie net die tekswaardigheid nie, maar ook die jong doelteksleser se begrip van die teks, soos Klingberg (1978:87) dit stel:

"The incorrect translation may be more dangerous in a children's book, if the child reader is not able to rectify the mistakes to the same extent as the adult reader may be".

Op hierdie manier ondermyn die vertaalfoute die doelteksfunksie en daarom behoort gepaste kontroles in plek te wees om sulke nalatige foute te verhoed.

5.4 Voorstelle vir verdere studie

In hierdie studie is 'n hoofsaaklik deskriptiewe metodologie gevolg in 'n poging om met 'n retrospektiewe benadering gekose vertaalnorme te identifiseer ten einde die vertaler se bemiddelende rol, al dan nie, te beoordeel. 'n Empiriese ondersoek na die ontvangs van die Afrikaanse Harry Potter-tekste kan onderneem word ten einde die werklike ouderdom van die

Afrikaanse doeltekslesers te identifiseer, en indien dit wel jong Afrikaanse kinders is, in welke mate hulle met die doeltekste identifiseer of vervreem word weens ondeurdagte en wisselvallige vertaalstrategieë en kulturele afstand. 'n Ondersoek na die Suid-Afrikaanse polisteem en die posisie van vertaalde kinderlektuur in die polisteem is ook van onskatbare waarde ten einde heersende vertaaltendense in Afrikaanse kinderlektuur (asook die invloed van vertaalde lektuur op temas en tendense in inheemse Afrikaanse lektuur) te verklaar.

Die dominansie van Engels as 'n *lingua franca* en die aantal boeke wat uit Engels vertaal word in vergelyking met ander voertale kan ook ondersoek word. Met die huidige klem wêreldwyd op globalisering kan die internasionalisering van kultuurspesifiekheid ook bestudeer word, naamlik of daar inderwaarheid al hoe minder aanpassing van kultuurspesifieke items nodig is weens 'n algemene gelykmaking van wêreldkulture, al dan nie.

5.5 Samevatting

Uit hierdie studie blyk duidelik dat die vertaling van literatuur vir kinders 'n komplekse herskrywingsproses is vir 'n baie spesifieke lesergehoor en dat die vertaler die voorgenome doelteksleser en sy/haar kulturele agtergrond en wêreldkennis tydens die vertaalproses in gedagte moet hou. Daarom wil hierdie studie die belang van vertaleropleiding en ook vertalerlojaliteit beklemtoon. Vertaalfoute weens 'n gebrek aan opleiding veroorsaak substandaard Afrikaanse vertalings wat die kwaliteit van Afrikaanse kinderlektuur as geheel beïnvloed. Hierbenewens vervul kinderlektuur 'n belangrike sosialiserende funksie in die doelkultuur en die vertaler het 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die doelteksleser om, veral wanneer die leser aan 'n nuwe kultuur blootgestel word in die doelteks, die leser nie te mislei nie.

Nord (1997a:17) som vertaling as kommunikatiewe handeling en die rol van die vertaler as volg op:

"When senders and receivers belong to different cultures, the situations can be so different that they need an intermediary who enables them to communicate across time and space. Translators enable communication to take place between

members of different culture communities. They bridge the gap between situations where differences in verbal and non-verbal behaviour, expectations, knowledge and perspectives are such that there is not enough common ground for the sender and receiver to communicate effectively by themselves".

Dit is die vertaler se verantwoordelikheid om, indien die opdraggewer die vertaler nie van 'n vertaalopdrag voorsien nie, 'n gedetailleerde vertaalopdrag vanaf die opdraggewer te eis. As kundige op die gebied van vertaling en ten einde lojaal te bly teenoor die doeltekslesers, behoort die vertaler egter nie net aan te dring op 'n vertaalopdrag nie, maar ook, ten einde lojaal te bly aan die doeltekslesers, op 'n billike sperdatum en 'n volledige redigeringsproses na afloop van die vertaling, want die vertaler is in die vertaahandeling die ekspert in interkulturele kommunikasie en is as sodanig primêr verantwoordelik vir die kwaliteit van vertaalde lektuur in die doelteksliteratuursisteem.

Literatuur

- Álvarez, R. & Vidal, C. Á. 1996. *Translation Power Subversion*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Baker, M. 1998. Norms. In: Baker, M. (red.). *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen en New York: Routledge.163-165.
- Bassnett, S. & Lefevere, A. 1990. *Translation, history and culture*. Londen en New York: Pinter Publishers.
- Bassnett, S. 2002. *Translation studies*. Londen: Routledge.
- Bedeker, L.M. 2004. Interferensie in die Afrikaanse Harry Potter. Ongepubliseerde Mphil-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Bedeker, L.M. & Feinauer, A.E. 2006. *The translator as cultural mediator*. <http://sabinet.library.ingentaconnect.com/content/nisc/ling/2006/00000024/00000002/art00001> (datum afgelaai: 6 Oktober 2006).
- Bloomsbury webtuiste [Intyds: 26 Maart 2008]. Beskikbaar by: <http://www.bloomsbury.com/>
- Bochner, S (red.). 1981. *The mediating person: Bridges between cultures*. Massachusetts: Schenkman Publishing Company.
- Brown, L. (red.). 1993. *The new shorter Oxford English dictionary on historical principles*. Oxford: Clarendon Press.
- Bruwer, D. 2005. Die Afrikaanse vertaling van eiename in Harry Potter: konsekwensies vir kultuuroordrag. Ongepubliseerde Mphil-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Burger, K. 2007. Pottertjie praat góú Afrikaans. *Rapport*. 16 Desember.

Carstens, W.A.M. 1997. *Afrikaanse tekslinguistiek: 'n Inleiding*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

Cascallana, B.G. 2006. Translating cultural intertextuality in children's literature. In: *Children's literature in translation: Challenges and strategies*. (reds.). Jan van Coillie en Walter P. Verschueren. Manchester: St. Jerome. 97-110.

Colbert, D. 2001. *The magical worlds of Harry Potter: A treasury of myths, legends and fascinating facts*. Londen: Puffin Books.

Davidson, A. 1999. *The Oxford companion to food*. Oxford: Oxford University Press.

Eccleshare, J. 2002. *A guide to the Harry Potter novels*. Londen: Continuum.

Encyclopaedia Britannica Online [Intyds 18 Augustus 2008]. Beskikbaar by:
<http://www.search.eb.com.ez.sun.ac.za/>

Even-Zohar, I. 1978/2000. The position of translated literature within the literary polysystem. In: Venuti, L. (red.). *The translation studies reader*. 2000. Londen: Routledge. 198-210.

Even-Zohar, I. 1990. *Polysystem studies*. Spesiale uitgawe van *Poetics Today* (11)1. Tel Aviv: Porter Institute for Poetics and Semiotics.

Frank, H.T. 2007. *Cultural encounters in translated children's literature: Images of Australia in French translation*. Manchester: St. Jerome.

Geldenhuis, K. 2005. *Harry Potter en die halfbloed prins*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Genette, G. 1997. *Paratexts: Thresholds of interpretation*. New York: Cambridge University Press.

Gentzler, E. & Tymoczko, M. 2002. (reds.). *Translation and power*. Boston: University of Massachusetts Press.

Ghesquiere, R. 2006. Why does children's literature need translations. In: Van Coillie, J. & Verschueren, W.P. (reds.). *Children's literature in translation: Challenges and strategies*. Manchester: St. Jerome. 19-33.

González-Casallana, B. 2006. Translating cultural intertextuality in children's literature. In: Van Coillie, J. & Verschueren, W.P. (reds.). *Children's literature in translation: Challenges and strategies*. Manchester: St. Jerome. 97-110.

Goodenough, W.H. 1981. *Culture, language and society*. Menlo Park Kalifornië: Benjamin Cummings.

Greeff, M. 2003a. Harry Potter net 'n herrie? *Lig/Kollig*. 25 Oktober.

Greeff, R. 2003b. Vuurslag-spoed! *Insig*. 30 September.

Hall, E.T. 1959. *The silent language*. New York: Doubleday & Company.

Hall, E.T. 1966. *The hidden dimension*. New York: Doubleday & Company.

Harry Potter around the World [Intyds: 3 Maart 2008]. Beskikbaar by: <http://www.education.wisc.edu/ccbc/books/rowling/europe.htm>.

Hatim, B. 2001. *Teaching and researching translation*. Londen: Pearson Education limited.

Hermans, T. (red.). 1985. *The manipulation of literature: studies in literary translation*. New York: St. Martin's Press.

Human & Rousseau Katalogus [Intyds: 27 Februarie 2008]. Beskikbaar by: <http://www.nb.co.za/index/php?action=advancedsearch&id=79>

Jentsch, N. 2002. The Ivory Tower and Harry Potter: Perspectives on a Literary Phenomenon. In Whited, L. (red.). *Harry Potter and the tower of Babel: Translating the magic*. Missouri: University of Missouri Press. 285-301.

Joosen, V. 2006. From Breaktime to Postcards: How Aidan Chambers goes (or does not go) Dutch. In Van Coillie, J. & Verschueren, W.P. (reds.). *Children's literature in translation: Challenges and strategies*. St. Jerome: Manchester. 61-78.

Jordaan, M. 2003a. Vyfde Potter-vertaling in Afrikaans dalk 1ste in wêreld. *Die Burger*. 26 Augustus.

Jordaan, M. 2003b. Potter-hulle praat weer Afrikaans. *Beeld*. 28 Oktober.

Katan, D. 2004. *Translating cultures: an introduction for translators, interpreters and mediators*. Manchester: St. Jerome.

Keyser, G. 2001. Pas op, boeke byt. *Die Burger*. 28 Maart.

Klingberg, G. 1986. *Children's fiction in the hands of translators*. Lund: Gleerup.

Lambert, J. & Van Gorp, H. 1985. On describing translations. In: T. Hermans (red.). *The manipulation of literature: Studies in literary translation*. New York: St Martin's. 42-53.

Lategan, A. 2008. E-posonderhoud. 12 Augustus 2008.

Lategan, L. 2000. Harry kikker vaal moggelbestaan op. *Die Volksblad*. 12 Junie.

Lathey, G. 2005. The travels of Harry: International marketing and the translation of J.K. Rowling's Harry Potter. *The Lion and the Unicorn* 29(2): 141-151.

Lefevere, A. 1985. Why waste our time on rewrites? The trouble with interpretation and the role of rewriting an alternative paradigm. In: Hermans, T. (red.). *The manipulation of literature*. New York: St. Martin's Press. 215-242.

Lefevere, A. 1982/2000. Mother Courage's cucumbers: Text, system and refraction in a theory of literature. In: Venuti, L. (red.). *The translation studies reader*. Londen: Routledge. 233-249.

Lefevere, A. 1992a. *Translating literature: Practice and theory in a comparative literature context*. New York: The Modern Language Association of America.

Lefevere, A. 1992b. *Translating, rewriting & the manipulation of literary fame*. Londen: Routledge.

Le Roux, M. 2000. Afrikaanse 'Potter' is 'n welkome oplewing. *Die Burger*. 10 Mei.

Malan, P. 2000. Kopers nuuskierig oor Harry Potter-boeke ná debat. *Beeld*. 17 November.

McLaren, Margaret C. 1998. *Interpreting cultural differences: The challenge of intercultural communication*. Groot-Brittanje: Peter Francis Publishers.

McLeod, B. 1981. The mediating person and cultural identity. In: Bochner, S. (red.). *The mediating person: Bridges between cultures*. Massachusetts: Schenkman Publishing Company.

Meet Author J.K. Rowling [Intyds: 28 Maart 2008]. Beskikbaar by: <http://www.scholastic.com/harrypotter/books/author/>

Munday, J. 2001. *Introducing translation studies: Theories and applications*. Londen en New York: Routledge.

Nord, C. 1991. *Text analysis in translation: Theory, methodology, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Amsterdam: Rodopi.

Nord, C. 1997a. *Translating as a purposeful activity: Functionalist approaches explained*. Manchester: St. Jerome.

Nord, C. 1997b. A functional typology of translations. In: A. Trosborg (red.). *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins.

- Nord, C. 2001. Loyalty revisited: Bible translation as a case in point. *The translator*. (7)(2):185-202: St Jerome.
- Oittinen, R. 2000. *Translating for children*. New York en Londen: Garland Publishing Inc.
- Oosthuysen, J. 2001. *Harry Potter en die beker vol vuur*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Pharos: Afrikaans-Engels, English-Afrikaans. 2005. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- Roodt, J. 2007. When you can't just use a Quick-Quotes Quill: The strategies and pitfalls of translating Harry Potter novels into Afrikaans. Ongepubliseerde werkstuk. Stellenbosch: Nagraadse Diploma in vertaling.
- Rose, C. 1998. *Spirits, fairies, gnomes and goblins: An encyclopedia of little people*. Santa Barbara, Kalifornië: ABC-Clio.
- Rowling, J.K. 2000. *Harry Potter and the goblet of fire*. Londen: Bloomsbury.
- Rowling, J.K. 2005. *Harry Potter and the half-blood prince*. Londen: Bloomsbury.
- Schafer, E.D. 2000. *Exploring Harry Potter*. Osprey, FL: Beacham Publishing Corp.
- Schäffner, C (red.). 2000. *Translation in the global village*. Clevedon, VSA: Multilingual Matters.
- Shuttleworth, M. & Cowie, M. 1997. *Dictionary of translation studies*. Manchester: St Jerome.
- Shuttleworth, M. 1998. Polysystem theory. In: Baker, M. (red.). *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen en New York: Routledge. 176-179.
- Snell-Hornby, M. 1988. *Translation studies: An integrated approach*. Amsterdam: Benjamins.

Snell-Hornby, M. 2006. *The turns of translation studies: New paradigms or shifting viewpoints?* Philadelphia: John Benjamins.

Star. 2003. Phenomenal! 220 Harry Potter books sold each minute. 23 Junie.

Star. 2003 Harry's spell over adult muggles. 26 Junie.

Taft, R. 1981. The role and personality of the mediator. In: Bochner, S (red.). *The mediating person: Bridges between cultures*. Massachusetts: Schenkman Publishing Company.

Toury, G. 1985. A rationale for descriptive translation studies. In: Hermans, T. (red.). *The manipulation of literature*. VSA: St. Martin's Press. 16-38.

Toury, G. 1995. *Descriptive translation studies and beyond*. Amsterdam: Benjamins.

Toury, G. 1978/2000. The nature and role of norms in translation. In: Venuti, L. (red.). *The translation studies reader*. 2000. Londen: Routledge. 198-210.

Van Coillie, J. Character names in translation. In: Van Coillie, J. & Verschueren, W.P. (reds.). 2006. *Children's literature in translation: challenges and strategies*. Manchester: St. Jerome. 123-139.


Van Coillie, J. & Verschueren, W.P. (reds.). 2006. *Children's literature in translation: Challenges and strategies*. Manchester: St. Jerome.

Van Leuven-Zwart, K. 1992. *Vertaalwetenschap: Ontwikkelingen en perspectieven*. Muiderberg: Dick Coutinho.


Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility: A history of translation*. Londen: Routledge.

Venuti, L. 2000. Translation, community, utopia. In: Venuti, L. (red.). *The translation studies reader*. Londen: Routledge. 468-488.


Bylaag A: *Harry Potter and the goblet of fire* (HPB1)



Bylaag B: *Harry Potter en die beker vol vuur* (HPD1)



Bylaag C: *Harry Potter and the half-blood prince* (HPB2)



Bylaag D: *Harry Potter en die halfbloed prins* (HPD2)

